

Tydskrifvertalers as kulturele bemiddelaars: enkele gevallestudies in Suid-Afrika

Hilette Geldenhuys

**Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes
vir die graad van Magister Philosophiae (Vertaling) aan die
Universiteit van Stellenbosch**



Studieleier: Prof. A.E. Feinauer

Maart 2009

Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: 26 Januarie 2009

Opsomming

In hierdie studie word die rol wat kultuur in tydskrifvertaling in Suid-Afrika speel, onder die loep geneem. Hierdie ondersoek word gedoen teen die agtergrond van die 'kulturele wending' wat in die tagtigerjare in die vertaalstudie plaasgevind het. Die kulturele wending het ontstaan omdat kultuur deesdae beskou word as een van die belangrikste elemente van vertaling. Daarom moet die kultuur van die doeltaallesers in ag geneem word tydens die vertaalproses. Die kulturele wending staan op twee bene, naamlik beskrywende vertaalstudie en die funksionalistiese benadering. Die kernelement van beskrywende vertaalstudie is 'norme'. In hierdie studie word die norme van Toury en Chesterman op 'n teoretiese vlak ondersoek waarna dit op tydskrifvertaling van toepassing gemaak word. Aan die hand van 'n praktiese ondersoek het dit duidelik geblyk dat hierdie norme 'n onmisbare rol speel in die produksie van vertaalde tydskrifte. Een van die belangrikste aspekte van die funksionalistiese benadering is die invloed wat die onderskeie rolspelers in die vertaalproses op doelt tekste het. In hierdie studie val die klem op die rol wat die inisieerders, vertalers en lesers speel in die produksie van vertaalde tydskrifte. Die inisieerders is verantwoordelik vir die keuse van tekste wat vertaal en geplaas moet word. Hulle verskaf ook voorskrifte aan vertalers waarvolgens tekste vertaal moet word. Wat die vertalers betref, het dit aan die lig gekom dat die 'ideale' tydskrifvertaler goeie taalkennis, kultuurkennis en naslaanvaardighede moet hê, asook 'n 'etiese kode' waarvolgens hy/sy te werk gaan. Die lesers van vertaalde tydskrifte het 'n geweldige belangrike invloed op die produksie van sodanige tydskrifte. Hulle speel 'n rol in die keuse van artikels, rubrieke, advertensies, ensovoorts wat 'n tydskrif verskyn, asook in die mikrovlakkeuses wat vertalers maak.

Summary

In this study the role of culture in magazine translation in South Africa is investigated. This research is done against the backdrop of the 'cultural turn' in translation studies that started in the 1980's. Culture is now regarded as one of the most important elements in translation and therefore the culture of the target text readers should be taken into account during the translation process. The cultural turn consists of two main elements, namely descriptive translation studies and the functionalist approach. The core element of descriptive translation studies is 'norms'. In this study the norms of Toury and Chesterman are discussed in a literature study and then they are applied to magazine translation. In the light of a practical investigation it became clear that these norms play a vital role in the production of translated magazines. One of the most important aspects of the functionalist approach is the way in which the various role players in the translation process influence target texts. This study focuses on the role that initiators, translators and readers play in the production of translated magazines. Initiators are responsible for choosing texts to be translated. They also provide translators with guidelines for the translation process. It became evident that 'ideal' magazine translators should have sound language skills, cultural knowledge and research skills. They should also have an 'ethical code' according to which they translate. The readers of translated magazines have a huge influence on the production of such magazines. They play an important role in the choice of articles, advertisements, *et cetera* that appear in magazines. They also influence translators' choices on micro level.

Bedankings

Ek wil graag dankie sê aan die volgende:

My hemelse Vader sonder wie ek tot niks in staat is nie.

My ouers, Andries en Linette Geldenhuys, vir al hulle opofferings en ondersteuning deur die jare.

Basson, vir al sy liefde en ondersteuning. Dankie dat jy in my glo.

Prof. Ilse Feinauer, my studieleier, vir al haar raad, hulp en leiding, asook vir die finansiële ondersteuning van die NNS.

Almal by Media24 wat my op een of ander manier gehelp het.

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

Hoofstuk 1:

INLEIDING	1
1.1 Inleiding	1
1.2 Hipotese en navorsingsvrae	6
1.3 Metodologie	6
1.4 Teoretiese basis	7
1.5 Hoofstukuiteensetting	8

Hoofstuk 2:

DIE KULTURELE WENDING IN VERTALING	9
2.1 Inleiding	9
2.2 Wat is kultuur?	10
2.3 Vertaling as interkulturele kommunikasie	14
2.4 Beskrywende vertaalstudie (BVS)	18
2.4.1 Agtergrond	18
2.4.2 Norme	23
2.4.2.1 Algemene inligting	23
2.4.2.2 Norme en gedrag	25
2.4.2.3 Norme is kultuurspesifiek	26
2.4.2.4 Norme kan verontagsaam word	27
2.4.2.5 Norme kan verander	27
2.4.2.6 Norm-teoretici	28
2.4.3 Toury se norme	28
2.4.3.1 Voorbereidingsnorme	29
2.4.3.1.1 Vertaalbeleid	29
2.4.3.1.2 Vertaling vanaf die BTT of nie	29
2.4.3.2 Die aanvangsnorm	30
2.4.3.3 Operatiewe norme	32
2.4.3.3.1 Matriksnorme	32

2.4.3.3.2	Tekslinguistiese norme _____	33
2.4.3.4	Samevatting van Toury se norme _____	33
2.4.4	Chesterman se norme _____	33
2.4.4.1	Verwagtingsnorme _____	34
2.4.4.2	Professionele norme _____	36
2.4.4.2.1	Die verantwoordelikhednorm _____	37
2.4.4.2.2	Die kommunikasienorm _____	38
2.4.4.2.3	Die verhoudingsnorm _____	39
2.4.4.3	Samevatting van Chesterman se norme _____	39
2.4.5	Herskrywing en manipulasie _____	40
2.4.5.1	Beperkings _____	41
2.4.5.1.1	Patronaat _____	42
2.4.5.1.2	Ideologie _____	43
2.4.5.1.3	Linguistiese beperkings van die DT _____	45
2.4.5.1.4	Poëtika _____	45
2.4.5.1.5	Universele diskoers _____	46
2.4.5.2	Kultuurspesifieke uitings _____	47
2.4.5.3	Vertaalstrategieë _____	48
2.4.5.3.1	Aanpassing (“adaptation”) _____	48
2.4.5.3.2	Byvoeging (“addition”) _____	49
2.4.5.3.3	Weglating (“deletion”) _____	50
2.4.5.4	Samevatting van herskrywing en manipulasie _____	52
2.5	Die funksionalistiese benadering (die skoposteorie) _____	52
2.5.1	Agtergrond _____	53
2.5.2	Die onttroning van ekwivalensie _____	55
2.5.3	Rolspelers in die vertaalproses _____	58
2.5.3.1	Inisieerder _____	58
2.5.3.1.1	Vertaalopdrag _____	59
2.5.3.2	Vertaler _____	60
2.5.4	Lojaliteit _____	63
2.5.5	Samevatting van die funksionalistiese benadering _____	65
2.6	Afsluiting _____	66

Hoofstuk 3:

DIE ROLSPELERS IN DIE VERTAALPROSES	67
3.1 Inleiding	67
3.2 Rolspelers in die vertaalproses	67
3.2.1 Inisieerders	69
3.2.1.1 Vertaalopdrag	69
3.2.1.1.1 <i>Huisgenoot, You en Drum</i>	69
3.2.1.1.2 <i>Tuis en Home</i>	70
3.2.1.1.3 <i>Weg en Go!</i>	70
3.2.1.2 Samevatting van die inisieerders	70
3.2.2 Vertalers	71
3.2.2.1 <i>Huisgenoot, You en Drum</i>	71
3.2.2.2 <i>Tuis en Home</i>	71
3.2.2.3 <i>Weg en Go!</i>	71
3.2.2.4 Die 'ideale' tydskrifvertaler	72
3.2.2.4.1 Taalkennis	72
3.2.2.4.2 Kultuurkennis	73
3.2.2.4.3 Naslaanvaardighede	75
3.2.2.4.4 Die ideologie van vertalers	75
3.2.2.4.5 Etiese aspekte	75
3.2.2.4.6 Samevatting van die 'ideale' tydskrifvertaler	76
3.3 Lesers	77
3.3.1 <i>Huisgenoot, You en Drum</i>	77
3.3.1.1 Geslag	78
3.3.1.2 Ouderdom	78
3.3.1.3 Ras	79
3.3.1.4 Moedertaal	80
3.3.1.5 Opvoedingspeil	81
3.3.1.6 Maandelikse huishoudingsinkomste	82
3.3.1.7 Lewenstandaardmaatstaf	82
3.3.1.8 Werkstatus	84
3.3.1.9 Woongebied	85
3.3.1.10 Opsomming van die <i>Huisgenoot</i> -, <i>You</i> - en <i>Drum</i> -lesers	85
3.3.2 <i>Tuis en Home</i>	86

3.3.2.1	Geslag _____	87
3.3.2.2	Ouderdom _____	87
3.3.2.3	Ras _____	88
3.3.2.4	Opvoedingspeil _____	89
3.3.2.5	LSM _____	89
3.3.2.6	Huwelikstatus _____	90
3.3.2.7	Woongebied _____	90
3.3.2.8	Opsomming van die <i>Tuis-</i> en <i>Home-</i> lesers _____	91
3.3.3	<i>Weg en Go!</i> _____	92
3.3.3.1	Geslag _____	92
3.3.3.2	Ouderdom _____	93
3.3.3.3	Ras _____	93
3.3.3.4	Moedertaal _____	94
3.3.3.5	Opvoedingspeil _____	94
3.3.3.6	Maandelikse huishoudingsinkomste _____	95
3.3.3.7	LSM _____	96
3.3.3.8	Werkstatus _____	97
3.3.3.9	Woongebied _____	98
3.3.3.10	Opsomming van die <i>Weg-</i> en <i>Go!</i> -lesers _____	98
3.3.4	Samevatting van die lesers van <i>Huisgenoot</i> , <i>You en Drum</i> , <i>Tuis</i> en <i>Home</i> , asook <i>Weg en Go!</i> _____	99
3.4	Inhoudskeuses as gevolg van die lesers _____	100
3.4.1	<i>Huisgenoot</i> , <i>You en Drum</i> _____	100
3.4.1.1	Artikels _____	101
3.4.1.1.1	Artikels wat in <i>Huisgenoot</i> én <i>You</i> verskyn _____	101
3.4.1.1.2	'n Artikel wat slegs in <i>Huisgenoot</i> verskyn _____	102
3.4.1.1.3	Artikels wat slegs in <i>You</i> verskyn _____	102
3.4.1.1.4	Artikels wat slegs in <i>Drum</i> verskyn _____	102
3.4.1.1.5	Artikels wat in <i>Huisgenoot</i> , <i>You</i> én <i>Drum</i> verskyn _____	103
3.4.1.2	Rubrieke _____	103
3.4.1.2.1	Rubrieke wat slegs in <i>Huisgenoot</i> en <i>You</i> verskyn _____	103
3.4.1.2.2	Rubrieke wat in <i>Huisgenoot</i> , <i>You</i> én <i>Drum</i> verskyn _____	104
3.4.1.2.3	'n Rubriek wat in <i>Huisgenoot</i> én <i>Drum</i> verskyn _____	107
3.4.1.2.4	Rubrieke wat slegs in <i>Huisgenoot</i> óf <i>You</i> óf <i>Drum</i> verskyn _____	108

3.4.1.3	Advertensies _____	109
3.4.1.4	Promosie-artikels _____	110
3.4.1.5	Ander verskille _____	111
3.4.2	<i>Tuis en Home</i> _____	113
3.4.3	<i>Weg en Go!</i> _____	114
3.4.4	Gevolgtrekkings _____	116
3.5	Samevatting _____	116

Hoofstuk 4:

	TOURY EN CHESTERMAN SE NORME IN DIE PRAKTYK _____	118
4.1	Inleiding _____	118
4.2	Toury se norme _____	118
4.2.1	Vorbereidingsnorme _____	118
4.2.1.1	Vertaalbeleid _____	119
4.2.1.1.1	<i>Huisgenoot, You en Drum</i> _____	119
4.2.1.1.2	<i>Tuis en Home</i> _____	122
4.2.1.1.3	<i>Weg en Go!</i> _____	122
4.2.1.2	Vertaling vanaf die BTT of nie _____	122
4.2.1.2.1	<i>Huisgenoot, You en Drum</i> _____	123
4.2.1.2.2	<i>Tuis en Home</i> _____	123
4.2.1.2.3	<i>Weg en Go!</i> _____	123
4.2.2	Die aanvangsnorm _____	123
4.2.2.1	<i>Huisgenoot, You en Drum</i> _____	124
4.2.2.2	<i>Tuis en Home</i> _____	124
4.2.2.3	<i>Weg en Go!</i> _____	124
4.2.3	Operatiewe norme _____	124
4.2.3.1	“Sterreweek” (<i>Huisgenoot</i>) en “Your stars” (<i>You en Drum</i>) – 23 Augustus 2007 _____	125
4.2.3.1.1	Figuurlike én niefiguurlike uitings in <i>You</i> wat in <i>Huisgenoot</i> as figuurlike uitings vertaal word _____	126
4.2.3.1.2	Figuurlike uitings in <i>You</i> wat in <i>Huisgenoot</i> as niefiguurlike uitings vertaal word _____	127
4.2.3.1.3	Dele wat uit <i>You</i> weggelaat word in <i>Huisgenoot</i> _____	127
4.2.3.1.4	Dele wat by die <i>You</i> -teks gevoeg word in <i>Huisgenoot</i> _____	128

4.2.3.1.5	Aanpassings of omskrywings in <i>Huisgenoot</i> _____	128
4.2.3.1.6	Die vereenvoudiging van die <i>Drum</i> -teks _____	130
4.2.3.1.7	Dele wat uit <i>You</i> weggelaat word in <i>Drum</i> _____	131
4.2.3.1.8	Dele wat by die <i>You</i> -teks gevoeg word in <i>Drum</i> _____	132
4.2.3.1.9	Leestekens in <i>Drum</i> wat verskil van dié in <i>You</i> _____	132
4.2.3.1.10	Ander verskille tussen <i>You</i> en <i>Drum</i> _____	133
4.2.3.2	“Veilig by die OTM” (<i>Huisgenoot</i>), “Be safe at the ATM” (<i>You</i>) en “ATM scams” (<i>Drum</i>) – 31 Januarie 2008 _____	134
4.2.3.2.1	Dele wat by die <i>Huisgenoot</i> -teks gevoeg word in <i>You</i> _____	135
4.2.3.2.2	Dele wat uit <i>Huisgenoot</i> weggelaat word in <i>You</i> _____	135
4.2.3.2.3	Niefiguurlike uitings in <i>Huisgenoot</i> wat in <i>You</i> as figuurlike uitings vertaal word _____	136
4.2.3.2.4	'n Figuurlike uiting in <i>Huisgenoot</i> wat in <i>You</i> as 'n niefiguurlike uiting vertaal word _____	136
4.2.3.2.5	Die aantal paragrawe in <i>Huisgenoot</i> en <i>You</i> _____	137
4.2.3.2.6	Dele wat by die <i>You</i> -teks gevoeg word in <i>Drum</i> _____	137
4.2.3.2.7	Herskrywings en omskrywings in <i>Drum</i> _____	138
4.2.3.2.8	Eenvoudiger leestekens in <i>Drum</i> _____	139
4.2.3.2.9	Ander verskille tussen <i>Huisgenoot</i> , <i>You</i> en <i>Drum</i> _____	139
4.2.3.3	Redakteursbrief van <i>Tuis</i> en <i>Home</i> – Oktober 2007 _____	140
4.2.3.3.1	Dele van <i>Tuis</i> wat ‘vry’ vertaal word in <i>Home</i> _____	140
4.2.3.3.2	Figuurlike uitings in <i>Tuis</i> wat in <i>Home</i> as figuurlike uitings vertaal word _____	141
4.2.3.3.3	Figuurlike uitings in <i>Tuis</i> wat in <i>Home</i> as niefiguurlike uitings vertaal word _____	141
4.2.3.3.4	'n Niefiguurlike uiting in <i>Tuis</i> wat in <i>Home</i> as 'n figuurlike uiting vertaal word _____	142
4.2.3.3.5	Dele wat uit <i>Tuis</i> weggelaat word in <i>Home</i> _____	142
4.2.3.3.6	Die aantal paragrawe in <i>Tuis</i> en <i>Home</i> _____	142
4.2.3.4	“A mouthful of dung” (<i>Go!</i>) en “Ek tree aan vir 'n potjie verspoeg” (<i>Weg</i>) – Oktober 2007 _____	143
4.2.3.4.1	Grafika _____	143
4.2.3.4.2	Die aantal paragrawe in <i>Weg</i> en <i>Go!</i> _____	143
4.2.3.4.3	Meer direkte rede in <i>Weg</i> _____	144

4.2.3.4.4	Die gebruik van Afrikaans in <i>Go!</i> en Engels in <i>Weg</i> _____	144
4.2.3.4.5	Niefiguurlike uitings in <i>Go!</i> wat in <i>Weg</i> as figuurlike uitings vertaal word _____	144
4.2.3.4.6	Dele wat uit <i>Go!</i> weggelaat word in <i>Weg</i> _____	145
4.2.3.4.7	Dele wat by die <i>Go!</i> -teks gevoeg word in <i>Weg</i> _____	145
4.2.3.4.8	Aanpassings en herskrywings in <i>Weg</i> _____	146
4.2.3.5	Gevolgtrekkings oor die operatiewe norme _____	147
4.2.4	Samevatting _____	148
4.3	Chesterman se norme _____	148
4.3.1	Verwagtingsnorme _____	149
4.3.2	Professionele norme _____	150
4.3.2.1	Die verantwoordelikhednorm _____	150
4.3.2.2	Die kommunikasienorm _____	150
4.3.2.3	Die verhoudingsnorm _____	151
4.4	Samevatting _____	151

Hoofstuk 5:

	GEVOLGTREKKING _____	153
5.1	Samevatting _____	153
5.2	Verdere navorsingsmoontlikhede _____	155
	BRONNELYS _____	156

BYLAE 1: OUTsurance-advertensies

<i>Huisgenoot</i> _____	168
<i>You</i> _____	169
<i>Drum</i> _____	170

BYLAE 2: "Your stars" (<i>You</i>) _____	171
"Sterreweek" (<i>Huisgenoot</i>) _____	172

BYLAE 3:	Figuurlike én niefiguurlike uitings in “Your stars” (<i>You</i>) wat in “Sterreweek” (<i>Huisgenoot</i>) as figuurlike uitings vertaal word _____	173
BYLAE 4:	“Your stars” (<i>You</i>) _____	174
	“Your stars” (<i>Drum</i>) _____	175
BYLAE 5:	“Veilig by die OTM” (<i>Huisgenoot</i>) _____	176
	“Be safe at the ATM” (<i>You</i>) _____	177
BYLAE 6:	“Be safe at the ATM” (<i>You</i>) _____	178
	“ATM scams” (<i>Drum</i>) _____	179
BYLAE 7:	Redakteursbrief (<i>Tuis</i>) – Oktober 2007 _____	180
	Redakteursbrief (<i>Home</i>) – Oktober 2007 _____	181
BYLAE 8:	“A mouthful of dung” (<i>Go!</i>) _____	182
	“Ek tree aan vir ’n potjie verspoeg” (<i>Weg</i>) _____	184

HOOFSTUK 1

INLEIDING

Translations are never produced in an airlock [...]. Rather, translations are made to respond to the demands of a culture, and of various groups within that culture. This is probably never more clearly in evidence than when two cultures live together within the borders of one state.

~ Bassnett en Lefevere 1990:7

1.1 Inleiding

In die studie wat volg, word die verskynsel van tydskrifvertaling in Suid-Afrika ondersoek. Die klem val op die rol wat kultuur speel in die skep van *Huisgenoot*, *You*, en die Engelse *Drum*, *Tuis* en *Home*, asook *Weg* en *Go!*. Die norme wat betrokke is by die vertaling van hierdie tydskrifpare word geïdentifiseer en bespreek. Daar word ook gekyk na die aspekte wat daartoe bydra dat die doelteks (DTT) aangepas moet word om kultuurverskille tussen die brontaallesers (BTL's) en doeltaallesers (DTL's) te oorbrug. Daar word egter nie net op vertaalde tekste gefokus nie. In die geval van *You* en *Drum* word tekste wat in *You* verskyn dikwels aangepas vir *Drum*, en andersom.

Die vertaling van tydskrifte in Suid-Afrika is 'n verskynsel wat in die vroeë tagtigerjare na vore gekom het. Die *Landbouweekblad* het die Engelse mark eerste betree met 'n maandblad, *Farming Digest*, wat in 1980 uitgegee is. Vir dié blad is 'n aantal berigte uit vorige *Landbouweekblaaie* gekies en vertaal. *Farming Digest* het egter net tot Desember 1982 verskyn (Spies 1992b:424-425). In 1987 is begin met die vertaling van *Huisgenoot* in Engels. Dié Engelse tydskrif het as *You* bekendgestaan. Dit was die eerste keer dat 'n Engelse weergawe van 'n Afrikaanse tydskrif geskep is (Venter 2008 – Gautengse redakteur van *Huisgenoot* en *You*; Mostert 2008b –

navorsingsbestuurder van Media24). Sedertdien het tydskrifvertaling van 'n verskeidenheid uitgewers in Suid-Afrika 'n bloeityd beleef, onder andere *Avokado* en *Avocado*, *Finweek*, *Huisgenoot*, *You* en *Drum*, *Idees* en *Ideas*, *Longevity*, *Mense* en *People*, *Skottel* en *Dish*, *Sports Illustrated*, *Tuinier* en *Gardener*, *Tuis* en *Home*, *TVPlus*, *Weg* en *Go!*, en *Wegry* en *Drive Out*. Genoemde tydskrifte het almal 'n Afrikaanse én Engelse uitgawe wat gelyktydig verskyn.

Soos reeds genoem, val die klem in hierdie studie op *Huisgenoot*, *You*, en die Engelse *Drum*, *Tuis* en *Home*, asook *Weg* en *Go!* wat almal deur Media24 uitgegee word. Daar is besluit om op *Huisgenoot*, *You* en *Drum* te fokus, omdat die profiel van die lesers van dié drie tydskrifte heelwat verskil. Gevolglik kan die rol wat kultuur speel in die skep van hierdie tydskrifte, ondersoek word. *Tuis* en *Home* en *Weg* en *Go!* is vir hierdie studie gekies, omdat die fokus van dié tydskrifpare uiteenlopend is: *Tuis* en *Home* is dekortydskrifte en *Weg* en *Go!* is reistydskrifte. Die profiel van *Tuis* en *Home* se lesers stem grotendeels ooreen. Soortgelyk is die profiel van *Weg* en *Go!* se lesers min of meer dieselfde. Met die vergelyking van hierdie tydskrifpare word dit duidelik dat die inhoud daarvan feitlik dieselfde is, juis omdat die lesers van dié pare só ooreenstem. Vervolgens word die agtergrond van die tydskrifte onder bespreking geskets.

Huisgenoot is in Mei 1916 gestig (Fastmoving 2008) en het oor die jare groot veranderings ondergaan ten opsigte van inhoud, styl en voorkoms. In die tagtigerjare het die sirkulasiesyfer gegroei tot meer as 500 000 kopieë wat wekliks verkoop is. Dié rekord is gehandhaaf (Spies 1992a:366). *Huisgenoot* het in daardie stadium 'n groot persentasie Engelse lesers gehad, aangesien daar nie 'n soortgelyke Engelse tydskrif op die mark was nie (Mostert 2008a). Marknavorsing het getoon dat daar ruimte was vir 'n Engelse tydskrif soos *Huisgenoot* (Spies 1992b:422), en daar is besluit om *You* uit te gee, wat vir die eerste keer in September 1987 verskyn het (Mostert 2008a). Dié tydskrif het van meet af aan dieselfde voorkoms en formaat as *Huisgenoot* gehad, met die meeste van die inhoud wat in Engels vertaal is. 'n Aantal "ondergeskikte aanpassings" is egter gemaak om "voorsiening te maak vir

subtiële kultuurverskille”. Die foto’s op *Huisgenoot* en *You* se voorblaaie, byvoorbeeld, het elke week verskil (Spies 1992b:422).

Na drie jaar het *You* gegroei tot die grootste Engelse tydskrif in Suid-Afrika. Daar het ‘tweerigtingverkeer’ tussen *Huisgenoot* en *You* ontstaan waarvolgens artikels oor en weer uitgeruil is. Dit het selde gebeur dat ’n artikel weens politieke of kultuurverwante redes afgekeur is. Artikels is eerder ‘geskaaf’ en verwerk tot dit geskik was vir die betrokke tydskrif. *Huisgenoot* se Afrikaanse rubrieke is aanvanklik in Engels vertaal vir *You*. Daar is egter begin om Engelse rubrieke te skep en dit in Afrikaans te vertaal vir *Huisgenoot*. Die Jongspanrubriek, byvoorbeeld, was oorspronklik in Engels. Verder het *Huisgenoot* en *You* elk ’n eie fiksie, briewe-, humor- en raadgeerubriek gehad. Dié tydskrifte het dus, ten spyte van hulle ooreenstemmende inhoud, ’n eiesoortige karakter nagestreef (Spies 1992b:422-424).

Die gemiddelde sirkulasiesyfer vir *Huisgenoot* en *You* vir Julie tot Desember 1994 was onderskeidelik 517 672 en 291 451 (Media24-webblad 2007). Albei tydskrifte het oor die jare ’n afname in sirkulasie getoon. Die gemiddelde syfer vir Oktober tot Desember 2007 was onderskeidelik 332 306 en 205 719 (Behr 2008a – eindredakteur van *Huisgenoot*). Van Desember 1994 tot Desember 2007 het *Huisgenoot* se sirkulasie dus met 35,8% en *You* s’n met 29,4% gedaal. Volgens Mostert kan die daling in *Huisgenoot* se sirkulasie toegeskryf word daaraan dat baie Afrikaanssprekendes Engelse tydskrifte lees en omdat daar deesdae ’n groter verskeidenheid tydskrifte (Afrikaans én Engels) beskikbaar is as ’n dekade gelede. Na 90 jaar is *Huisgenoot* steeds die grootste verkoper in Suid-Afrika, met byna 2 miljoen lesers elke week. Die afname in *You* se sirkulasie is te wyte daaraan dat daar die afgelope dekade ’n ontploffing van nuwe Engelse tydskrifte was. *You* is steeds die land se tweede grootste verkoper met net onder 2 miljoen lesers elke week (Mostert 2008a; Fastmoving 2008).

Huisgenoot en *You* het in die tagtigerjare ’n sustertydskrif, *Drum*, gekry. *Drum* het die eerste keer in Maart 1951 verskyn as *The African Drum* (Mostert

2008c). Dit was aanvanklik 'n tydskrif déúr Afrikane vír Afrikane (Spies 1992c:430) en daar is meestal artikels oor swart mense gepubliseer (Mostert 2008c). Dié tydskrif kan beskou word as die pionier vir swart joernalisme in Afrika (Fastmoving 2008). Nadat *Drum* in 1983 deur die Nasionale Pers oorgeneem is, is daar besluit dat dié tydskrif 'n nuwe identiteit moes kry (Spies 1992c:433; Mostert 2008c). Daar is besef dat *Drum* die ideale platform sou wees waardeur swart Suid-Afrikaanse gesinne bereik kon word met inhoud soortgelyk aan dié van *Huisgenoot* en *You*. Aanpassings ten opsigte van kultuur- en gewoonteverseker sou gemaak word (Mostert 2008a).

Sedert *Drum* deur die Nasionale Pers oorgeneem is, het die sirkulasiesyfer oor die jare afgeneem. In Junie 2005 is navorsing gedoen om die behoeftes van swart Suid-Afrikaanse gesinne te bepaal. Daar is toe besluit om *Huisgenoot*, *You* en *Drum* saam te bemark omdat hulle dieselfde tipe teikenleser in verskillende demografiese groepe bedien. Sedertdien het *Drum* se sirkulasie sterk gegroei (Mostert 2008a). Die gemiddelde sirkulasiesyfer vir Oktober tot Desember 2006 was 79 895. Dit het teen Desember 2007 tot 100 728 gestyg. Daar was dus 'n styging van 26,1% van Desember 2006 tot Desember 2007 (Behr 2008a).

Die inhoud van *Drum*, met ander woorde die artikels, rubrieke, advertensies, ensovoorts wat in *Drum* verskyn, verskil heelwat van dié in *Huisgenoot* en *You*. Dit kan toegeskryf word aan die groot verskille tussen die lesers van *Drum*, aan die een kant, en die lesers van *Huisgenoot* en *You*, aan die ander kant. *Drum* se lesers is hoofsaaklik swart persone. Die inhoud van dié tydskrif word dus op 'n swart mark gerig. In enkele gevalle word artikels, rubrieke en advertensies van *Huisgenoot* of *You* na *Drum* oorgedra, en andersom.

Huisgenoot, *You* en *Drum* het dieselfde redakteur. *Huisgenoot* het 79 redaksielede en *You* 85. Dié twee tydskrifte het 59 redaksielede wat ooreenstem. *Drum* se redaksie verskil egter heelwat van dié van haar susters. Afgesien van die redakteur is daar slegs drie redaksielede wat ooreenstem met dié van *Huisgenoot* en vyf met dié van *You*. *Drum* het slegs 35

redaksieledede. Die navorser het die aantal redaksieledede van elke tydskrif fisies getel.

Tuis en *Home* is 'n baie meer onlangse tydskrif as *Huisgenoot*, *You* en *Drum*. In Junie 2004 was *Tuis* vir die eerste keer op die rakke (Blaise 2007 – redakteur van *Tuis* en *Home*). Ongeveer 43 000 kopieë van die eerste uitgawe is verkoop. As gevolg van 'n reuseselers- en adverteerdersaanvraag is daar besluit om 'n Engelse weergawe genaamd *Home*, te skep. Die eerste uitgawe van *Home* het in April 2005 verskyn (Blaise 2008a). Die ABC-syfers dui aan dat die gesamentlike sirkulasie effens afgeneem het tussen Desember 2006 en Desember 2007, van 85 848 tot 82 727. Dit is 'n daling van 3,6% (Behr 2008a). Daar is egter bepaal dat die totale leserstal 368 000 per maand is. Hiervan lees ongeveer 165 000 mense *Tuis* en 219 000 mense *Home* (Groenewald 2007 – web- en kommunikasiebestuurder van *Tuis*). Al is die leserstal van *Home* hoër as dié van *Tuis*, verkoop daar ongeveer die helfte meer kopieë van *Tuis*: In Februarie 2008 het 53 336 kopieë van *Tuis* en 28 173 van *Home* verkoop (Blaise 2008a).

Tuis en *Home* se redaksiespanne stem grotendeels ooreen. Al verskil is dat dié tydskrifte elk hulle eie eindredakteur en teksredakteur het.

Weg en *Go!* het min of meer dieselfde tyd as *Tuis* en *Home* ontstaan. *Weg* het vir die eerste keer in April 2004 onder die titel *Wegbreek* verskyn. Dit is aanvanklik tweemaandeliks uitgegee tot Desember 2004 waarna dit elke maand uitgegee is. Sedert April 2005 het dié tydskrif as *Weg* bekendgestaan (Van Wyk 2008 – assistentredakteur van *Weg*; Booyens 2008 – redakteur van *Weg* en *Go!*). Daar is besluit om 'n Engelse weergawe van *Weg* te skep om die mark te toets. Vervolgens het *Go!*, die Engelse ekwivalent, in Julie 2006 verskyn (Van Wyk 2008). Volgens die ABC-syfers het die sirkulasie van *Weg* en *Go!* (gesamentlik) afgeneem tussen Desember 2006 en Desember 2007, van 114 169 tot 99 708. Dit is 'n daling van 12,7% (Behr 2008a).

Weg en *Go!* het dieselfde redakteur. Hierdie tydskrifte het egter elk hulle eie assistentredakteur, inhoudsredakteur, reisredakteur en teksredakteurs.

Sommige joernaliste skryf slegs vir *Weg* en ander slegs vir *Go!*. Verder stem die redaksiespanne van dié tydskrifte ooreen.

1.2 Hipotese en navorsingsvrae

Die hipotese vir hierdie studie is soos volg: Kultuur speel 'n rol in die saamstel van *Huisgenoot*, *You*, en *Drum*, *Tuis* en *Home*, asook *Weg* en *Go!*. Die lesers van hierdie tydskrifte beïnvloed aspekte soos die keuse van inhoud, asook die wyse waarop tekste vertaal of herskryf word.

In hierdie studie gaan daar ook antwoorde gesoek word op 'n aantal vrae en probleme. Eerstens wil die navorser vasstel of daar werklik kultuurimplikasies is met betrekking tot tydskrifvertaling in Suid-Afrika. Speel kultuur werklik 'n noemenswaardige rol? 'n Tweede aspek waarna daar gekyk gaan word, is die rol wat die DTL's en die doelkultuur (DK) tydens die vertaalproses speel. Hoe beïnvloed dié twee elemente die DTT? Die derde kwessie wat ondersoek gaan word, is die mate van aanpassing wat tussen die tydskrifpare plaasvind. Daar gaan gepoog word om dié tendens te beskryf deur 'n aantal verskille en aanpassings uit te lig en te bespreek. Vierdens moet daar bepaal word wat die rol van die vertaler is. Het hy/sy 'n groot invloed op die eindproduk (DTT)? Daar word ook gekyk na die vaardighede en eienskappe wat 'n vertaler nodig het om werk van hoogstaande gehalte te lewer. 'n Vyfde kwessie wat van naderby bekyk gaan word, is die mate waarin die teorie (die 'kulturele wending' in vertaling) toegepas kan word op die praktyk.

1.3 Metodologie

Hierdie studie is empiries en kwalitatief van aard: Die gekose tydskrifpare gaan met mekaar vergelyk word op grond van 'n aantal aspekte. Die *Huisgenoot*, *You* en *Drum* van 23 Augustus 2007 en 31 Januarie 2008 word onder die loep geneem, asook *Tuis* en *Home* van Oktober 2007, en *Weg* en

Go! van Oktober 2007 en Januarie 2008. Die navorser het hierdie uitgawes gekies, omdat dit redelik 'nuut' was toe daar met die navorsing begin is. Hierdie uitgawes behoort dus 'n goeie oorsig te gee oor dit wat tans in dié tydskrifpare aan die gang is.

Die inhoud van elke tydskrifpaar gaan met mekaar vergelyk word om vas te stel watter artikels, rubrieke, advertensies, ensovoorts in die een verskyn en nie in die ander nie. Daar gaan ook gefokus word op die aanpassings wat op mikrovlak gemaak is om die betrokke tekste meer geskik te maak vir die DTL's. Die navorser gaan poog om moontlike verklarings te bied vir die aanpassings wat op mikrovlak gemaak is. Die kwaliteit van die betrokke tekste (vertalings) gaan nie beoordeel word nie, aangesien hierdie studie hoofsaaklik beskrywend en nie evaluerend van aard is nie.

1.4 Teoretiese basis

Hierdie praktiese ondersoek word ondersteun deur 'n teoretiese raamwerk wat die fondament lê vir dié studie. Aangesien die klem val op die rol wat kultuur in tydskrifvertaling speel, word die teorie vanuit die perspektief van die 'kulturele wending' ("cultural turn") aangebied. Ten eerste word daar stilgestaan by die konsep *kultuur* en wat dit behels. Vervolgens word vertaling as vorm van interkulturele kommunikasie ondersoek. Hier word gefokus op die feit dat vertaling nie in 'n vakuum plaasvind nie, maar dat die DTL's altyd in ag geneem moet word. Daarna word die twee subkategorieë van die kulturele wending bespreek, naamlik beskrywende vertaalstudie (descriptive translation studies - DTS), voortaan na verwys as 'BVS', en die funksionalistiese benadering (die skoposteorie). BVS fokus onder andere op norme wat tydens die vertaalproses toegepas word. Die klem gaan val op Toury en Chesterman se norme. Die herskrywing en manipulasie van tekste, as onderdeel van BVS, gaan dan bespreek word. Aspekte soos aanpassing, byvoeging en weglating kom hier na vore. Die funksionalistiese benadering (skoposteorie), hierteenoor, fokus daarop dat 'n DTT 'n baie spesifieke doel

en funksie in die DK moet verrig. Tekste moet dus tydens die vertaalproses aangepas word om die bepaalde funksie te kan vervul. Verder gaan die rolspelers wat betrokke is by die vertaalproses van naderby bekyk word. Dit sluit onder meer die inisieerder, vertaler en lesers in.

1.5 Hoofstukuiteensetting

Die bespreking gaan soos volg benader word: Dié teoretiese raamwerk word in hoofstuk 2, “Die kulturele wending in vertaling” bespreek. Hoofstuk 3, “Die rolspelers in die vertaalproses: ’n beskrywende studie”, fokus op die rol wat kultuur in die onderskeie tydskrifpare speel. Daar word gekyk of dié tydskrifte ’n funksionalistiese benadering tot vertaling het en hoe die skoposteorie toegepas word. Die klem val ook op die rol wat vertalers in die vertaalprosesse speel. Verder word profiele van die lesers van die tydskrifte onder bespreking opgestel en bespreek. Daar word dan gefokus op die wyse waarop dié lesers die vertaler se keuses beïnvloed. In hoofstuk 4, “Touy en Chesterman se norme in die praktyk: ’n beskrywende studie”, word die norme wat in hoofstuk 2 bespreek word, in die onderskeie tydskrifte geïdentifiseer. Verder word die herskrywing en manipulasie van tekste bespreek, veral met betrekking tot die hantering van kultuurspesifieke uitings. Hier gaan voorbeelde uit die onderskeie tydskrifte aangehaal word. In hoofstuk 5 word gevolgtrekkings gemaak en antwoorde verskaf op die navorsingsvrae waarna daar by 1.2 verwys is.

Hierdie studie word vervolgens ingelui deur die bespreking van die teoretiese raamwerk.

HOOFSTUK 2

DIE KULTURELE WENDING IN VERTALING

Translations are never produced in an airlock where they, and their originals, can be checked against the tertium comparationis in the purest possible lexical chamber, untainted by power, time, or even the vagaries of culture. Rather, translations are made to respond to the demands of a culture, and of various groups within that culture. This is probably never more clearly in evidence than when two cultures live together within the borders of one state.

~ Bassnett en Lefevere 1990:7

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk, wat die teoretiese fondament van die bespreking lê, word die kulturele wending in vertaling ondersoek. Ten eerste word daar gekyk na kultuur en wat dit behels. Daarna word vertaling as vorm van interkulturele kommunikasie bespreek. Vervolgens word die twee bene waarop die kulturele wending staan, naamlik BVS en die funksionalistiese benadering (skoposteorie), van naderby bekyk. Die bespreking van BVS fokus op norme, veral op dié van Toury en Chesterman. Herskrywing en manipulasie, as onderafdeling van BVS, word ook ondersoek. Aspekte soos aanpassing, byvoeging en weglating kom hier na vore. Die bespreking van die funksionalistiese benadering (skoposteorie) lê klem op die skopos van die DTT en op die veranderinge wat aangebring moet word om dié doel te bereik. Die vernaamste rolspelers in die vertaalproses, naamlik die inisieerders, vertalers en DTL's word ook van naderby bekyk.

Die kulturele wending in vertaling word onder die vergrootglas geplaas sodat daar vasgestel kan word watter rol kultuur speel in tydskrifvertaling in Suid-

Afrika. Daar kan verwag word dat Suid-Afrika, as multikulturele land, reuse-uitdagings aan vertalers sal bied. Die kulturele wending wat in hierdie hoofstuk op 'n teoretiese vlak ondersoek word, word in hoofstuk 3 en 4 prakties toegepas.

2.2 Wat is kultuur?

Culture refers to the cumulative deposit of knowledge, experience, beliefs, values, attitudes, meanings, hierarchies, religion, notions of time, roles, spatial relations, concepts of the universe, and material objects and possessions acquired by a group of people in the course of generations through individual and group striving.

Hofstede 1997

Dit is 'n onbegonne taak om 'n enkele, allesomvattende definisie vir kultuur te vind of te formuleer. 'n Rede hiervoor is dat elke persoon of groep wat 'n definisie formuleer, dit vanuit 'n perspektief benader wat vir hulle doel geskik is. Vervolgens word 'n aantal definisies van naderby bekyk in 'n poging om 'n beeld van kultuur te vorm.

Volgens Katan is een van die oudste definisies van kultuur in 1871 geformuleer deur die Engelse antropoloog Edward Burnett Tylor (2004:25). Tylor beskryf kultuur as “that complex whole which includes knowledge, belief, art, morals, law, custom, and any other capabilities and habits acquired by man as a member of society” (1903:1). Kultuur kan verder beskou word as “all the ways of life including arts, beliefs and institutions of a population that are passed down from generation to generation”.

Shukman beskou kultuur as die “totality of the signifying systems by means of which mankind, or a particular human group, maintains its cohesiveness (its

values and identity and its interaction with the world)". Hierdie "signifying systems" sluit kuns (literatuur, skilderkuns, musiek, teater, films, ensovoorts) in, asook die onderskeie sosiale aktiwiteite en gedragspatrone wat algemeen in 'n spesifieke samelewing voorkom (insluitende gebare, kleredrag, gewoontes, rituele, ensovoorts). Verder bied dié "signifying systems" metodes waarvolgens 'n samelewing se geskiedenis en identiteit (mites, regstelsels, geloofsoortuigings, ensovoorts) bewaar kan word (1986:166).

Vir Thriveni is kultuur 'n ingewikkelde versameling 'ervarings' wat die alledaagse lewe bepaal: "It includes history, social structure, religion, traditional customs and everyday usage". Volgens hom sluit kultuurgebonde elemente die volgende in: name, aanspreekvorme, aspekte van sosiale verhoudings, kleredrag, ornamente, kos, gebruike, tradisies, geloof, gevoelens, religieuse elemente, mites, legendes, sowel as geografiese en omgewingselemente (2002:1-2). Hieruit blyk dit duidelik dat elke taalgroep unieke kultuurspesifieke eienskappe het (James 2002:1).

In haar definisie van kultuur lê Saville-Troike (in Katan 2004:56)¹ klem op gedrag: "Culture encompasses all of the shared rules for appropriate behaviour that are learned by individuals as a consequence of being members of the same group or community, as well as the values and beliefs that underlie overt behaviour." Vir Vermeer (1998:42) is gedrag ook 'n geweldige belangrike aspek. Hy beskou kultuur as 'n stelsel van reëls (konvensies) en wette (norme) wat die gedrag van die lede van 'n samelewing reguleer. Lede van verskillende samelewings (kulture) tree verskillend op. 'n Voorbeeld hiervan is die manier waarop mense mekaar groet. Vermeer (in Snell-Hornby 2006:55)² lê verder klem op kultuur as "the totality of norms, conventions and opinions which determine the behaviour of the members of a society, and all results of this behaviour" (vertaal deur Snell-Hornby). Die

¹ Die spesifieke uitgawe van Saville-Troike se boek is nie in Suid-Afrika beskikbaar nie (Saville-Troike, M. 1986. *The ethnography of communication: an introduction*. Oxford: Blackwell).

² Die oorspronklike bron is nie in Suid-Afrika beskikbaar nie (Vermeer, H. J. 1989. *Kulturspezifiek des translatorischen Handelns*. Heidelberg: Mimeo).

Amerikaanse etnoloog, Ward H. Goodenough meen “a society’s culture consists of whatever it is one has to know or believe in order to operate in a manner acceptable to its members, and do so in any role that they accept for any one of themselves” (1964:36). Göhring (in Nord 2001a:33)³ som die rol wat gedrag in kultuur speel, soos volg op:

Culture is whatever one has to know, master or feel in order to judge whether or not a particular form of behaviour shown by members of a community in their various roles conforms to general expectations, and in order to behave in this community in accordance with general expectations unless one is prepared to bear the consequences of unaccepted behaviour (vertaal deur Nord).

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit duidelik dat elke mens ’n “Kulturwesen” is (Nordenstam 1993:198) wat nie van kultuur geskei kan word nie. Kultuur kan dus beskou word as ’n onontbeerlike deel van ’n mens se bestaan wat alle aspekte van die lewe beïnvloed.

Volgens Ammann (in Nord 2001a:24)⁴ is kultuur ’n baie ingewikkelde stelsel wat in drie kategorieë verdeel kan word, naamlik “paraculture” (die norme, reëls en konvensies wat geld vir ’n samelewing), “diaculture” (die norme, reëls en konvensies wat geld vir ’n sekere groep in ’n samelewing, soos ’n klub, firma of geografiese area) en “idioculture” (die kultuur van ’n individu in teenstelling met ander individue).

³ Die oorspronklike bron is nie in Suid-Afrika beskikbaar nie (Göhring, H. 1978. *Interkulturelle Kommunikation: Die Überwindung der Trennung von Fremdsprachen- und Landeskundeunterricht durch einen integrierten Fremdverhaltensunterricht*. In Hartig, M. (red.). 1978. *Soziolinguistik, Psycholinguistik. Kongressberichte der 8. Jahrestagung der Gesellschaft für Angewandte Linguistik*. Deel 4. Stuttgart: Hochschulverlag, 9-14).

⁴ Die oorspronklike bron is nie in Suid-Afrika beskikbaar nie (Ammann, M. 1989. *Grundlagen der modernen Translationstheorie – Ein Leitfadens für Studierende*. Tweede uitgawe. Heidelberg: Institut für Übersetzen und Dolmetschen).

Naudé (2000:12) lê klem op die intrinsieke rol wat taal in kultuur speel, aangesien taal die sosiale strukture en kulturele praktyke van 'n samelewing in stand hou. Soortgelyk meen Snell-Hornby dat taal nie 'n geïsoleerde verskynsel in 'n vakuum is nie, maar dat dit 'n integrale deel van kultuur uitmaak (1988:39). Volgens Vermeer is taal en kultuur interafhanklik. 'n Teks is nie bloot 'n statiese en geïsoleerde linguistiese fragment nie, maar "is dependent on its reception by the readers, and it invariably bears a relation to the extra-linguistic situation in which it is embedded" (in Snell-Hornby 2006:52)⁵. Bassnett (1996:14) beskryf taal as die hart van die 'kultuurliggaam'. Agar noem hierdie interafhanklikheid tussen taal en kultuur "languaculture" (1994:232).

Vertalers moet in gedagte hou dat kulture dinamies is en voortdurend verander. Soos Toury (2005:3) dit stel: "[C]hange is a built-in feature of culture". Die DTL's en die DK waarvoor daar vertaal word, sal dus noodwendig met die verloop van tyd verandering toon.

Met die oog op die res van die bespreking is dit belangrik om 'n onderskeid te tref tussen die kulturele en sosiale faktore in 'n samelewing. Volgens Pym is kulturele faktore oorwegend kwalitatief en hou dit verband met "signifying practices" soos tekste en diskoerse. Dit sluit aspekte in soos taalgebruik en vertaalstrategieë, asook die manier waarop mense byvoorbeeld kommunikeer of eet. Sosiale faktore, hierteenoor, is kwantitatief van aard en word geassosieer met die verhoudings tussen mense. Daar word dus gefokus op individuele ouderdom, geboorteplek, opvoedingspeil, inkomste en die sosiale groepe waartoe hulle behoort (2006:14, 15, 17).

⁵ Die oorspronklike bron is nie in Suid-Afrika beskikbaar nie (Vermeer, H. J. 1983. *Aufsätze zur Translationstheorie*. Heidelberg: Mimeo).

2.3 Vertaling as interkulturele kommunikasie

Eine Translation ist nicht die Transkodierung von Wörtern oder Sätzen aus einer Sprache in eine andere, sondern eine komplexe Handlung, in der jemand unter neuen funktionalen und kulturellen und sprachlichen Bedingungen in einer neuen Situation über einen Text (Ausgangssachverhalt) berichtet, indem er ihn auch formal möglichst nachahmt.

~ Vermeer 1986:33

Volgens Toury is vertaling “a kind of activity which inevitably involves at least two languages and *two cultural traditions* (1978/1995:200 - my kursivering). Soortgelyk wys Snell-Hornby daarop dat vertaling nie beskou kan word as 'n proses wat bloot tussen twee tale plaasvind nie, maar ook tussen twee kulture. Vertaling is dus 'n “cross-cultural event” (1988:46). Nord (1991a:12) meen “unlike other communication, intercultural communication is special in that two cultures (including languages) are involved”.

Die vertaalproses kan dus nie in isolasie plaasvind nie: “There is always a context in which translation takes place, a history from which a text emerges and another one into which a text is transposed” (Bassnett en Lefevere 1990:11). Soortgelyk meen Nord (1991a:7) “being culture-bound linguistic signs, both the source text and the target text are determined by the *communicative situation* in which they serve to convey a message” (my kursivering).

'n Teks is altyd ingebed in 'n bepaalde situasie wat gekondisioneer word deur die betrokke sosiokulturele konteks. Dit is dus geen wonder dat Hönig en Kussmaul (1982:58) 'n teks beskou as “der verbalisierte Teil einer Soziokultur” nie. Daar is altyd 'n kultuurraamwerk waarin vertaling plaasvind (Bassnett 1996:13-14) en vertaling kan beskou word as 'n proses wat die

“entire cultural context” in ag neem (Hatim 2001:61). Volgens Alvarez en Vidal is vertaling uiters kulturgebonde (1996:2).

Vertaling kan dus beskou word as “ein transkultureller Transfer” (Vermeer 1986:34), “intercultural communication” (Nord 1991a:4), ’n “transcultural operation” (Vermeer 1998:58), “transcultural action”, “communication across cultural barriers” (Nord 2001a:33) of as “kulturellen und sprachlichen Transfer” (Reiss en Vermeer 1984:104). Alvarez en Vidal (1996:5) som hierdie situasie soos volg op: “[T]ranslating is not merely passing from one text to another, transferring words from one container to another, but rather transporting one entire culture to another with all that this entails [...]”

Dit is van kardinale belang dat vertalings aan die vereistes van die DK moet voldoen, asook aan die vereistes van verskillende groepe binne daardie kultuur. Hierdie situasie is veral opmerklik wanneer twee (of meer) kulture saam in een land woon (Bassnett en Lefevere 1990:7). Volgens Venuti (1995:308)

“[e]very step in the translation process – from the selection of foreign texts to the implementation of translation strategies to the editing, reviewing and reading of translations – is mediated by the *diverse cultural values that circulate in the target language*, always in some hierarchical order” (my kursivering).

Karamanian beskou vertaling as die omsetting (“transposition”) van uitings van een sosiale groep (in een taal), na geskikte uitdrukkings in ’n ander taal. Hier is dus sprake van kulturele dekodering, enkodering en herkodering (“re-coding”) (2002:1). Soortgelyk beskou Naudé vertaling as die reproduksie van kultuur waar aspekte wat tot een groep behoort, na ’n ander groep oorgedra moet word (2000:12). Vanuit ’n ander hoek, beskou Reiss en Vermeer die DTT as ’n ‘inligtingsaanbod’ (1984:67) “formulated by a translator in a target culture and language about an offer of information formulated by someone else in the source culture and language” (Nord 2001a:31-32). Vertaling kan

dus beskou word as 'n oordrag tussen kulture (kultuurgebonde teksproduksie) eerder as 'n linguistiese oordrag (Hatim 2001:61).

Hierdie kulturele oordrag moet op so wyse geskied dat die DTT geloofwaardigheid sal hê by die DTL's (Karamanian 2002:1). Die manier waarop DTL's die DTT sal ontvang, sal afhang van hulle verwagtings, sosiale agtergrond, kennis en kommunikatiewe behoeftes (Nord 1991a:16). Hierdie aspek word by die funksionalistiese benadering (2.5) in meer detail bespreek. Vir geslaagde kommunikasie om plaas te vind, moet die kultuurverskille tussen die BTL's en DTL's dus in ag geneem word. Sodoende kan vertaalstrategieë gekies word wat sal verseker dat die boodskap van die bronteks (BTT) optimaal na die DTL's oorgedra sal word. Dit is belangriker om die verstaanbaarheid van die DTT na te streef as om 'n getroue ("faithful") weergawe van die BTT te probeer skep (Vermeer 1998:42-43). Die belangrikste kriterium wat vertalers in gedagte moet hou, is die kommunikatiewe funksie van die DTT (Karamanian 2002:1). Vertalers moet dus optree as "*knowledge brokers between the members of disjunct communities*" (Neubert en Shreve 1992:54). In hoofstuk 4 word dit duidelik dat die vertalers van *Huisgenoot*, *You*, *Drum*, *Tuis*, *Home*, *Weg* en *Go!* die kommunikatiewe funksies van die DTT'e in gedagte hou tydens die vertaalproses. Die DTT'e wat in hoofstuk 4 onder die loep geneem word, kan as 'geslaagd' beskou word omdat dit in die DK 'funksioneer'.

Hoe groter die 'gaping' tussen die brontaal (BT) en doeltaal (DT) is, hoe moeiliker is dit om die boodskap suksesvol oor te dra. Die verskille tussen 'n BT en DT, asook die variasies in die kulture wat daarmee gepaard gaan, maak vertaling 'n groot uitdaging. Voorbeelde van faktore wat die vertaalproses kan bemoeilik, is die vorm, betekenis en styl van die BTT, asook spreekwoorde, idiome en dergelike aspekte wat daarin voorkom (Ordudary 2007:1). Hoe dieper 'n teks dus in kultuur ingebed is, hoe moeiliker is dit om te vertaal (Hariyanto s.j.:1; Snell-Hornby 1988:41). Volgens Chesterman is dit makliker om te vertaal onder die volgende omstandighede: "[W]hen source and target cultures are in close cultural contact or share a similar cultural history, when source and target languages are related, [and]

when the source text is already oriented towards the target readership” (1997:12).

In Suid-Afrika is daar oor die algemeen nie groot kultuurverskille tussen Afrikaans- en Engelssprekende wit persone nie. Soortgelyk is daar nie groot kultuurverskille tussen die bruin persone nie, ongeag of hulle moedertaal Afrikaans of Engels is. Daar is egter groot kultuurverskille tussen die wit en bruin persone, aan die een kant, en die swart persone aan die ander kant. Hierdie aspek kom duidelik na vore in hoofstuk 3 waar die inhoudskeuses van *Huisgenoot*, *You* en *Drum* bespreek word (sien 3.4.1). Die inhoud van *Huisgenoot* en *You* stem grotendeels ooreen, omdat die lesers van dié tydskrifte min of meer dieselfde profiel het (sien 3.3.1). Die profiel van die *Drum*-lesers, hierteenoor, verskil heelwat van dié van *Huisgenoot* en *You* se lesers (sien 3.3.1). Verder stem die inhoud van *Tuis* en *Home*, aan die een kant, en *Weg* en *Go!*, aan die ander kant, grotendeels ooreen omdat die profiel van die lesers van dié tydskrifpare feitlik dieselfde is (sien 3.3.2 en 3.3.3). Op mikrovlak is dit duidelik dat daar meer veranderings aan *Drum*-tekste aangebring word (sien 4.2.3.1.6–4.2.3.1.10 en 4.2.3.2.6–4.2.3.2.9) as aan *Huisgenoot*- en *You*-tekste. Daar is wel verskille waarneembaar tussen tekste in *Huisgenoot* en *You*, *Tuis* en *Home*, asook in *Weg* en *Go!*, aangesien daar altyd een of ander ‘kultuurgaping’ is wat oorkom moet word (Nord 2001b:187), hoe gering dit ook al mag wees.

Suid-Afrika, as multikulturele land, stel dus hoë eise aan vertalers, wat rekening moet hou met die uiteenlopendheid en diversiteit van die kulture in die land. Hierdie aspek word in hoofstuk 3 en 4 op ’n praktiese vlak in detail ondersoek.

Die beskouing van vertaling as vorm van interkulturele kommunikasie het tydens die kulturele wending in vertaling na vore gekom. Soos reeds genoem staan die kulturele wending op twee bene, naamlik BVS en die funksionalistiese benadering (skoposteorie). Hierdie twee aspekte word vervolgens van naderby bekyk.

2.4 Beskrywende vertaalstudie (BVS)

Mit Descriptive Translation Studies (DTS) wird eine zieltextorientierte und empirische Richtung der moderne Übersetzungswissenschaft bezeichnet, die vor allem in den 80er Jahren Bedeutung gewonnen hat.

~ Hermans 1999a:96

2.4.1 Agtergrond

In die vroeë sewentigerjare het Itamar Even-Zohar, 'n teoretikus van Tel Aviv, die 'polisisteesmodel' ontwikkel aan die hand van werk wat hy oor Hebreëuse literatuur gedoen het. Hierdie model sluit aan by die werke van Russiese Formaliste soos Jurij Tynjanov, Roman Jakobson en Boris Eikhensbaum (Shuttleworth 1998:176). Volgens Hodges (s.j.:5)

[Even-Zohar] does not advocate the study of individual translations but rather views the body of translated works as a system working within and reacting to a literary system, which, in turn, is working within and reacting to the historical, social and cultural systems of the particular target audience.

Hier is dus sprake van 'n sisteem binne 'n sisteem, met ander woorde 'n polisisteesmodel.

Even-Zohar was gekant teen die formalistiese benadering waarvolgens daar slegs op 'hoë' literatuur gefokus is. Volgens hom bestaan 'n literêre polisisteesmodel nie net uit 'meesterstukke' (gekanoniseerde werke) nie, maar ook uit populêre genres en 'lae' literatuur (niegekanoniseerde werke). Gekanoniseerde werke word normaalweg deur die sogenaamde "dominant circles" in 'n samelewing aanvaar. Niegekanoniseerde werke, hierteenoor, word deur bogenoemde kringe verwerp (1990:15, 16).

Binne 'n literêre polisieem sal tekste voortdurend meeding om prestige en mag. Gekanoniseerde werke sal poog om hulle prominente en invloedryke posisies binne die polisieem te behou. Niegekanoniseerde werke, hierteenoor, sal poog om van die periferie na prominenter posisies in die polisieem te beweeg. Hierdie mededinging lei daartoe dat 'n literêre polisieem met die verloop van tyd sal verander (Even-Zohar 1990:14) as gevolg van die voortdurende spanning tussen die "centre and the periphery, in which different literary genres all vie for domination of the centre" (Shuttleworth 1998:177). Volgens Hodges sal literatuur net 'lewendig' bly as daar voortdurend fluktuasie is "with established, familiar, canonized forms being constantly nudged and eventually replaced by newer, more innovative, peripheral models" (s.j.:6). As daar geen niegekanoniseerde werke is wat met die gekanoniseerde repertoire meeding nie, sal laasgenoemde heel moontlik stagneer (Even-Zohar 1990:16, 17).

Vanweë die dinamiese aard van 'n literêre polisieem, het vertaalde literatuur nie 'n vasgestelde posisie in dié sisteem nie. Dit lê gewoonlik op die periferie, maar dit is nie altyd die geval nie (Even-Zohar 1978/1990:203). Volgens Even-Zohar kan vertaalde literatuur 'n primêre óf 'n sekondêre posisie in 'n polisieem inneem. As vertaalde literatuur primêr is, speel dit 'n rol in die ontwikkeling van die sentrum van 'n polisieem (ibid:200). In hierdie gevalle vervaag die grens tussen vertaalde en oorspronklike literatuur en dit is feitlik onmoontlik om dit van mekaar te onderskei (ibid:200, 203). Wanneer vertaalde literatuur 'n primêre posisie in 'n polisieem inneem

features are introduced into the home literature which did not exist before. These include possibly not only new models of reality to replace the old and established ones that are no longer effective, but a whole range of other features as well, such as a new (poetic) language, or compositional patterns and techniques (Even-Zohar 1978/1990:200).

As vertaalde literatuur egter sekondêr is, verteenwoordig dit 'n periferiese sisteem binne 'n polisieem en sal dit nie 'n groot invloed hê op die sentrale sisteem nie (Even-Zohar 1978/1990:202).

'n Polisisteesem kan dus opgesom word as “a heterogeneous, hierarchized conglomerate (or system) of systems which interact to bring about an ongoing, dynamic process of evolution within the polysystem as a whole” (Shuttleworth 1998:176). Uit hierdie definisie blyk dit duidelik dat die polisisteesemteorie nie net op literêre sisteme van toepassing is nie. Dit kan ook op ander sisteme, byvoorbeeld die tydskrifbedryf, van toepassing gemaak word.

Volgens Hodges (s.j.:7) is die polisisteesemteorie van groot waarde “because it moves translation away from the traditional ST-TT linguistic comparisons of shifts and equivalence towards the viewing of translation in a social, cultural and historical context”.

Die polisisteesemteorie is deur verskeie groepe teoretici, veral dié van die Manipulasieskool, aanvaar. Dit het aanleiding gegee tot die ontwikkeling van DTT-georiënteerde vertaalstudies. Laasgenoemde is 'n nievoorskriftelike benadering wat daarop fokus om die vertaalproses (insluitende die vertaalnorme) te **beskryf** (Shuttleworth en Cowie 1997:128). Vervolgens word die Manipulasieskool van naderby bekyk.

In 1985 is 'n boek getiteld *The Manipulation of Literature* onder die redakteurskap van Theo Hermans gepubliseer. Dit het bestaan uit 'n aantal artikels wat deur onder meer Gideon Toury, José Lambert, Hendrik van Gorp, Susan Bassnett, en André Lefevere geskryf is (Snell-Hornby 2006:48). In die inleiding skryf Hermans die doel van die boek “is [...] to establish a new paradigm for the study of literary translation, on the basis of a comprehensive theory and ongoing practical research”. Hermans het dit duidelik gemaak dat hierdie groep teoretici nie 'n 'skool' is nie, maar “a geographically scattered collection of individuals with widely varying interests, who are, however, broadly in agreement on some basic assumptions” (1985:10). Hermans se siening dat alle vertalings 'n mate van manipulasie bevat vir 'n sekere doel” (ibid:11) het daartoe gelei dat dié groep as die 'Manipulasieskool' bekend geword het (Snell-Hornby 2006:48). Die sienings van hierdie skool kan soos volg beskryf word:

What we have in common is, briefly, a view of literature as a complex and dynamic system; a conviction that there should be a continual interplay between theoretical models and practical case studies; an approach to literary translation which is descriptive, target-oriented, functional and systematic; and an interest in the norms and constraints that govern the production and reception of translation [...] (Hermans 1985:10-11).

Die kernaspekte van hierdie beskrywing is “descriptive, target-oriented, functional and systematic”, aangesien dit lynreg ingedruis het teen die vertaaldogmas van die tyd, wat hoofsaaklik “prescriptive, source-text oriented, linguistic and atomistic” was. Die linguistiese aspekte en die BTT het dus nie meer sentraal gestaan nie, maar wel die funksie wat die DTT in die DK moet vervul (Snell-Hornby 2006:49). Hier is dus sprake van ’n “function-oriented” benadering (Ulrych en Bosinelli 1999:224).

Volgens Toury “translators operate first and foremost in the interest of the culture *into* which they are translating, and not in the interest of the source text, let alone the source culture” (1985:19). Hierdie siening het die weg gebaan vir ’n sosiologiese benadering (“sociological approach”) wat André Lefevere aangeraak het in sy artikel “Why waste our time on rewrites?”. Die besef dat vertaling nie in ’n vakuum plaasvind nie, het daartoe gelei dat daar wegbeweeg is van die normatiewe en voorskriftelike benaderings tot vertaling na ’n meer pragmatiese benadering (Naudé 2000:4, 7). Dit gaan dus hier oor die “abandoning of the ‘scientific’ linguistic approach as based on the concept of [...] ‘equivalence’ and moving from ‘text’ to ‘culture’” (Snell-Hornby 2006:50). Hierdie benadering hou verband met die verwerping van die term ‘ekwivalensie’ wat by 2.5.2 bespreek word.

Soos die naam te kenne gee, word daar met BVS gepoog om die konsep *vertaling* te beskryf. Daar word gekyk na die aard van die DTT, die vertaalproses én die verband tussen die BTT en DTT. Hierdie aspekte hou verband met wat Holmes beskryf het as “function-oriented, process-oriented and product-oriented”. Hierdie drie aspekte is almal “target-oriented”,

aangesien die DTT, en nie die BTT nie, as beginpunt van die ondersoek dien (Ulrych en Bosinelli 1999:223-224).

In sy *Descriptive Translation Studies and Beyond* voorsien Toury 'n model waarvolgens sistematiese beskrywende studies gedoen kan word. Hierdie sistematiese studies sluit aan by Even-Zohar se konsep *sisteem*. Ten eerste word die DTT gesitueer binne die sosiokulturele konteks van die DK. Daar word gekyk na die aanvaarbaarheid van die teks binne dié konteks (Munday 2001:112; Munday 2002:76, 78; Toury 1995:36, 38, 71). Daar word ook gefokus op die manier waarop die DTT in die DK funksioneer (Naudé 2000:10).

Ten tweede word die BTT en DTT vergelyk. Hierdeur word die onderskeie BTT- en DTT-segmente (“coupled pairs”) van naderby bekyk, sodat ooreenkomste en verskuiwings (“shifts”) geïdentifiseer kan word (Munday 2001:112; Munday 2002:76-77; Toury 1995: 36, 38). Toury beskou verskuiwings as “a true universal of translation”. Verskuiwings is nie lukraak of idiosinkraties nie, aangesien dit deur norme beheer word (1995:57). Wanneer tekste dus vergelyk word, word daar nie gefokus op die graad van ekwivalensie ten opsigte van BTT- en DTT-segmente nie (Munday 2001:115): “What remains to be uncovered is only the way this postulate was actually realized, e.g., in terms of *the balance between what was kept invariant and what was transformed*” (Toury 1995:86 – my kursivering). BVS poog dus om die norme wat 'n rol gespeel het in die vertaalproses te identifiseer (Munday 2001:113, 115).

Ten derde moet veralgemenings gemaak word oor die besluite wat tydens die vertaalproses geneem is (Munday 2001:112; Munday 2002:76-77; Toury 1995: 36, 38). Afleidings kan gemaak word oor die vertaalmetodes en -strategieë wat gevolg is en oor die norme wat die vertaalproses beïnvloed het (Munday 2001:113).

Die konsep *norme* speel 'n geweldige belangrike rol in BVS. Hierdie aspek word vervolgens ondersoek.

2.4.2 Norme

2.4.2.1 Algemene inligting

Wanneer daar van norme gepraat word, is dit belangrik om eers die konsep *konvensies* te verduidelik. Konvensies kan beskryf word as effektiewe oplossings vir 'probleme' wat herhaaldelik voorkom. Aangesien hierdie oplossings doeltreffend is, word dit keer op keer deur individue gebruik in spesifieke situasies. Konvensies ontstaan dus as gevolg van keuses wat reeds vantevore gemaak is. Daar word nie amptelik op konvensies besluit nie - dit word algemeen aanvaar. Nord (1991b:96) beskryf konvensies soos volg:

Conventions are not explicitly formulated, nor are they binding. They are based on common knowledge and on the expectation of what others expect you to expect them (etc.) to do in a certain situation. Therefore, they are only valid for the group that shares this knowledge. They are acquired, and even internalized, by the members of the group during the socialization process.

Konvensies is dus nie norme nie. Dit kan egter norme word as dit baie 'suksesvol' is: "If a convention has served its purpose sufficiently well for long enough, the expectation that a certain course of action will be adopted in a certain type of situation may grow beyond a mere preference and acquire a binding character." Daar kan dan van 'n norm gepraat word (Hermans 2008:6).

Norme is dus meer voorskriftelik as konvensies: "They tell members of a community not just how everyone else *expects* them to behave, but how they *ought* to behave" (Hermans 2008:6). Soortgelyk meen Reiss en Vermeer "Normen schreiben vor, daß und wie gehandelt wird" (1984:98). Dit beteken dat daar, uit al die moontlike opsies, 'n spesifieke handelswyse is wat verkies word, aangesien die samelewing dit as gepas, korrek of geskik beskou (Hermans 2008:6, 8). Daar word dus beperkings geplaas op gedrag deurdat sekere opsies uitgeskakel word. Norme "single out and suggest, or prescribe

more or less emphatically, a particular selection from among the range of possible courses of action” (Hermans 2008:7).

Soos konvensies, “norms derive their legitimacy from shared knowledge, mutual expectation and acceptance, and the fact that, on the individual level, they are internalized”. Daar is baie norme wat daaglik waarneembaar is, maar waarvan mens selde bewus is. Voorbeelde hiervan is tafelmaniere en die wyse waarop ’n telefoon geantwoord word (Hermans 2008:6). Sulke norme “are historically determined and have (a measure of) prescriptive force within a given target tradition” (Crisafulli 2002:32). Norme kan dus beskou word as ’n kultuurgebonde konsep, aangesien die manier waarop mense optree en kommunikeer, te make het met die kulturele kant van die lewe (Pym 2006:14).

Die keuses wat vertalers tydens die vertaalproses maak, word sterk deur norme beïnvloed (Hermans 2008:2-3, 5, 6). Volgens Frank “[t]ranslators reach a variety of solutions to linguistic, stylistic and cultural difficulties through recourse to theoretical norms of translation” (2007:8). Norme beïnvloed dus die vertaalstrategieë wat vertalers gaan gebruik, die keuse van tekste wat vertaal gaan word, die manier waarop die materiaal hanteer behoort te word, asook die wyse waarop die DTT ‘ontvang’ gaan word (Hermans 1994:19). As vertalers die norme van die DK nakom, behoort die DTT te voldoen aan die verwagtings van die DTL’s (sien Chesterman se verwagtingsnorme 2.4.4.1) en sal die DTT deur die DTL’s aanvaar word (Hermans 2008:8, 10). Norme speel dus ’n rol in elke stap van die vertaalproses (Wolf 2002:190) en alle vertalings kan beskou word as “norm-governed type of behaviour” (Toury 1995:57).

Aangesien die keuses wat vertalers maak deur norme beïnvloed word, kan daar gesê word dat norme die mate van ekwivalensie tussen die BTT en DTT bepaal. Volgens Toury “it is norms that determine the (type and extent of) equivalence manifested by actual translations” (1995:61). Dit is dus duidelik dat norme in ’n groot mate verantwoordelik is vir verskuiwings in die DTT (Hatim 2001:69, 70).

Volgens Toury “norms themselves form a graded continuum along the scale: some are stronger, and hence more rule-like, others are weaker, and hence more idiosyncratic. The borderline between the various types of constraints are thus diffuse” (1995:54). Wanneer norme se voorskriftelikheid toeneem, word daar minder gefokus op “mutual expectations and internalized acceptance and more on codified rules in the form of explicit obligations and prohibitions”. In sulke gevalle word daar van ‘reëls’ gepraat (Hermans 2008:7).

2.4.2.2 Norme en gedrag

Norme is van kardinale belang in die vestiging en behoud van die sosiale orde in ’n samelewing (Toury 1995:55). Dit lei daartoe dat estetiese, sosiale, ideologiese en ander waardes in ’n samelewing gevestig word (Hermans 2008:3). Volgens Chesterman “[a] norm is a norm *because* it embodies, or tends towards, a certain value” (1997:172). Norme (en konvensies) help om die daaglikse lewe te reguleer sodat mense met mekaar kan saamleef. Dit het dus ’n “socially regulatory function” (Hermans 2008:1, 5).

Met die konsep *norme* val die klem op gedrag. Hermans beskou norme as “internalized and mutually recognized directives which lead members of a community to expect each of them to behave in certain ways in certain circumstances, in accordance with particular notions of what that community regards as proper and correct” (1994:17). Norme kan dus beskou word as geïnternaliseerde gedragsbeperkings waarin die kollektiewe waardes van ’n samelewing gestalte vind (Hatim 2001:146). Verder beskryf Toury norme as “performance instructions appropriate for and applicable to particular situations, specifying what is prescribed and forbidden as well as what is tolerated and permitted in a certain behavioural dimension [...]” (1995:55).

Dit gaan dus hier om die “regularity of behaviour in recurrent situations of the same type” (Toury 1995:55). Norme kan dus beskryf word as “strategic courses of action that were opted for with a noticeable frequency and chosen in preference to other available options within a given system of socio-cultural

or textual practices” (Toury 1995:54). Baker (1997:164) beskou norme as die opsies wat vertalers in ’n spesifieke konteks op ’n gereelde basis kies. Volgens Hermans maak norme gedrag meer voorspelbaar “by generalizing from past experience and making projections concerning similar types of situations in the future” (2008:5).

Individue leer norme aan tydens sosialisering met ander lede van die samelewing en deur middel van opvoeding (Toury 1995:55; Munday 2001:113). Wanneer norme deel raak van ’n individu se roetine, word dit geïnternaliseer. Die individu gaan dus geneig wees om op ’n sekere manier op te tree (Hermans 2008:7).

2.4.2.3 Norme is kultuurspesifiek

Soos reeds genoem, is vertaling ’n proses waarby daar ten minste twee tale én kulturele tradisies betrokke is. Gevolglik is daar ten minste twee normstelsels wat ’n rol speel (Toury 1995:56).

Norme kan beskou word as sosiokulturele beperkings wat eie is aan ’n spesifieke kultuur, samelewing en tyd (Munday 2001:113). Dit dien dus as ’n ‘raamwerk’ waarin vertaling plaasvind. Hierdie ‘raamwerk’ dui aan watter vertalings geldig en geskik is (Hermans 1994:19): “[N]orms effectively police the borders of what a culture regards as ‘legitimate’ translation” (Hermans 1994:18).

Volgens Toury is dit onwaarskynlik dat norme oor kultuurgrense van toepassing is. Eendersheid is gewoonlik bloot toevallig, of dit is die gevolg van noue kontak tussen kulture. In sulke gevalle is daar sprake van interferensie (1995:62).

2.4.2.4 Norme kan verontagsaam word

Hermans beskryf norme as ‘die reëls van die spel’, met ander woorde as die ‘reëls’ waarvolgens daar vertaal moet word. Volgens hom kan individue en groepe besluit om die spel eerder volgens hulle eie ‘reëls’ te speel, aangesien hulle ’n spesifieke doel voor oë het (Hermans 1994:18). Gevolglik kan bestaande norme verontagsaam of daarvan afgewyk word (Toury 1995:55).

“Non-normative behaviour”, soos Toury daarna verwys, kan min of geen negatiewe gevolge hê nie (1995:64), maar dit kan ook lei tot “raised eyebrows, corrections, a reprimand, the end of conversation, or even open hostility” (Hermans 2008:3). As vertalers besluit om norme te verontagsaam, kan hulle reputasies moontlik skade ly. Hierdie tipe ‘gedrag’ moet dus as uitsonderings in die vertaalpraktyk beskou word en liefers vermy word (Toury 1995:64).

2.4.2.5 Norme kan verander

Norme is dinamies en kan met verloop van tyd verander deur aan te pas by veranderende omstandighede (Hermans 2008:3, 8): “Normen können auf allen sozialen Rängen geändert werden und werden im Laufe der Zeit geändert” (Reiss en Vermeer 1984:97). Toury beskryf norme as “unstable, changing entities” en verwys na die “basic instability” daarvan. Hierdie aspekte is deel van die aard van norme. Volgens Toury verander sommige norme vinnig, terwyl ander stadig en oor ’n lang tydperk verander (1995:62).

Daar is baie faktore wat ’n rol speel in die verandering van norme. Dit sluit vertalers, vertaalkritici, ideologie, asook normgewende (“norm-setting”) aktiwiteite van instellings in. Volgens Toury meng hierdie rolspelers in die natuurlike verloop van sake in deur norme ‘aan te pas’ volgens hulle voorkeure en met ’n spesifieke doel voor oë (1995:62).

2.4.2.6 Norm-teoretici

Daar is veral twee vertaalwetenskaplikes wat 'n groot bydrae gelewer het tot die konsep *norme* – Gideon Toury en Andrew Chesterman. Hulle sienings en teorieë word vervolgens van naderby bekyk.

2.4.3 Toury se norme

Soos vroeër genoem, word Toury geassosieer met die konsep *norme* (Hermans 2008:3; Snell-Hornby 2006:49, 50; Pym 2006:3). Toury se benadering was aanvanklik “behaviourist”. Hiervolgens moet verklarings gesoek word vir frekwente strategieë wat in 'n vertaler se werk waargeneem word. As dié strategieë nie toegeskryf kan word aan die struktuurverskille tussen die betrokke tale nie, word daar op nieverpligte keuses gefokus, met ander woorde op sosiokulturele beperkings. Toury noem hierdie beperkinge ‘norme’ (Hermans 1999b:75).

Volgens Toury funksioneer norme op 'n tussenliggende vlak tussen ‘bevoegdheid’ (“competence”) en ‘uitvoering’ (“performance”). Bevoegdheid dui op die aantal opsies tot 'n vertaler se beskikking. Uitvoering, hierteenoor, verwys na die opsies wat die vertaler op die ou einde kies (Hermans 1999b:75).

Toury het sy norme ontwikkel met literêre vertaling in gedagte (Chesterman 1997:63). Hierdie norme kan egter op alle tekstipes van toepassing gemaak word. Toury identifiseer drie soorte norme, naamlik voorbereidingsnorme (“preliminary norms”), 'n aanvangsnorm (“initial norm”) en operatiewe norme (“operational norms”). Dié norme word vervolgens bespreek.

2.4.3.1 Vorbereidingsnorme

Vorbereidingsnorme kan in twee subkategorieë verdeel word, naamlik die vertaalbeleid (“translation policy”) en of daar vanaf die BTT vertaal word of nie (“directness of translation”).

2.4.3.1.1 Vertaalbeleid

Toury beskryf ’n vertaalbeleid soos volg: “*Translation policy* refers to those factors that govern the choice of text-types, or even of individual texts, to be imported through translation into a particular culture/language at a particular point in time” (1995:58). Die keuse van tekste wat vertaal moet word, word dus nie lukraak gemaak nie.

Inisieerders, beskermers (“patrons”), vertalers, redigeerders of uitgewers (sien 2.4.5.1.1) kan byvoorbeeld ’n rol speel in die keuse van tekste wat vertaal moet word (Bassnett 1998:123). Volgens Bassnett speel “diverse cultural values that circulate in the target language” ook ’n rol in die keuse van BTT’e (ibid:137). Hier is dus sprake van “social, cultural and economic policy, perhaps also political policy” (Chesterman 1997:63).

2.4.3.1.2 Vertaling vanaf die BTT of nie


Dit gaan hier om die toelaatbaarheid daarvan om ’n reeds vertaalde teks te vertaal. Die oorspronklike teks word dus nie vertaal nie, maar wel ’n vertaling daarvan. Toury stel die vraag of dit aangedui moet word as ’n DTT ’n vertaling van ’n vertaling is (1995:58).

2.4.3.2 Die aanvangsnorm

Dié norm dien as agtergrond waarteen die oordragproses strategies uitgevoer word (Hatim 2001:146). Dit gaan daarom dat vertalers kan kies of hulle hulle gaan onderwerp aan die norme van die oorspronklike teks óf aan dié van die DT en DK (Munday 2001:114; Toury 1995:56). Die aanvangsnorm fokus dus op “the translator’s (conscious or unconscious) choice as to the main objective of his translation, the objective which governs all decisions made during the translation process” (Van Leuven-Zwart 1989:154).

As ’n vertaler besluit om die norme van die oorspronklike teks na te streef, word ’n adekwate (“adequate”) vertaling geskep (Toury 1995:56) (sien figuur 1). In so ’n geval sal die sosiokulturele konteks van die BTT die manier waarop die teks vertaal gaan word, beïnvloed (Munday 2002:78). So ’n vertaling is in stryd met die norme en praktyke van die DK (Toury 1995:56). Ongeag die mate van adekwaatheid wat nagestreef word, sal daar steeds verskuiwings in die DTT wees.

As ’n vertaler egter besluit om hom/haar aan die norme van die DT en DK te onderwerp “[then] norm systems of the target culture are triggered and set into motion”. Verskuiwings sal onvermydelik wees. So ’n vertaling word gekenmerk deur aanvaarbaarheid (“acceptability”) (Toury 1995:56-57). Sien figuur 1.



Figuur 1 (uit Munday 2001:114)

Munday maak dit duidelik dat 'n DTT nooit heeltemal adekwaat of heeltemal aanvaarbaar kan wees nie, aangesien verskuiwings (verpligtend of nieverpligtend) onvermydelik is (2001:114). 'n DTT sal dus iewers tussen adekwaat en aanvaarbaar wees (Hatim 2001:147): "In practice, however, a translation is generally a compromise between these two extremes and will be either primarily (not totally) source-oriented or primarily (not totally) target-oriented" (Naudé 2000:15). Soortgelyk meen Toury dat "[a]ctual translation decisions [...] will necessarily involve some ad hoc combination of, or compromise between the two extremes implied by the initial norm" (1995:57). As 'n DTT meer na die 'adekwaatheidspool' neig, word daar gepoog om dit soos die oorspronklike BTT te laat lees. 'n DTT wat na die 'aanvaarbaarheidspool' neig, poog om soos 'n oorspronklike teks te lees (Hatim 2001:147).

2.4.3.3 Operatiewe norme

Die operatiewe norme beheer die besluite wat tydens die vertaalproses geneem word. Dit beïnvloed die matriks van die teks (die manier waarop die linguistiese materiaal van die teks 'versprei' word), asook die "textual make-up and verbal formulation as such". Verder beheer dié norme die verhouding wat tussen die BTT en DTT geskep word, met ander woorde watter BTT-aspekte verander gaan word en watter onveranderd gaan bly (Toury 1995:58). Hierdie norme gee "performance instructions" aan vertalers en dit kan as beperkende faktore beskou word: "[I]t opens up certain options while closing others" (ibid:60). Volgens Chesterman is die operatiewe norme hoofsaaklik produknorme ("product norms"), aangesien dit die vorm van die finale 'produk' reguleer (1997:63).

Toury verdeel die operatiewe norme in twee subkategorieë, naamlik matriksnorme ("matricial norms") en tekslinguistiese norme ("textual-linguistic norms").

2.4.3.3.1 Matriksnorme

Toury (1995:58-59) beskryf matriksnorme soos volg:

So-called *matricial norms* may govern the very *existence* of target-language material intended as a substitute for the corresponding source-language material (and hence the degree of *fullness* of translation), its location in the text (or the form of actual *distribution*), as well as the textual *segmentation*.

Hierdie norme beïnvloed dus besluite soos watter dele van die BTT na die DTT oorgedra moet word, die indeling en (her)rangskikking van BTT-elemente (Hermans 1999b:76), die manipulasie van BTT-segmente, asook weglatings en byvoegings van teksdele, paragrawe, voetnote, ensovoorts (Munday 2001:114; Toury 1995:59).

2.4.3.3.2 Tekslinguistiese norme

Hierdie norme “govern the selection of material to formulate the target text in, or replace the original textual and linguistic material with” (Toury:1995:59). Dit beïnvloed dus die mikrostruktuur van die DTT, soos die sinskonstruksies, woordkeuses, die gebruik van kursief of hoofletters vir beklemtoning, ensovoorts (Hermans 1999b:76).

Tekslinguistiese norme kan algemeen wees deurdat dit van toepassing is op alle vertalings, of dit kan spesifiek wees, deurdat dit slegs van toepassing is op spesifieke tekstipes en/of “mode[s] of translation” (Toury 1995:59).

2.4.3.4 Samevatting van Toury se norme

Uit die bespreking blyk dit dat Toury se norme 'n belangrike rol speel in die vertaalproses. Toury lê eerstens klem op die faktore wat die keuse van tekste wat vertaal moet word, beïnvloed (**vertaalbeleid**). Hy bevraagteken dan die toelaatbaarheid daarvan om reeds vertaalde tekste te vertaal (**vertaling vanaf die BTT of nie**). Ten tweede fokus hy daarop dat vertalers moet besluit of hulle hulle aan die norme van die BT en die BK gaan onderwerp óf aan dié van die DT en die DK (**aanvangsnorm**). In die derde plek bepaal die **operatiewe norme** die ‘opbou’ van DTT'e. Die **matriksnorme** speel 'n rol in die keuse van watter dele van die BTT na die DTT oorgedra moet word, asook in die manipulasie van BTT-segmente. Die **tekslinguistiese norme** beïnvloed die mikrostruktuur van die DTT, met ander woorde die sinskonstruksies, woordkeuses, ensovoorts.

2.4.4 **Chesterman se norme**

Soos Toury se norme, is dié van Chesterman ook van kardinale belang in die vertaalproses. Chesterman identifiseer twee soorte norme, naamlik

verwagtingsnorme (“expectancy norms”) en professionele norme (“professional norms”). Dié norme word vervolgens onder die loep geneem.

2.4.4.1 Verwagtingsnorme

Verwagtingsnorme of produknorme (“product norms”) (Hermans 1999b:77) “are established by the expectations of readers of a translation (of a given type) concerning what a translation (of this type) should be like” (Chesterman 1997:64).

DTL’s kan verwagtings hê oor “text-type and discourse conventions, about style and register, about the appropriate degree of grammaticality, about the statistical distribution of text features of all kinds, about collocations, lexical choices, and so on” (Chesterman 1997:64). Volgens Lefevere bepaal die heersende genres in ’n DK die DTL’s se verwagtings oor hoe vertaalde werke behoort te lyk (1992:92). Hy meen ook dat die verwagtings van lesers van kultuur tot kultuur verskil (ibid:93). Vertalings behoort dus geskep te word op grond van dit wat die DTL’s as geskik en aanvaarbaar beskou. Vertalers wat aan die DTL’s se verwagtings voldoen, sal deur laasgenoemde ‘goedgekeur’ word (ibid:65). Hermans (1991:166) beskryf hierdie situasie soos volg:

[T]he ‘correct’ translation [...] is the one that fits the correctness notions prevailing in a particular system, i.e. that adopts the solutions regarded as correct for a given communicative situation, as a result of which it is accepted as correct. In other words: when translators do what is expected of them, they will be seen to have done well.

Dit is belangrik om te beseef dat die woord ‘korrek’, soos dit hier gebruik word, nie impliseer dat daar altyd slegs een regte vertaling is nie. Volgens die konsep *korrektheid* kan norme op verskillende maniere nagekom word. Daar is dus meer as een manier waarop vertalers kan doen wat van hulle verwag word. Om hierdie rede verwys Chesterman eerder na ’n vertaling as geskik (“appropriate”) of aanvaarbaar (“acceptable”). ’n Vertaling kan geskik of

aanvaarbaar wees al is dit nie noodwendig 'n goeie vertaling nie (Chesterman 1997:64-65). Toury, anders as Chesterman, beskou 'n vertaling as aanvaarbaar wanneer die vertaler die norme van die DT en DK nastreef. Indien 'n vertaler hom/haar aan die norme van die BT en BK onderwerp, is so 'n vertaling adekwaat (sien 2.4.3.2).

As vertalers die verwagtingsnorme nakom, sal hulle vertalings as 'eg', 'gepas' en 'geldig' beskou word (Hermans 1999b:78). Hierdie norme kan egter verontagsaam word as vertalers 'n spesifieke doel daarmee het (Chesterman 1997:66). In sulke gevalle sal die vertaling nie as 'n vertaling bestempel word nie, maar eerder as 'n aanpassing, parafrase, omskrywing, parodie of iets dergeliks (Hermans 1999b:78).

Verwagtingsnorme word beheer deur die bestaande vertaaltradisie van die DK, deur die vorm van tekste van dieselfde genre, en deur ideologiese en politieke faktore (Hermans 1999b:77). Volgens Munday speel ekonomiese faktore ook 'n rol (2001:118) en Chesterman verwys na die invloed van magsverhoudings tussen kulture (1997:64). Die belangrikste aspek wat die verwagtingsnorme beheer, is egter die konsep *helderheid* ("clarity") waarvolgens die 'verwerking' van inligting vergemaklik word (Chesterman 1997:175).

Popper (1962:308) beskou helderheid as die belangrikste linguistiese standaard, aangesien rasonale kommunikasie nie daarsonder moontlik is nie. Na Chesterman se mening is helderheid egter 'n problematiese konsep, aangesien dit wat vir een persoon helder is, nie noodwendig vir 'n ander persoon helder is nie. Daar kan dus gesê word dat "a message has clarity to the extent that the receiver can, within an appropriate time, preceive the speaker's intended meaning [...]" (1997:176).

Volgens Chesterman kan verwagtingsnorme geldig verklaar word deur 'normeksperts', soos onderwysers, eksaminators, vertaalkritici, uitgewers, ensovoorts (1997:66). Professionele vertalers, as normeksperts, is ook verantwoordelik vir die ontstaan van hierdie norme, aangesien hulle vertalings

die maatstaf kan word waarvolgens DTL's latere vertalings beoordeel. Professionele vertalers se gedrag kan dus as normgewend ("norm-setting") bestempel word (ibid:67). Volgens die lede van die samelewing het die normeksperts "norm-giving competence" (ibid:70), met ander woorde hulle is bevoeg om norme geldig te verklaar en om nuwe norme te skep. Hierdie eksperts verteenwoordig as't ware die samelewing (ibid:66). Dit kan egter gebeur dat daar botsings ontstaan tussen die normeksperts en die res van die samelewing (Munday 2001:119).

Verwagtingsnorme is nie staties, permanent of monolities van aard nie: "They are highly sensitive to text-type – not all text-types are necessarily expected to conform consistently to fluent standard usage – and they are open to modification and change" (Chesterman 1997:67). Dié norme bepaal watter tekste in 'n spesifieke samelewing aanvaar en watter verwerp sal word (Hermans 1999b:77-78).

2.4.4.2 Professionele norme

Professionele norme, ook produksienorme ("production norms") of prosesnorme ("process norms") genoem, reguleer die vertaalproses (Chesterman 1997:67; Hermans 1999b:78). Volgens Chesterman "any process norm is determined by the nature of the end-product which it is designed to lead to" (1997:67). Hy meen verder dat hierdie norme help om verklarings te bied vir vertalers se 'vertaalgedrag' (ibid:67, 68).

Soos in die geval van verwagtingsnorme word professionele norme geldig verklaar deur normeksperts (taalkundiges, onderwysers, kritici, ensovoorts) wat volgens die lede van die samelewing bevoeg is om dit te doen (Chesterman 1997:70).

Chesterman verdeel sy professionele norme in drie subkategorieë, naamlik die verantwoordelikhednorm ("accountability norm"), die kommunikasienorm ("communication norm") en die verhoudingsnorm ("relation norm").

2.4.4.2.1 Die verantwoordelikhednorm

Chesterman (1997:68) beskryf hierdie norm soos volg:

[A] translator should act in such a way that the demands of loyalty are appropriately met with regard to the original writer, the commissioner of the translation, the translator himself or herself, the prospective readership and any other relevant parties.

Uit hierdie definisie blyk dit duidelik dat dit 'n etiese norm is (Chesterman 1997:68). Dit hou verband met Nord se konsep *lojaliteit* (sien 2.5.4) wat die verhouding tussen die rolspelers in die vertaalproses beheer (ibid:181). Volgens Nord (1991b:94)

[t]he translator is committed bilaterally to the source and the target situation and is responsible to both the ST sender [...] and the TT recipient. This responsibility is what I call loyalty. Loyalty is a *moral* principle indispensable in the relationship between human beings who are partners in a communication process.

Soos Nord, lê Chesterman klem op die verhouding tussen die onderskeie rolspelers in die vertaalproses. Met sy konsep *vertroue* ("trust") bou hy voort op George Steiner se idee van vertroue. Volgens Steiner begin die vertaalproses met vertroue: Die vertaler moet vertrou "that there is 'something there' to be understood, that the transfer will not be void". Hiermee bedoel hy dat die vertaler moet vertrou dat dit wat hy/sy gaan vertaal, die moeite werd gaan wees (1975:186). Chesterman meen egter dat die konsep *vertroue* meer fasette het as dié wat Steiner bespreek. Hy beskou vertroue as die onderliggende 'waarde' van die verantwoordelikhednorm. Volgens hom moet die rolspelers in die vertaalproses (die BTT-skrywer, inisieerder, uitgewer, vertaler en DTL's) mekaar 'vertrou'. Ten eerste moet die vertaler die BTT-skrywer en die inisieerder vertrou: "[T]here must be a trust that the translation itself is worth doing". Die vertaler moet ook vertrou dat die DTL's die DTT te goeder trou sal lees. Op hulle beurt moet die DTL's vertrou dat die

DTT die moeite werd is om te lees (1997:180). Dit is veral belangrik dat die BTT-skrywer, inisieerder en uitgewer die vertaler sal vertrou om 'n geskikte DTT te skep. Vertalers word dus verantwoordelik gehou vir hulle produkte en vir die besluite en veranderings wat hulle gemaak het (ibid:182). Dit gaan hier om professionele standaarde soos integriteit en deeglikheid (ibid:68).

Dit is vanselfsprekend dat die konsep *vertroue* van toepassing is op tydskrifvertaling in Suid-Afrika. Die vertalers van *Huisgenoot*, *You, Drum, Tuis, Home, Weg* en *Go!* moet die inisieerders vertrou dat die BTT'e die moeite werd is om te vertaal. Hierdie vertalers moet ook vertrou dat die DTL's die DTT te goeder trou sal lees. DTL's moet op hulle beurt vertrou dat die DTT'e die moeite werd is om te lees, ander sal hulle nie die betrokke tydskrif(te) koop nie. Dit is duidelik dat die inisieerders en die uitgewer (Media24) die onderskeie vertalers vertrou, aangesien die vertalers oor die algemeen nie 'n gedetailleerde vertaalopdrag ontvang nie (sien 2.5.3.1.1). Hulle word dus toegelaat om hulle eie inisiatief aan die dag te lê.

2.4.4.2.2 Die kommunikasienorm

Dit is 'n sosiale norm wat klem lê op die vertaler se rol as kommunikasie-ekspert: “[A] translator should act in such a way as to optimize communication, as required by the situation, between all the parties involved” (Chesterman 1997:69). Volgens Chesterman is begrip (“understanding”) die onderliggende ‘waarde’ van dié norm. Met hierdie konsep word bedoel dat 'n vertaler op so 'n manier moet vertaal dat die DTL's die DTT sal verstaan (ibid:183).

Die kommunikasienorme hou verband met die funksionalistiese benadering (sien 2.5) waarvolgens 'n teks op so 'n manier vertaal moet word dat dit optimaal in die DK sal funksioneer.

2.4.4.2.3 Die verhoudingsnorm

Hierdie norm bepaal dat 'n vertaler so te werk moet gaan dat “an appropriate relation of *relevant similarity* is established and maintained between the source text and the target text” (my kursivering). Die verhoudingsnorm kan dus beskou word as 'n linguistiese norm. Hiervolgens word die konsep *ekwivalensie* as 'eng' bestempel, aangesien daar in werklikheid verskeie tipes verhoudings tussen die BTT en DTT kan bestaan. Die vertaler bepaal watter tipe verhouding geskik gaan wees “in any given case, according to the text-type, the wishes of the commissioner, the intentions of the original writer, and the assumed needs of the prospective readers” (Chesterman 1997:69). Hierdie situasie hou verband met die onttroning van die konsep *ekwivalensie* wat by 2.5.2 bespreek word.

Chesterman betrek die konsep *getrouheid* (“truth”) by die verhoudingsnorm. Hiervolgens moet die DTT op een of ander manier getrou wees aan die BTT. Volgens Chesterman “[t]ranslations relate to their source texts in a wide variety of acceptable ways, depending on a whole host of intratextual and extratextual reasons” (1997:179). Die mate van getrouheid tussen die BTT en DTT hang dus af van die situasie waarin die kommunikasie plaasvind (ibid:179): “What this true relation can be will depend on what the situational conditions deem to be relevant” (ibid:180). As daar geen verhouding tussen die BTT en DTT bestaan nie, kan die DTT nie 'n vertaling genoem word nie (ibid:179).

2.4.4.3 Samevatting van Chesterman se norme

Chesterman se **verwagtingsnorme** dui daarop dat DTL's sekere verwagtings het oor hoe 'n DTT behoort te lyk. Hulle sal byvoorbeeld verwag dat die DTT aan die norme en konvensies van die DT en die DK sal voldoen. Dit is van kardinale belang dat die DTL's die DTT as aanvaarbaar sal beskou, anders sal hulle dié teks verwerp. Die **professionele norme** word in drie subkategorieë verdeel, naamlik die verantwoordelikheds-, kommunikasie- en

verhoudingsnorm. Die **verantwoordelikeheidsnorm** is 'n etiese norm wat bepaal dat 'n vertaler lojale moet wees aan die ander rolspelers in die vertaalproses. Volgens die **kommunikasienorm** moet die DTT op so 'n manier geskep word, dat dit optimaal in die DK funksioneer. Die DTL's moet dus die DTT kan verstaan en hulle moet hulle daarmee kan vereenselwig. Die **verhoudingsnorm** bepaal dat daar altyd 'n verhouding tussen 'n BTT en 'n DTT moet wees, anders kan die DTT nie as 'n vertaling bestempel word nie.

Uit die bespreking blyk dit dat Toury en Chesterman se norme feitlik die hele vertaalproses beïnvloed, van die keuse van tekste wat vertaal moet word tot die 'opbou' van die vertaalde tekste. Dit is dus duidelik dat hierdie norme 'n baie belangrike aspek van BVS is. Nog 'n belangrike aspek van BVS is die konsepte *herskrywing* en *manipulasie*. Dit word vervolgens van naderby bekyk.

2.4.5 Herskrywing en manipulasie

Die konsep *herskrywing* is binne die Manipulasieskool deur André Lefevere ontwikkel (Aksoy 2001:3). Hierdie term verwys na 'n aantal prosesse, insluitende vertaling, waarvolgens 'n oorspronklike teks op een of ander manier herinterpreteer, verander of **gemanipuleer** word (Shuttleworth en Cowie 1997:147). Volgens Lefevere is vertaling die herkenbaarste én die invloedrykste tipe herskrywing "because it is able to project the image of an author and/or a (series of) work(s) in another culture, lifting that author and/or those works beyond the boundaries of their culture of origin" (1992:9).

Lefevere beskryf herskrywing as "the adaptation of a work of literature to a different audience, with the intention of influencing the way in which that audience reads the work" (1982:234-235). Hierdie konsep geld egter nie net vir literêre werke nie en kan van toepassing gemaak word op ander tekste. Volgens Hermans "all translation implies a degree of manipulation of the source text for a certain purpose" (1985:11). Soortgelyk meen Katan dat vertaling 'n proses van "skilful manipulation" is (2004:190). Vertaalstrategieë soos byvoeging, weglating, plaasvervanging of herorganisering waardeur

tekste gemanipuleer word, is dus “part and parcel of the normal textual operations performed in any translation”. Met behulp van sulke strategieë kan funksionele tekste vir ’n spesifieke doel geskep word (Vuorinen 1995:170).

Volgens Alvarez en Vidal (1996:4)

[t]ranslation is not the production of one text equivalent to another text, but rather a complex process of rewriting that runs parallel both to the overall view of language [...] and to the influences and the balance of power that exists between one culture and another.

Herskrywing kan dus beskou word as ’n metalinguistiese proses waarvolgens ’n teks verander word om ’n spesifieke doel te dien. Dit is veral sosiokulturele, ideologiese en linguistiese beperkings wat veroorsaak dat BTT’e gemanipuleer word (Hatim 2001:62, 132). Vertaalde tekste sal op hulle beurt die DTL’s manipuleer, veral hulle persepsies van die BK (Chesterman 1997:38). Volgens Snell-Hornby toon herskrywing dus ’n sosiologiese benadering tot die vertaalproses (2006:49).

2.4.5.1 Beperkings

Vertalers het dus die mag om tekste te manipuleer, maar terselfdertyd word hulle werk en ingesteldhede gemanipuleer deur ’n aantal beperkings (Chesterman 1997:39). Lefevere identifiseer vyf sodanige beperkings waaraan vertalers onderhewig is: die patronaat (“patronage”), ideologie, die linguistiese beperkings van die DT, poëtika, en die universele diskoers (“universe of discourse”) (1992:15, 26, 41, 87, 99). Lefevere het hierdie beperkings ontwikkel met die oog op literêre vertaling, maar dit kan van toepassing gemaak word op ander tipes vertaling (Chesterman 1997:78).

2.4.5.1.1 Patronaat

Lefevere beskryf die konsep *patronaat* as “the powers (persons, institutions) that can further or hinder the reading, writing and rewriting of literature” (1992:15). Fawcett (in Hatim 2001:210)⁶ praat van “the various agents of power that put pressure on the act of translation”. Hierdie “agents” staan bekend as ‘beskermers’ (“patrons”) en kan een van die volgende wees: politieke of religieuse instellings, sosiale klasse, die media (koerante, tydskrifte en televisiekorporasies), individue (byvoorbeeld ’n regeringshoof) (Lefevere 1985:228, 1992:15), uitgewers, redigeerders (Chesterman 1997:79), regerings, universiteite (Munday 2001:129) en inisieerders (sien 2.5.3.1).

Die konsep *patronaat* bestaan uit drie komponente, naamlik ’n ideologiese, ekonomiese en ’n statuskomponent (Lefevere 1985:227).

Volgens Jameson kan die ideologiese komponent beskryf word as die “grillwork of form, convention, and belief which orders our actions” (1974:107). Hierdie komponent beïnvloed die keuse van onderwerpe waaroor daar geskryf word (of die onderwerp van tekste wat vertaal word), asook die vorm en die aanbieding daarvan (Munday 2001:128): “The ideological element acts as a constraint on the choice and development of both form and subject matter” (Aksoy 2001:4). Die konsep *patronaat* hou dus verband met Toury se voorbereidingsnorme (sien 2.4.3.1) waar beskermers besluit watter tekste vertaal gaan word.

Die ekonomiese komponent fokus op die betaling van skrywers en herskrywers: “[T]he patron sees to it that writers and rewriters are able to make a living, by giving them a pension or appointing them to some office” (Lefevere 1992:16). In ruil vir betaling moet die skrywer of herskrywer (vertalers) aan die beskermer se verwagtings voldoen (Munday 2001:129). In dié verband meen Lefevere “the patron(s) count on these professionals to

⁶ Die oorspronklike bron is nie in Suid-Afrika beskikbaar nie (Fawcett, P. 1995. Translation and power play. *The Translator*, 1(2):177-192).

bring the literary system in line with their own ideology” (1992:15-16). Volgens hom dui die aanvaarding van die patronaat daarop dat skrywers en herskrywers (vertalers) binne die parameters moet werk wat die beskermers daarstel (ibid:18).

Volgens die statuskomponent kan vertalers, as herskrywers, status verwerf deur “a respected genre, a popular motif, a favoured set of literary devices or a set of symbols serving particular themes fashionable in a given culture” te gebruik (Hatim 2001:63). Vertalers, as professionele persone, sal dus gerespekteer word as hulle tekste in ’n ‘gerespekteerde’ genre vertaal en as hulle stylfigure en simbole gebruik wat hoog geag word binne die DK. Volgens Lefevere “[the] [a]cceptance of patronage implies integration into a certain support group and its lifestyle” (1992:16).

Dit is dus duidelik dat vertalers, as herskrywers, binne die grense moet werk wat hulle beskermers daarstel: “[T]hey should be willing to cooperate with and implement the patron’s objectives and legitimize the patron’s status and power over the whole operation of the systems” (Aksoy 2001:4). Vertaling is dus “a primary method of imposing meaning while concealing the power relations that lie behind the product of that meaning” (Bassnett 1998:136).

In die geval van *Huisgenoot*, *You*, en *Drum*, *Tuis* en *Home*, asook *Weg* en *Go!* is Media24 die beskermmer. Individue binne Media24 bepaal watter tekste vertaal moet word (sien 4.2.1.1). Media24, as uitgewer, betaal die onderskeie vertalers vir die produkte wat hulle lewer.

2.4.5.1.2 Ideologie

Lefevere beskou ideologie as die belangrikste aspek wat by herskrywing betrokke is, aangesien dit ’n vertaler se ideologie of die ideologie “imposed on him/her as a constraint by some form of patronage” weerspieël (1992:41). Volgens Lefevere is ’n vertaler se ideologie sigbaar

in the way he or she treats the original's *universe of discourse* [...]; the translator's attitude towards such items is influenced by "the status of the original, the self-image of the culture that text is translated into, the types of text deemed acceptable in that culture, the levels of diction deemed acceptable in it, the intended audience, and the 'cultural scripts' that audience is used to or willing to accept" (Shuttleworth en Cowie 1997:147).

'n Vertaler se ideologie blyk ook duidelik uit die teksdele wat hy/sy byvoeg of weglaat, die woorde (vertaalekwivalente) wat hy/sy kies, asook die manier waarop hy/sy die woorde en teksdele 'plaas'. Elke keuse wat 'n vertaler maak, hoe onbenullig dit ook al mag wees, word beïnvloed deur "his history and the socio-political milieu that surrounds him; in other words, his own culture" (Alvarez en Vidal 1996:5).

Dit blyk dus dat vertalings (herskrywings) nooit onskuldig is nie (Bassnett en Lefevere 1990:11; Hatim 2001:62; Alvarez en Vidal 1996:5), aangesien daar altyd 'n mate van interpretasie en inmenging voorkom (Layoun 1995:272). 'n Vertaler "can artificially create the reception context of a given text. He can be the authority who manipulates the culture, politics, literature and their acceptance (or lack thereof) in the target culture" (Alvarez en Vidal 1996:2). Volgens Holman en Boase-Beier kan 'n vertaling nie beskou word as "a sheet of glass through which the original is viewed, as it were, in its pristine state" nie, want die vertaler is altyd 'teenwoordig' in die teks. 'n Vertaler self dien met ander woorde as 'n "constraining and enabling filter" (1998:9). Ideologie hou dus verband met die kommunikasienorm (sien 2.4.4.2.2), aangesien dit die manier beïnvloed waarop vertalers die BTT-boodskappe oordra (Chesterman 1997:78).

Dit is vanselfsprekend dat die DTT'e in *Huisgenoot*, *You*, en *Drum*, *Tuis* en *Home*, asook *Weg* en *Go!* deur die betrokke vertalers se ideologieë beïnvloed word. Hierdie aspek word by 3.2.2.4.4 en 3.2.2.4.5 in detail bespreek.

2.4.5.1.3 Linguistiese beperkings van die DT

Volgens Chesterman “the translator’s choice of the appropriate relation between source and target is obviously restricted by the range of relations that are *possible* – and this range is defined partly by the intrinsic natures of the language themselves” (1997:79). Dit blyk dus dat die struktuurverskille tussen die BT en DT, asook die heersende poëtika in die DK, beperkings plaas op die opsies tot ’n vertaler se beskikking (Lefevere 1992:99). Lefevere (ibid:100) lê klem daarop dat tale verskil en dat vertalers voorberei moet word om sodanige verskille te oorbrug: “Translator training can [...] alert translators both to the relativity of translation poetics and to strategies that may be used to ‘overcome’ the differences between languages, which are an undeniable given.”

2.4.5.1.4 Poëtika

Lefevere beskryf die konsep *poëtika* as ’n gedragskode wat uit twee komponente bestaan: ’n inventariskomponent en ’n funksionele komponent. Die inventariskomponent dui op ’n inventaris van literêre middele, genres, motiewe, prototipiese lettertekens en situasies, asook op simbole. Die funksionele komponent, hierteenoor, fokus daarop hoe literatuur in ’n samelewing moet of behoort te funksioneer. Hierdie komponent speel veral ’n belangrike rol in die keuse van onderwerpe waarvoor daar geskryf moet word (1992:26).

Volgens Lefevere “the functional component of a poetics exert an innovative influence on the literary system as a whole, whereas the inventory component of the poetics tends to exert a more conservative influence, which also affects the way in which a theme can be treated” (1992:34). Albei hierdie aspekte sal met verloop van tyd verander – die funksionele komponent waarskynlik meer as die inventariskomponent. Herskrywings (vertalings) speel ’n belangrike rol in hierdie dinamiese proses “by introducing new devices into the inventory

component of a poetics and paving the way to changes in its functional component” (ibid:38).

Die heersende poëtika in die DK “forces translators to privilege one or two illocutionary strategies at the expense of others” (Lefevere 1992:100). Daar is voortdurend instellings wat poog om die heersende poëtika af te dwing deur dit as maatstaf te gebruik waarteen nuwe produkte gemeet word (ibid:19).

Al fokus Lefevere op literêre vertaling, kan poëtika ook op ander tipes vertaling, soos tydskrifvertaling, van toepassing gemaak word. Wat die inventariskomponent betref, kan tydskrifte as ’n genre bestempel word waarin ’n aantal aspekte voorkom wat eie is aan dié genre, byvoorbeeld artikels, rubrieke, advertensies, ensovoorts. Die funksionele komponent speel ook ’n belangrike rol in die tydskrifbedryf. Dit gaan hier daaroor dat alle tekste wat in tydskrifte verskyn, funksioneel moet wees, met ander woorde dit moet aan die lesers se verwagtings voldoen. Dié aspek geld ook vir vertaalde tekste wat in tydskrifte geplaas word.

2.4.5.1.5 Universele diskoers

Lefevere beskryf die universele diskoers as die “objects, concepts, customs belonging to the world that was familiar to the writer of the original” (1992:41). Hy beskou dit ook as “those features particular to a given culture, and they are, almost by definition, untranslatable or at least very hard to translate” (1985:235). Hier is dus sprake van kultuurspesifieke uitings.

Die konsep *kultuurspesifieke uitings*, die probleme wat daarmee gepaard gaan, asook die hantering daarvan word vervolgens bespreek.

2.4.5.2 Kultuurspesifieke uitings

Daar kom dikwels aspekte in 'n BTT voor wat moeilik is om te vertaal as gevolg van verskille tussen die BK en DK. Chesterman verwys hierna as “culture bumps” - “features that hinder cross-cultural interaction, that prevent smooth communication” (1997:185).

“Culture bumps” word veroorsaak deur “cultural words, proverbs and of course idiomatic expressions, whose origin and use are intrinsically and uniquely bound to the culture concerned” (Karamanian 2002:1). Soortgelyk meen Nida en Reyburn dat figuurlike taalgebruik vervleg is met die “cultural specialities” van die betrokke taalgemeenskap (1981:41). In die BTT is daar ook dikwels kultuurgebonde verwysings na persone, voorwerpe en instellings wat nie in die DK voorkom nie (Landers 2001:79).

Voorbeelde van “culture bumps” is aanspreekvorme, sosiale verhoudings, kleredrag, ornamente, gebruike, tradisies, oortuigings, gevoelens, religieuse elemente, mites, legendes, asook geografiese en omgewingselemente (Thriveni 2002:2). Verdere voorbeelde is kosterme, eponieme, gebare en gewoontes, leksikale aspekte (James 2002:5-8) en groetvorme (Shuttleworth en Cowie 1997:35).

Hoe groter die afstand tussen die BK en DK is, hoe groter is die ‘gaping’ wat vertalers moet oorbrug (Landers 2001:93). Die mate van manipulasie van die BTT sal dus afhang van die kulturele konteks waarin die DTT ingebed is (Holman en Boase-Beier 1998:13). Frank sluit hierby aan: “[S]pecific target culture preoccupations determine the degree of manipulation, appropriation and normative shifts in the process of textual transfer” (2007:18). Volgens Sengupta “the rewriting often involves intense manipulation and simplification for the sake of gaining recognition in and by the metropole” (1995:160). Die afleiding kan dus gemaak word dat die voorgenome DTL’s ’n rol speel in die keuse van strategieë wat gebruik gaan word om “culture bumps” te vertaal (Lefevere 1992:93).

Een van die belangrikste oogmerke van 'n vertaler is immers om 'n funksionele DTT te skep waarby die DTL's aanklank sal vind. Vertalers moet dus die kultuurspesifieke inhoud “negotiate, filter and transform” om die leesbaarheid van die DTT te fasiliteer (Frank 2007:17). Dit wil dus voorkom of die geslaagdheid van 'n vertaling op die vertaler se kennis van die DK berus (Landers 2002:1).

As “culture bumps”, oftewel “source-culture-bound features” onveranderd na DTT'e oorgedra word, sal die vloei en verstaanbaarheid van dié tekste versteur word – dit kan selfs tot misverstande lei (Chesterman 1997:185). Dit gebeur ook dikwels dat figuurlike taalgebruik in die BTT noodgedwonge as niefiguurlik na die DTT oorgedra moet word. Vertalers moet dus vergoed vir hierdie verlies aan impak deur te poog om “nonidioms” in die BTT as idiome te vertaal (Nida en Reyburn 1981:41). Om dus “culture bumps” te oorkom, word vertalers genoop om verskillende vertaalstrategieë te gebruik. Chesterman beskou sodanige strategieë as eksplisiete tekstuele manipulasie (1997:89). Voorbeelde van sodanige strategieë word vervolgens onder die loep geneem.

2.4.5.3 Vertaalstrategieë

2.4.5.3.1 Aanpassing (“adaptation”)

Aanpassing is 'n strategie wat gebruik word wanneer die situasie of aktiwiteit waarna die BTT verwys nie in die DK voorkom nie (Vinay en Darbelnet 1958/1995:90-91) of as dit nie dieselfde relevansie of konnotasie het as in die BK nie (Shuttleworth en Cowie 1997:4). In so 'n geval moet 'n vertaler 'n nuwe situasie skep wat as ekwivalent beskou kan word. Hier is sprake van 'n spesiale soort ekwivalensie, genaamd omstandigheidsekwivalensie (“situational equivalence”) (Vinay en Darbelnet 1958/1995:91). Vertalers maak dus aanpassings in die DTT “in order to present in it a scene which functionally corresponds to the one in the source text” (Ozbot 2001:141 – my kursivering). 'n Voorbeeld hiervan is wanneer die BTT verwys na 'n

krieketwedstryd wat plaasvind. As krieket nie deel van die DK uitmaak nie, maar sokker wel, kan daar eerder in die DTT na 'n sokkerwedstryd verwys word. Volgens Katan baat dit om “domestic culture images or ideas” in DTT'e te gebruik waarby die DTL's kan aanklank vind (2004:117).

Aanpassings word ook benodig wanneer die inhoud van die BTT selfverwysend (“self-referential”) is, met ander woorde wanneer die grammatikale struktuur van die BT beskryf of woordspelings gebruik word. Verder moet humor wat in die BTT voorkom, dikwels aangepas word (Landers 2001:56, 58).

Om 'n BTT (of dele daarvan) aan te pas, word verskeie strategieë gebruik, naamlik herbewoording, eksplisering binne die teks, para-tekstuele eksplisering (via voetnote of 'n voorwoord), plaasvervangings en weglatings.

In *Huisgenoot*, *You*, en *Drum*, *Tuis en Home*, asook *Weg en Go!* word DTT'e om verskeie redes aangepas. Sien 4.2.3 vir voorbeelde hiervan.

2.4.5.3.2 Byvoeging (“addition”)

Byvoeging kom voor wanneer die BTT linguistiese, kulturele of tekstuele items bevat wat nie in die DK voorkom nie (Naudé 2000:15). In dié verband meen Kang dat inligting bygevoeg kan word “to explicate source text meaning or to provide background information regarding unfamiliar people, objects or events” (2007:227). Byvoeging kan dus in twee ‘breë’ kategorieë verdeel word, naamlik invoegings (“interpolation”) en eksplisering (“explicitation”).

Volgens Landers dui **invoeging** op die inlas van 'n parentetiese woord of frase. As invoegings oordeelkundig gedoen word, met inagneming van die natuurlike vloei van die DT, kan dit onopsigtelik gebeur. Invoegings moet nooit langer as 'n paar woorde wees nie. Landers meen “judicious interpolation neither adds to or subtracts from the text, it merely makes it more accessible to the TL reader” (2001:94).

Volgens Frank word vertalings gekenmerk deur “interventions that attempt to give information to readers and to modify or enlarge their knowledge”. Hierdie proses staan bekend as **eksplisering** (2007:9). Dit gaan hier om “the increase in textual information regardless of systematic differences between the two linguistic systems” (ibid:17), met ander woorde dit wat implisiet is in die BTT word in die DTT verduidelik (ibid:179). Eksplisering help die DTL’s om die DTT beter te verstaan. Dit kan dus beskou word as ’n lesergerigte strategie (ibid:156). Veral kulturele verwysings wat in die BTT voorkom word in die DTT verduidelik (James 2002:8). Sekere aspekte, byvoorbeeld kostermes, kan omskryf of beskryf word as die betekenis daarvan nie uit die konteks afgelei kan word nie (Landers 2001:79). Walker, Kruger en Andrews stel voor dat verhelderde tekskassies, grafieke en glosse gebruik kan word om bykomende inligting aan lesers te bied en om vreemde konsepte te verduidelik (1995:112).

In vertaalde tydskrifte gebeur dit dikwels dat parentetiese woorde of frases in ’n DTT ingevoeg word of dat BTT-dele omskryf en verduidelik word, sodat die DTL’s die DTT beter sal verstaan. Dit is veral die geval in *Drum*. *Drum*-tekste is nie altyd vertaalde tekste nie. Soms word tekste wat oorspronklik vir *You* geskryf is bloot aangepas en in Engels herskryf vir *Drum*. Ongeag of *Drum*-tekste vertalings of intralinguistiese herskrywings is, word dele van die oorspronklike teks in die *Drum*-teks omskryf of teksdele word bygevoeg. Sien 4.2.3.1.8 en 4.2.3.2.6 vir voorbeelde hiervan. In *Huisgenoot*, *You* en *Weg* is daar ook voorbeelde van dele wat bygevoeg word. Sien 4.2.3.1.4, 4.2.3.2.1 en 4.2.3.4.7.

2.4.5.3.3 Weglating (“deletion”)

BTT-items kan om verskeie redes uit die DTT weggelaat word. Volgens Kang “[i]nformation may be omitted due to such factors as space limitation, the potential lack of informativity for the target readers, or other text-normative considerations of the target language” (2007:226).

BTT-items kan ook uit die DTT weggelaat word as die vertaler besluit dat dié items om een of ander rede ongeskik is (Frank 2007:13-14). In dié verband meen Baker: “A translator may decide to omit or replace whole stretches of text which violate the reader’s expectations of how a taboo subject should be handled – if at all – in order to avoid giving offence.” Vertalers moet beseef dat norme uiters kultuurspesifiek is en dat dit van kultuur tot kultuur verskil. Dit wat kulture as taboe beskou, verskil ook en taboe-onderwerpe het verskillende grade van ontoelaatbaarheid. In sommige gevalle is dit belangriker om teksdele beleefd en aanvaarbaar te vertaal as om dit akkuraat te vertaal (1992:234). Dit is dus duidelik dat vertalers teksdele moet weglaat wat aanstootlik kan wees vir die DTL’s. Dit is herskrywers en redigeerders se taak om te verseker dat daar geen aanstootlike teksdele in DTT’e voorkom nie.

Verder kan BTT-items weens kultuurverskille weggelaat word. Volgens Hariyanto word kultuurspesifieke woorde en konsepte dikwels weggelaat wanneer dit onbekend is in die DK en wanneer dit nie ’n groot rol speel in die teks nie (s.j.:9). Dit is van kardinale belang dat die inhoud van die DTT aanvaarbaar sal wees vir die DTL’s, anders sal hulle die DTT verwerp en die betrokke tydskrif nie koop nie.

Weglatings is dus ’n aanduiding van die heersende norme en konvensies van die DK, aangesien BTT-items weggelaat word as dit teen die norme en konvensies van die DK indruis (Frank 2007:16). Volgens Katan is weglating “at times, an extremely useful solution” (2004:183).

In die DTT’e onder bespreking by 4.2.3 word teksdele om verskeie redes weggelaat. Sien 4.2.3.1.3 (*Huisgenoot*), 4.2.3.1.7 (*Drum*), 4.2.3.2.2 (*You*), 4.2.3.3.5 (*Home*) en 4.2.3.4.6 (*Weg*) vir voorbeelde hiervan.

2.4.5.4 Samevatting van herskrywing en manipulasie

Herskrywing is die proses waardeur tekste om verskeie redes verander en gemanipuleer word. Kultuurspesifieke uitings (“culture bumps”) is een van die vernaamste redes waarom tekste of teksdele herskryf word. Verskillende vertaalstrategieë word tydens die herskrywingproses gebruik om tekste te manipuleer. Voorbeelde van sodanige strategieë is die aanpassing, omskrywing, byvoeging en weglating van teksdele.

Nog ’n belangrike aspek van herskrywing is dat vertalers se werk deur vyf beperkings beïnvloed word. Dit sluit die konsep *patronaat*, ideologie, die linguistiese beperkings van die DT, poëtika en die universele diskoers in.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit duidelik dat vertaalnorme, veral dié van Toury en Chesterman, asook die herskrywing en manipulasie van tekste ’n belangrike deel van BVS uitmaak. BVS, op sy beurt, is een van die ‘bene’ waarop die kulturele wending in vertaling staan. Die ander ‘been’, die funksionalistiese benadering tot vertaling, word vervolgens ondersoek.

2.5 Die funksionalistiese benadering (die skoposteorie)

Translation is the production of a functional target text maintaining a relationship with a given source text that is specified according to the intended or demanded function of the target text (translation skopos). Translation allows a communicative act to take place which because of existing linguistic and cultural barriers would not have been possible without it.

~ Nord 1991a:28

2.5.1 Agtergrond

Die funksionalistiese benadering het in die vroeë tagtigerjare in Duitsland ontwikkel (Hatim 2001:73). Hans J. Vermeer het 'n reuseteoretiese bydrae tot hierdie benadering gemaak deur die ontwikkeling van die sogenaamde 'skoposteorie' (Snell-Hornby 1990:82). Dit is veral Vermeer en Katharina Reiss wat met hierdie teorie geassosieer word (Hatim 2001:73; Ozbot 2001:139).

'Skopos' is 'n Griekse woord wat "purpose, aim, goal" beteken. Die skoposteorie gaan van die standpunt uit dat elke teks 'n spesifieke doel het. Wanneer 'n teks vertaal word, is die doel van die 'nuwe' teks die belangrikste element in die vertaalproses (Schäffner 1999:5; Nord 2001a:27). Daar is twee 'skoposreëls' wat die skoposteorie saamvat: (1) Die vertaalproses word beïnvloed deur die doel van die vertaling ("Eine Handlung wird von ihrem Zweck bestimmt"); (2) Die doel van die vertaling word bepaal deur die DTL's ("Der Skopos ist als rezipientenabhängige Variable beschreibbar") (Reiss en Vermeer 1984:101).

Die eerste 'reël' maak dit duidelik dat alle handeling in die vertaalproses doelgeoriënteerd is en dat die skopos die spil is waarom alles draai: "The skopos is thus defended as the highest-ranking factor governing the translator's actions" (Chesterman 1998:155, 156). Volgens Hatim "the way the target text eventually shapes up is determined to a great extent by the function, or 'skopos', intended for it in the target context" (2001:74). Die skopos van die DTT bepaal watter aspekte van die BTT na die DTT oorgedra moet word en watter vertaalmetodes en -strategieë gevolg gaan word (Naudé 2000:5; Nord 2001b:200; Vermeer 1998:56): "The translation skopos determines the translation procedure" (Nord 1997:47). Nord noem hierdie situasie die 'funksionaliteitsbeginsel' ("functionality principle") (2001b:200). Dit is dus duidelik dat "translation is not only carried out on the strength of an interpretation but also *on the basis of what function the target text is called upon to realise and for whom*" (Harvey 1998:271). Volgens Snell-Hornby (2006:52)

[t]he translation is then dependent on its function as a text “implanted” in the target culture, whereby there is the alternative of either preserving the original function of the source text (“functional constancy”), or of changing the function to adapt to *the specified needs of the target culture* (my kursivering).

Die skopos bepaal dus of ’n vertaling ‘vry’ (“free”) of ‘getrou’ (“faithful”) moet wees en of daar ’n middeweg gevind moet word tussen dié twee uiterstes (Nord 2001a:29). Volgens Vermeer beïnvloed die skopos ook die besluite “on lower levels down to the grapheme or phoneme as well as on levels higher than the text, in the case of translating even beyond a culture, translating being by definition a transcultural operation” (1998:58). Dit blyk duidelik dat die skopos van die BTT nie eintlik van belang is nie (Naudé 2000:5).

Die tweede ‘reël’ lê klem op die rol wat die DTL’s speel: “Every translation is directed at an intended audience, since to translate means “*to produce a text in a target setting for a target purpose and target addressees in target circumstances*” (Vermeer 1987:29). Volgens Nord is die belangrikste faktor in die vertaalproses “the (intended) receiver or addressee with their specific communicative needs” (1997:46). Dit is dus die profiel van die DTL’s (die sogenaamde “audience design”) wat die skopos van die DTT bepaal, asook die manier waarop die DTT in die DK ‘ontvang’ gaan word (Hatim 2001:74; Reiss en Vermeer 1984:102). Nord (1997:46) som die rol wat die DTL’s speel, soos volg op:

It is no longer the ST which sets the standards for the translator’s decisions in the translation process, but the intended receiver of the translation, whose reception will be entirely guided by TC expectations, conventions, norms, models, real-world knowledge, perspective, etc.

Vertalers se aannames en veronderstellings oor die DTL’s sal die manier waarop DTT’e geskep word, beïnvloed (Nord 2001a:35): “[I]nformation about the target-text addressee (with regard to sociocultural background, expectations, sensitivity or world knowledge) is of crucial importance for the

translator” (ibid:22). Dit is dus van kardinale belang dat die vertaalopdrag (“Übersetzungsauftrag” of “brief” – sien 2.5.3.1.1) so veel moontlik inligting moet bevat oor die DTL’s (1991a:9). Nord meen “[t]he more unequivocal and definite the description of the TT recipient, the easier it is for the translator to make his decision in the course of the translation process”. Vertalers behoort dus aan te dring op so veel moontlik detail (ibid:9).

Die skopos van tekste wat vir tydskrifte vertaal word, is dat al dié tekste soos oorspronklike tekste moet lees, met ander woorde dit moet natuurlik en idiomaties wees. Sodanige tekste moet tot die DTL’s spreek en dit moet in die DK as onafhanklike tekste funksioneer. Die DTL’s moet dus nie daarvan bewus wees dat hulle ’n vertaling lees nie. As die DTT’e in *Huisgenoot*, *You*, en *Drum*, *Tuis* en *Home*, asook *Weg* en *Go!* soos vertalings sou lees, sou die lesers waarskynlik ophou om hierdie tydskrifte te koop.

Aangesien die DTL’s en hulle kultuur so ’n groot rol speel in die vertaalproses, word die konsep *ekwivalensie* ‘weggekalwer’ “to a functional category determined by target-culture factors” (Hermans 1994:15).

2.5.2 Die onttroning van ekwivalensie

Dit is dus duidelik dat die linguistiese benadering tot vertaling, waarvolgens die DTT ’n ekwivalente weergawe van die BTT moet wees, deur die funksionalistiese benadering verwerp word. Vermeer maak dit duidelik dat die konsep *ekwivalensie* ondergeskik is aan die skopos wat in die vertaalopdrag uiteengesit word (Snell-Hornby 2006:51, 54, 62; Naudé 2000:8; Nord 2001a:36). Die graad van ekwivalensie, asook die aanpassings wat gemaak gaan word, word bepaal deur die skopos (Chesterman 1998:156).

Vertalers bepaal dus op grond van die skopos watter BTT-elemente na die DTT oorgedra en watter aangepas moet word, aangesien “the structural properties of any target text have to be adjusted to the function it is intended to have for the target-culture recipients” (Nord 1991a:17; Nord 2001a:25-26;

Vermeer 1998:45). Vertalers moet vertaalstrategieë kies wat geskik is om die doel van die DTT te bereik, ongeag of dié strategieë as die standaardprosedure in die spesifieke situasie beskou word (Shuttleworth en Cowie 1997:156). Hier geld die konsep “[d]er Zweck heiligt die Mittel” (Reiss en Vermeer 1984:101). Volgens Hatim (2001:74) “[s]uch a strategy can and often does run counter to orthodox equivalence-based procedures since here *the end essentially justifies the means*” (my kursivering).

Toury beskryf die skoposteorie as ’n DTT-georiënteerde paradigma (1995:25). Die fokus verskuif dus van die BTT na die DTT en daar word klem gelê op die DTT se kommunikatiewe funksie(s). Volgens Vermeer word die BTT onttoon as die maatstaf waaraan die kwaliteit van die DTT gemeet word (Naudé 2000:5; Nord 2001a:25; Shuttleworth en Cowie 1997:156). Nord (1991a:9) meen

it is not the source text as such, or its effects on the ST recipient, or the function assigned to it by the author, that operates the translation process, as is postulated by equivalence-based translation theory (e.g. Koller 1979), but the prospective function or skopos of the target text as determined by the initiator’s needs.

Nord beskou die BTT bloot as ’n ‘inligtingsaanbod’ (1991a:72) wat gedeeltelik of in geheel na die DTT oorgedra moet word. ’n DTT bied dus iets nuuts en oorspronklik “rather than simply furnishing the TL reader with the same information in a recodified form” (Shuttleworth en Cowie 1997:156). Frank (2007:8) beskryf hierdie ‘nuwe’ tekste as “‘mere refractions’ of the original” en Pym (in Frank 2007:12)⁷ beskou dit as “‘transferred’ texts in a new context”.

Binne die funksionalisme word daar dus ruimte gelaat vir aanpassings en herskrywings, aangesien die skopos van die BTT en DTT, asook die lesers van albei tekste, verskil (Chesterman 1997:33). ’n Vertaling hoef dus nie

⁷ Frank verskaf geen bladsyverwysing vir Pym se teks nie waarvan die titel lui, *Translation and text transfer. An essay on the principles of intercultural communication*.

meer 'n spieëlbeeld van die oorspronklike teks te wees nie: “[T]he long-standing debate about literal versus free translation, or translation versus adaptation, becomes superfluous, since all forms [...] are equally valid translation procedures, depending on the purpose of the TT” (Schäffner 1999:5). Volgens Frank “[t]ranslation goes well beyond equivalence and involves textual recreation through adaptation and composition for readers in another culture” (2007:154). Dit is dus duidelik dat die konsep *ekwivalensie* onttron is.

Al is die nastreef van ekwivalensie nie meer die hoofdoel van die vertaler nie, word daar steeds verwag dat daar 'n verhouding tussen die BTT en DTT sal wees (Nord 1991a:28). Vergelyk Chesterman se verhoudingsnorm (2.4.4.2.3). Die aard van dié verhouding word deur die skopos van die DTT bepaal (Nord 1991a:28): “[T]he relation of source text to target text varies according to type and function of the translation” (Snell-Hornby 1988:47). Ten einde 'n geskikte verhouding tussen die BTT en DTT te skep, moet aanpassings dikwels gemaak word (Chesterman 1997:70). Daar word dus gefokus op die adekwaatheid (“adequacy”) en geskiktheid (“appropriateness”) van die DTT met betrekking tot die skopos (Nord 1997:47; Nord 2001a:33). Hierdie aspek hou verband met Toury se aanvangsnorm (sien 2.4.3.2).

Nord identifiseer twee tipes vertaling wat verband hou met die konsep *ekwivalensie*, naamlik dokumentêre vertaling (“documentary translation”) en instrumentele vertaling (“instrumental translation”). In 'n dokumentêre vertaling “certain aspects of the ST or the whole ST-in-situation are reproduced for the TT recipient, who is conscious of ‘observing’ a communicative situation of which he is not a part” (1991a:72). Wanneer 'n BTT dus vertaal word, word geen poging aangewend om aanpassings te maak ter wille van die DTL's en die DK nie. Daar is dus sprake van woord-vir-woord-vertaling of letterlike vertaling waar die kleur van die BTT behou word (Shuttleworth en Cowie 1997:43). In dokumentêre vertalings is ekwivalensie dus een van die belangrikste vereistes. 'n Instrumentele vertaling, hierteenoor,

serves as an independent message-transmitting instrument in a new communicative action in TC, and is intended to fulfil its communicative purpose without the recipient being conscious of reading [...] a text which, in a different form, was used before in a different communication action (Nord 1991a:73).

So 'n vertaling is 'n kommunikatiewe instrument in eie reg, aangesien die boodskap direk van 'n BTT-skrywer na die DTL's oorgedra word (Nord 1991a:72). In instrumentele vertalings is die konsep *ekwivalensie* heeltemal ondergeskik aan die kommunikatiewe doelstellings van die DTT.

Tydskrifvertaling is uiteraard instrumenteel, sodat funksionele DTT'e geskep kan word waarby die DTL's sal aanklank vind. Een van die hoofvereistes van DTT'e wat in *Huisgenoot*, *You*, *Drum*, *Tuis*, *Home*, *Weg* en *Go!* verskyn, is immers dat dié tekste soos oorspronklike tekste moet lees wat spesiaal vir die betrokke lesers geskryf is.

2.5.3 Rolspelers in die vertaalproses

Binne die funksionalistiese benadering is daar 'n aantal belangrike rolspelers wat 'n groot invloed uitoefen op die vertaalproses, naamlik die BTT-skrywer, inisieerder, uitgewer, vertaler, en natuurlik DTL's. In die bespreking wat volg, val die klem op die inisieerder en die vertaler.

2.5.3.1 Inisieerder

'n Inisieerder is 'n persoon of groep wat opdrag gee dat 'n teks vertaal moet word (Harvey 1998:280). Hierdie persoon of groep, onder andere as die vertaler se kliënt, "starts the process of intercultural communication because he wants a particular communicative instrument: the target text" (Nord 1991a:8). Die inisieerder kies 'n spesifieke BTT (Aksoy 2001:2) omdat hy/sy die vertaling daarvan vir 'n spesifieke doel wil gebruik (Nord 1991a:8).

Volgens Aksoy manipuleer die inisieerder die hele vertaalproses, aangesien hy/sy al die vereistes waaraan die DTT moet voldoen, in die vertaalopdrag uiteensit (2001:2).

Inisieerders hou verband met die konsep *patronaat* (sien 2.4.5.1.1) wat 'n belangrike aspek van BVS is. Dié konsep word beskryf as die persone wat die lees, skryf en herskryf van tekste beïnvloed. Sodanige persone staan bekend as 'beskermers'. Laasgenoemde besluit watter tekste vertaal moet word en hulle betaal vertalers vir die werk wat hulle doen. Voorbeelde van beskermers is **inisieerders**, uitgewers, redigeerders, regeringshoofde, regerings, politieke of religieuse instellings, sosiale klasse, die media, universiteite, ensovoorts. Dit is dus duidelik dat 'beskermers' 'n sambreelterm is wat verskillende individue, groepe of instellings insluit.

2.5.3.1.1 Vertaalopdrag

Die inisieerder se vertaalopdrag behoort inligting te bevat oor die BTT-skrywer se bedoeling(s) (Nord 1997:56), die "prospective target situation" (Nord 1991a:8), die skopos van die DTT, die DTL's, die tekstipe en die tyd, plek, situasie en medium van die beoogde kommunikasie (Nord 2001a:30). Die graad van vreemdheid ("strangeness") en bekendheid ("familiarity") wat vereis word, moet ook aangedui word (Nord 1991a:134). 'n Vertaalopdrag kan dus beskou word as 'n aantal voorskrifte en riglyne waarvolgens die vertaalproses uitgevoer moet word. Dit verskaf ook belangrike inligting oor die situasie waarin die kommunikasie plaasvind.

Al die aspekte in die vertaalopdrag moet so gedetailleerd moontlik wees om te verseker dat daar geen misverstande is nie. Volgens Nord moet vertalers aandrang op so veel moontlik detail (2001a:22). Dit gebeur egter dat inisieerders, soos kliënte, soms baie vaag is, omdat hulle nie altyd oor die nodige vertaalkennis beskik nie: "Not being experts in intercultural communication, they often do not know that a good brief spells a better translation (ibid:30).

Nadat die vertaler die vertaalopdrag, die BTT en die DK-konvensies bestudeer het, moet hy/sy vasstel of die vertaalopdrag uitvoerbaar is, al dan nie (Feinauer 2007:11; Walker *et al.* 1995:108). Die vertaler “as the expert in ‘transculturality’ has to come to terms with the commissioner as to whether the skopos can or should be carried out and how this should be done optimally [...]” (Vermeer 1998:55).

Volgens Hatim “translation briefs are not always sufficiently detailed regarding what strategy to use, what type of translation would be most suitable, etc.” (2001:77). Die vertaalkeuses berus dus op die vertaler se verantwoordelikheid en bevoegdheid.

2.5.3.2 Vertaler

Binne die funksionalistiese benadering word vertalers beskou as kundiges op die gebied van intertaalige en interkulturele kommunikasie (Schäffner 1999:5). Vertalers tree dus op as bemiddelaars wat kommunikasie tussen twee kulture moontlik maak ten spyte van die kulturele ‘gapings’ (Nord 2001:187). Vertalers behoort dus nie net tweetalig te wees nie, maar ook ‘bikultureel’ of selfs ‘multikultureel’. Hulle behoort verskillende tale te kan beheers, aangesien taal ’n wesentlike deel van kultuur is (Snell-Hornby 1988:46). Vermeer verwys na ’n vertaler as ’n “bi-cultural [...] expert” en ’n “expert in ‘transculturality’” (1998:50, 55). By 3.2.2.4.2 word die vertaler, as kultuurekspert, in detail bespreek.

Die funksionalistiese benadering ken dus ’n hoër status aan vertalers, as bemiddelaars, toe (Schäffner 1999:5) deurdat hulle op die voorgrond geplaas word (Chesterman 1998:155). Die BVS, hierteenoor, sluit vertalers tot ’n groot mate uit (Pym 2006:3) deur op die verskille en verskuiwings tussen die BTT en DTT te fokus.

Voordat ’n vertaler kan begin vertaal, moet die vertaalopdrag noukeurig bestudeer word. Daarna moet die kernboodskap van die BTT bepaal word om

vas te stel of die vertaaltaak uitvoerbaar is. Vervolgens moet die BTT in detail bestudeer word deur middel van 'n aantal vrae wat die vertaler daarvoor vra (Naudé 2000:5; Walker *et al.* 1995:111). Sien figuur 2.

VRAE WAT GEVRA MOET WORD	WAT DIE ANTWOORDE VIR MENS Sê
Wie stuur die boodskap	Inligting oor die sender
Aan wie	Inligting oor die lesers
Waarom	Die sender se bedoelings
Deur watter medium	Bv. geskrewe of gesproke
Waar	Oorsprong van die kommunikasie (bv. Suid-Afrika)
Wanneer	Tyd wanneer teks geskep is
Hoekom	Motief vir die kommunikasie
Wat is die funksie van die teks	Bv. informatief, oorredend, ens.
Waaroor handel die teks	Bv. ekonomie
Wat sê die teks	Die inhoud van die teks
Wat word nie gesê nie	Sender se veronderstellings oor die kennis van die lesers
In watter volgorde	Die struktuur van die teks
Watter nieverbale elemente word gebruik	Nielinguistiese aspekte bv. uitleg, grafika, ens.
Watter woorde	Leksikale eienskappe en register
Watter soort sinne	Sintaktiese struktuur
Watter toon	Oorredend, sarkasties, ens.
Wat is die effek	Opsomming van al die voorafgaande vrae

Figuur 2 (Nord 1991a:36)

Soos dié vrae beantwoord word, moet die vertaler die vertaalopdrag en veral die skopos in gedagte hou, aangesien dit bepaal watter BTT-elemente behou en watter vir die spesifieke 'doel-situasie' aangepas moet word (Naudé 2000:5; Nord 1991a:28, 30; Walker *et al.* 1995:111). Die manier waarop die vertaler die BTT lees, word bepaal deur die kommunikatiewe behoeftes van die inisieerder en die DTL's (Nord 1991a:10). Nord (2001a:32) meen dat:

Guided by the translation brief, the translator selects certain items from the source-language offer of information (originally meant for source-culture addressees) and processes them in order to form a new offer of information in the target culture, from which the target addressees can in turn select what they consider to be meaningful in their own situation. In these terms, the translation process is irreversible.

Dit blyk duidelik dat die vertaler keuses behoort te maak wat die vertaalopdrag die beste dien, sodat die doel en funksie van die DTT optimaal bereik kan word (Chesterman 1998:156). Hy/sy moet ook die behoeftes en oogmerke van die inisieerder in ag neem (Katan 2004:191).

Naudé (2000:6) stel die vertaalproses soos volg voor:

Initiator (= Client) > Translator > Brief: Analysis of brief > ST: Analysis of ST with brief in mind > Translation done with brief + ST features in mind (some aspects of the ST are kept and others disregarded) > TT (may be the same or differ completely from ST) > Ideal result: Satisfied customer.

Hierdie voorstelling stem grotendeels ooreen met Nord se siening van die vertaalproses. Dit verskil egter in dié sin dat Naudé 'n tevrede inisieerder of kliënt as die "ideal result" van 'n vertaling beskou. Nord, hierteenoor, beskou die funksionaliteit van die DTT as die belangrikste kriterium (1991a:17). Die DTL's moet die DTT verstaan en dit moet koherent wees aan hulle kommunikatiewe situasie en kultuur (Nord 2001a:32), dit moet met ander woorde vir hulle sin maak. Hatim (2001:75) sluit hierby aan: "[T]he success or failure of a translation is ultimately decided by whether it can be interpreted successfully by the target recipient in a manner that is consistent with what is expected of it." Soortgelyk meen Shuttleworth en Cowie dat die sukses van 'n DTT afhang van "whether it was interpreted by the target recipient in a way which was coherent with his or her situation, and whether or not it lead to any kind of protest against its meaning or form" (1997:157).

'n DTT kan as funksioneel beskou word as dit die funksies vervul wat in die vertaalopdrag uiteengesit word en as dit deur die DTL's aanvaar word (Nord 1997:55; 2001:195). Die DTT moet dus "communicatively appropriate" wees (Ozbot 2001:139). Vermeer maak dit duidelik dat daar meer as een 'goeie' of 'korrekte' vertaling in een taal van 'n BTT kan wees (Hermans 1994:15), want dit wat met een DTL kommunikeer, kommunikeer nie noodwendig met 'n ander DTL nie. DTL's het normaalweg nie almal dieselfde opvoedingspeil nie. Hierdie aspek word in hoofstuk 3 ondersoek (sien 3.3.1.5, 3.3.2.4 en 3.3.3.5).

Vir Reiss en Vermeer berus die doeltreffendheid van 'n vertaling op die mate waarin die skopos en die vereistes van die vertaalopdrag verwesenlik word (Chesterman 1997:33; Harvey 1998:279). Vertaling is 'n dinamiese konsep wat verband hou met die doelgeoriënteerde keuses wat vertalers maak om die kommunikatiewe doel wat in die vertaalopdrag uiteengesit word, te bereik (Nord 2001a:35). Vertaling word dus nie meer beskou as 'n proses van transkodering nie, maar as 'n kommunikasiehandeling.

2.5.4 Lojaliteit

Volgens Walker *et al.* is daar geen definitiewe riglyn oor hoe vë 'n vertaler van die BTT mag wegbeweeg nie (1995:107). Gevolglik het Nord die konsep *lojaliteit* ("loyalty") bygevoeg om 'n etiese beperking te plaas op die moontlikhede wat vertalers het (Naudé 2000:7-8, Nord 2001:185; Walker *et al.* 1995:107).

Lojaliteit is "an interpersonal category referring to a social relationship between *people*" (Nord 2001a:125). Dit dui op die verantwoordelikheid wat die vertaler het teenoor die rolspelers (die BTT-skrywer, die inisieerder en die DTL's) van die vertaalproses (Nord 1997:48). Die vertaler moet die "intentions and expectations of all the partners in the communicative interaction named translation" in ag neem. As 'n kliënt byvoorbeeld sou verwag dat 'n vertaler dislojaal moet wees teenoor die BTT-skrywer, die DTL's of albei, "the translator should argue this point with the client or perhaps refuse to produce

the translation on ethichal grounds” (Nord 2001:195, 200). Hierdie situasie stem ooreen met Chesterman se verantwoordelikeidnorm (sien 2.4.4.2.1).

Vir vertalers om lojaal te wees moet hulle eerstens aan die vereistes van die vertaalopdrag voldoen (Chesterman 1998:156, 157). Hatim beskou vertalers as ‘getrou’ wanneer hulle doen wat die kliënt in die vertaalopdrag vra (2001:144). Lojaliteit beteken dus dat vertalers sal poog om ’n funksionele teks te skep wat aan die vereistes van die vertaalopdrag voldoen én wat in die DK aanvaar sal word (Naudé 2000:8).

Vertalers moet tweedens die konvensies en norme van die spesifieke vertaalsituasie in ag neem, sodat die DTT betekenisvol en funksioneel sal wees (Nord 1997:46). Daar moet dus gefokus word op “a set of ‘implicit principles, norms, rules and decision-making procedures around which actors’ expectations converge” (Pym 2006:24). Die konsep *norme en konvensies* is kenmerkend ook van die funksionalistiese benadering (Snell-Hornby 2006:55).

Ten derde is dit die vertaler se plig om die rolspelers in die vertaalproses in te lig oor die mate waarin hy/sy van die bestaande DK-norme en -konvensie afgewyk het én watter BTT-elemente aangepas is (Harvey 1998:287; Naudé 2000:8; Nord 1991a:29; Vermeer 1998:57). Sodoende weet die DTL’s dat die teks nie ’n getroue weergawe van die BTT of die BTT-skrywer se bedoeling(s) is nie. Hulle word dus nie mislei nie (Harvey 1998:287; Nord 1997:48). Daar word ook van vertalers verwag om verantwoording te doen ten opsigte van hulle vertalings (Schäffner 1999:5). Hulle moet hulle keuses kan regverdig met betrekking tot die vertaalopdrag en skopos (Chesterman 1998:157).

Volgens Nord sal hedendaagse DTL’s verwag dat vertalers lojaal sal wees en dat enige afwykings uitgewys sal word (Harvey 1998:287). Harvey stel voor dat vertalers alle afwykings deur middel van vertaalnotas moet aandui, sodat daar geen verwarring is nie (ibid:287). Dit kan ook in die voorwoord of voetnote vermeld word of deur middel van subtiele aanduidings in die teks self (Hatim 2001:79).

Dit blyk dus duidelik dat die finale verantwoordelikheid by die vertaler, as 'bemiddelaar' tussen twee kulture, berus en nie by die kliënt nie (Naudé 2000:8, 9, Nord 2001a:21). 'n Vertaler is immers "*the expert in transcultural communication*" (Vermeer 1998:57) en hy/sy is "free (as responsible expert) to carry out those instructions [die vertaalopdrag] as they see fit" (Nord 2001a:30). Hy/sy is die enigste persoon wat kan bepaal of die vertaalproses op 'n bevredigende wyse plaasgevind het (Nord 1991a:9).

2.5.5 Samevatting van die funksionalistiese benadering

Die kern van die funksionalistiese benadering is die 'skoposteorie'. Volgens dié teorie het elke teks 'n spesifieke doel. Wanneer 'n teks vertaal word, is die doel van die 'nuwe' teks die belangrikste aspek wat die vertaler voor oë moet hou. Die skopos van 'n DTT bepaal watter aspekte van die BTT na die DTT oorgedra moet word, watter vertaalstrategieë en –metodes die vertaler moet gebruik, asook hoe 'vry' of 'getrou' die BTT vertaal moet word. Die DTL's speel 'n geweldig belangrike rol in die formulering van 'n skopos, aangesien 'n DTT geskep word om met die DTL's te kommunikeer. Dit is van kardinale belang dat die vertaalopdrag (wat 'n inisieerder aan 'n vertaler verskaf) so veel moontlik inligting moet verskaf oor die voorgenome DTL's, aangesien die kultuur van dié lesers in 'n groot mate die skopos bepaal.

Aangesien die funksionalistiese benadering sterk DTL-gerig is, is dit vanselfsprekend dat DTT'e funksioneel moet wees sodat dit deur die DTL's aanvaar sal word. Dit blyk dus dat die tradisionele konsep *ekwivalensie* nie meer die belangrikste kriterium van vertaling is nie, tensy die skopos dit vereis.

Afgesien van die DTL's is die inisieerders en die vertalers belangrike rolspelers in die vertaalproses. 'n Inisieerder gee opdrag dat 'n teks vertaal moet word en verskaf ook 'n vertaalopdrag aan die vertaler. Dié opdrag bevat riglyne en kriteria oor hoe die DTT moet lyk. Binne die funksionalistiese benadering word vertalers beskou as taal- en kultuureksperts. Hulle tree as bemiddelaars op wat kommunikasie moontlik maak tussen mense wat

verskillende tale praat. Dit is baie belangrik dat vertalers lojaal sal wees aan die ander rolspelers in die vertaalproses. Om lojaal te wees moet vertalers aan die vereistes van die vertaalopdrag voldoen en hulle moet die konvensies en norme van die DK nakom. As hulle om een of ander rede van die vertaalopdrag of van die norme en konvensies afwyk, moet hulle die ander rolspelers daarvan verwittig.

2.6 Afsluiting

In hierdie hoofstuk is die kulturele wending in vertaling van naderby bekyk. Die konsep *kultuur* is eerstens ondersoek. Ten tweede val die klem op vertaling as interkulturele kommunikasie. Daarna is die twee bene waarop die kulturele wending staan, naamlik BVS en die funksionalistiese benadering, onder die loep geneem. Die kern van BVS is die konsep *norme* (veral Toury en Chesterman se norme), asook die herskrywing en manipulasie van tekste. Die funksionalistiese benadering fokus hoofsaaklik op die skoposteorie en die vernaamste rolspelers in die vertaalproses (die inisieerders, vertalers en DTL's).

In die volgende twee hoofstukke word die kulturele wending op 'n praktiese vlak ondersoek. Die funksionalistiese benadering tot vertaling word in hoofstuk 3 van naderby bekyk. In hoofstuk 4 word Toury en Chesterman se norme, asook die konsepte *herskrywing* en *manipulasie* bespreek aan die hand van 'n praktiese ondersoek.

HOOFSTUK 3

DIE ROLSPELERS IN DIE VERTAALPROSES

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word daar gefokus op die persone wat 'n rol speel in die skep van vertaalde tydskrifte soos *Huisgenoot*, *You*, en *Drum*, *Tuis* en *Home*, asook *Weg* en *Go!*. Die klem val op die wyse waarop hierdie rolspelers die eindprodukte (die tydskrifte) beïnvloed. Daar word eerstens na die rol van die onderskeie inisieerders gekyk. Daar word ook gefokus op die vertaalopdragte wat die inisieerders aan die vertalers behoort te gee. Die rol wat die inisieerders speel in die keuse van tekste wat geplaas en vertaal moet word, word in hoofstuk 4 (4.2.1.1) bespreek. Ten tweede word die rol van die vertalers van die onderskeie tydskrifte van naderby bekyk. Die eienskappe wat 'n 'ideale' tydskrifvertaler behoort te hê, word bespreek. Saam met die bespreking van vertalers word daar kortliks verwys na die rol van herskrywers en redigeerders. Derdens word die lesers van die onderskeie tydskrifte onder die vergrootglas geplaas. 'n Profiel word saamgestel van die lesers van *Huisgenoot*, *You*, en *Drum*, *Tuis* en *Home*, asook *Weg* en *Go!*. Daar word dan geargumenteer dat die inhoud van dié tydskrifte gebaseer word op die eienskappe en behoeftes van die betrokke lesers. Hierdie aspek word aan die hand van 'n praktiese ondersoek geïllustreer.

3.2 Rolspelers in die vertaalproses

Die verantwoordelikheid vir die skepping van 'n DTT berus gewoonlik op meer as een persoon. Volgens Kang "the source text selected for translation is taken through a hierarchy of levels and responsibilities until it becomes a

translated output expressed in the specific media institution's discourse" (2007:227). Hierdie siening hou verband met Kurt Lewin se konsep 'gatekeeping' wat hy in 1947 ontwikkel het. Hierdie metafoor word gebruik "to examine the often complex route of news text from the initial producer (or news event) to the end user [...] and the selections and modifications taking place along the way" (Vuorinen 1995:161). Al fokus Lewin op nuustekste kan sy teorie ook op ander mediatekste toegepas word.

Vuorinen beskryf "gatekeeping" as die proses wat die vloei van inligting deur kommunikasiekanale beïnvloed. Hier is dus sprake van 'n beheermeganisme wat bestaan uit 'hekwagters' ("gatekeepers") wat beheer uitoefen op strategiese plekke ('hekke') in die kommunikasiekanaal. Hierdie hekwagters besluit watter boodskappe of inligting deur 'n spesifieke hek sal beweeg om die reis deur die kanaal voort te sit. Elke hekwagter dra by tot die vorm wat die DTT uiteindelik sal aanneem (1995:162). Aangesien hekwagters deur hulle individuele lewensondervinding beïnvloed word (ibid:169), sal verskillende vorms van manipulasie aangetref word "during the passage of the text" (ibid:162). Shoemaker (1991:75) som dié situasie soos volg op:

The individual gatekeeper has likes and dislikes, ideas about the nature of his or her job, ways of thinking about a problem, preferred decision-making strategies, and values that all impinge on the decision to reject or select (and shape) a message. But the gatekeeper is not totally free to follow a personal whim; he or she must operate within the constraints of communication routines [...].

Volgens Vuorinen is die "gatekeeping"-proses ingebed "in social system ideology and culture" (1995:166).

Hekwagters is onder andere inisieerders, vertalers, herskrywers en redigeerders (Vuorinen 1995:168). Vir die doel van hierdie bespreking val die klem hoofsaaklik op die rol wat die inisieerders en vertalers speel in die produksie van artikels en rubrieke in *Huisgenoot*, *You*, en *Drum*, *Tuis* en

Home, asook *Weg* en *Go!*. Vervolgens word die inisieerders en vertalers van naderby bekyk.

3.2.1 Inisieerders

Afgesien daarvan dat die vertaalinisieerders van *Huisgenoot*, *You*, en *Drum*, *Tuis* en *Home*, asook *Weg* en *Go!* verantwoordelik is vir die keuse van tekste wat geplaas en vertaal moet word (sien 4.2.1.1), is hulle ook verantwoordelik vir die opstel van vertaalopdragte wat die kriteria en vereistes uiteensit waaraan die DTT'e moet voldoen. Hierdie aspek word by 2.5.3.1.1 op 'n teoretiese vlak bespreek. Vervolgens word die konsep *vertaalopdragte* op 'n praktiese vlak ondersoek.

3.2.1.1 Vertaalopdrag

Uit verskeie e-pos- en persoonlike onderhoude blyk dit duidelik dat die inisieerders van die tydskrifte onder bespreking nie gedetailleerde vertaalopdragte aan hulle vertalers verskaf nie. Daar word dus op die vertalers se inisiatief en insig staatgemaak. Die afleiding kan gemaak word dat die inisieerders baie vertrouwe het in die vertalers se vermoëns.

By 2.5.3.1.1 word daar in detail bespreek hoe 'n 'ideale' vertaalopdrag behoort te lyk.

3.2.1.1.1 *Huisgenoot*, *You* en *Drum*

Volgens Brenda Pienaar, *Huisgenoot* se vertaler, ontvang sy nie 'n vertaalopdrag saam met die tekste wat sy moet vertaal nie. Die enigste vereiste is dat die tekste idiomaties en 'lekker' moet lees. Daar is wel 'n stylgids wat sy en al die subredakteurs (dié wat ook vertaalwerk doen)

raadpleeg om seker te maak dat hulle aan die styl van die onderskeie tydskrifte voldoen (2008).

3.2.1.1.2 *Tuis en Home*

Volgens Blaise het *Tuis en Home* nie 'n standaardvertaalopdrag wat aan vertalers gegee word nie. Die hoofvereiste is dat tekste vertaal moet word in 'n taal wat gemaklik is vir die lesers (2008a).

3.2.1.1.3 *Weg en Go!*

Aangesien die vertalers van *Weg en Go!* die styl van dié twee tydskrifte onder die knie het (sien 3.2.2.3) is dit nie nodig om elke keer 'n vertaalopdrag aan hulle te voorsien nie. Wanneer nuwe vryskutvertalers egter gebruik word, word daar slegs 'n paar riglyne aan hulle verskaf (Van Noord 2008a – inhoudsredakteur van *Weg*). Voorbeelde van sodanige riglyne is “gebruik altyd die sterkste moontlike werkwoord” en “skryf duidelik – bly weg van die passiewe vorm en skryf direk [...]. Ons hou van 'n skryf-soos-jy-praat-styl” (Van Noord 2007).

3.2.1.2 Samevatting van die inisieerders

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit duidelik dat die inisieerders van *Huisgenoot*, *You*, en *Drum*, *Tuis en Home*, asook *Weg en Go!* nie voldoende vertaalopdragte aan die onderskeie vertalers verskaf nie. Die vertalers moet dus hulle eie oordeel en inisiatief gebruik.

3.2.2 Vertalers

In die afdeling wat volg word die rol wat vertalers speel, van naderby bekyk.

3.2.2.1 Huisgenoot, You en Drum

Daar is net een permanente vertaler in diens by *Huisgenoot*. Sy vertaal onder andere die nuusartikels, “Fashion”, “Beauty”, “Bobo” en “Stargaze” in Afrikaans vir *Huisgenoot*. Ander tekste soos “Your stars”, die boekebonus, die tienerrubriek en die skindernuus word deur sommige van *You* se subredakteurs in Engels vertaal.

Die vertalers moet die hele teks vertaal en moet verkieslik nie dele na goeddunke weglaat of rondskuif nie. Vertaalde tekste gaan daarna na die herskrywer wat veranderinge aanbring (Pienaar 2008). *Huisgenoot, You* en *Drum* het elk een herskrywer wat sorg dat die tekste in die regte styl geskryf is. Hy/sy let ook op na spel- en taalfoute (Behr 2008b). Verder kan hy/sy die inhoud rondskuif of dele van die teks herskryf indien nodig (Pienaar 2008).

3.2.2.2 Tuis en Home

Volgens Blaise word daar meestal vryskutvertalers gebruik om die Afrikaanse tekste in Engels te vertaal. Die Engelse tekste, hierteenoor, word intern in Afrikaans vertaal (2008a).

3.2.2.3 Weg en Go!

Volgens Van Noord (2008a) gebruik *Weg en Go!* veral twee vryskutvertalers wat die styl van dié twee tydskrifte reeds goed ken. Hulle probeer egter ook om nuwe vryskutvertalers te betrek. Oor die algemeen word kort, eenvoudige

tekste deur die subredakteurs van *Weg en Go!* vertaal. Alle vertaalde tekste word deur lede van *Weg en Go!* se redaksies geredigeer.

3.2.2.4 Die 'ideale' tydskrifvertaler

Holz-Mänttari, in haar *Translatorisches Handeln*, plaas vertalers sentraal in die kommunikasiekanaal wat van die inisieerders tot by die DTL's strek (Chesterman 1997:34). Vertalers benodig verskillende vaardighede en eienskappe om DTT'e van hoogstaande gehalte te skep. Dié vaardighede en eienskappe sluit taalkennis, kultuurkennis, naslaanvaardighede, die ideologie van die vertaler en etiese aspekte (lojaliteit) in. Hierdie faktore word vervolgens van naderby bekyk.

3.2.2.4.1 Taalkennis

Dit is vanselfsprekend dat vertalers goeie geskrewe en gesproke kommunikasievaardighede moet hê (Katan 2004:17). Hulle behoort as't ware 'n "near-native command" van albei tale te hê (ibid:8), aangesien hulle eksperts in "transcultural communication" behoort te wees (Vermeer 1998:50). Daar kan dus gesê word dat vertalers tweetalig of selfs veeltalig moet wees. Volgens Lefevere "[t]ranslator's should know the grammar and lexis – the 'locutionary' aspects – of the languages they want to work with before they begin to translate" (1992:101).

Wanneer 'n teks vertaal word, moet die vertaler voortdurend keuses maak uit die beskikbare opsies in die DT. Hoe meer vertrouwd die vertaler met die DT is, hoe meer opsies sal tot sy/haar beskikking wees. As 'n vertaler dus 'n grondige kennis van die DT het, is die kans groter dat hy/sy geskikte keuses sal maak. Kennis van die DT sluit nie net die woordeskat en taalgebruik in nie, maar ook die grammatika, die linguistiese beperkings en die norme (Frank 2007:17). Volgens Chesterman "the translator needs to know the relevance of

each possible choice to his/her intentions, in order to be able to decide on an optimal version” (1997:79-80).

Die ‘ideale’ tydskrifvertaler sal dus goed tweetalig wees met ’n grondige kennis ook van die struktuur van die BT én die DT.

3.2.2.4.2 Kultuurkennis

Vertalers word daagliks gekonfronteer met ’n ‘vreemde’ kultuur (die BK) “that requires that its message be conveyed in anything but an alien way” (Karamanian 2002:1). Gevolglik word vertalers genoodsaak om as bemiddelaars op te tree tussen twee kulture. Taft (1981:53) beskryf ’n ‘bemiddelaar’ soos volg:

A cultural mediator is a person who *facilitates communication, understanding, and action between persons or groups who differ with respect to language and culture*. The role of the mediator is performed by interpreting the expressions, intentions, perceptions, and expectations of each cultural group to the other, that is, by establishing and balancing the communication between them. In order to serve as a link in this sense, the mediator must be able to participate to some extent in both cultures. Thus, a mediator must be to a certain extent bicultural.

Dit is dus duidelik dat vertalers nie bloot tweetalig kan wees nie. Hulle moet ook ‘bikultureel’ wees (Bassnett en Lefevere 1990:11; Nord 1991a:11). Dit beteken dat vertalers “a perfect command of both the source and the target culture (including language)” moet hê (Nord 1991a:11). Daar kan selfs van vertalers verwag word om ‘multikultureel’ (Karamanian 2002:2) te wees.

Volgens Katan is dit van kardinale belang dat vertalers ’n grondige kennis van die DTL’s moet hê. Hy wys veral op twee aspekte wat vertalers in ag moet neem wanneer hulle vertaal, naamlik die faktore waaroor die DTL’s geen

beheer het nie (ras, geslag, familie, sosiale stand en geloofsagtergrond) en dié waaroor hulle wel beheer het (woonbuurt, vriende, opvoeding en beroep) (2004:58).

Vertalers moet ook deeglik bewus wees van die DTL's se "general background knowledge and his knowledge of special areas and subject matters" (Nord 1991a:53). Nida en Reyburn lê veral klem op die DTL's se linguistiese agtergrond (moedertaal, opvoedingstaal, literêre opvoeding, ensovoorts) (1981:5). Die DTL's se kennis sal die vertaler help om te besluit watter dele van die BTT uit die DTT weggelaat kan word, omdat die DTL's reeds daardie kennis het. Dit sal ook die vertaler help om te weet watter dele juis beklemtoon of omskryf moet word sodat die DTL's dit beter sal verstaan.

Taft lê verder klem daarop dat vertalers 'n deeglike kennis van die DK moet hê. Volgens hom moet vertalers vertrouwd wees met die geskiedenis, folklore, tradisies, gebruike en waardes van die DK, asook van dit wat verbied word, die naburige gemeenskappe, die belangrike mense in die gemeenskap, én die natuurlike omgewing en die belang daarvan (1981:73). Vertalers moet ook bewus wees van die sogenaamde 'populêre kultuur' van 'n samelewing. Dit sluit die televisieprogramme, films, bekendes en 'helde' van die DK in. Vertalers benodig verder kennis oor die DK se sosiale en politieke geskiedenis én die huidige sosiale en politieke omstandighede, omdat dit die "backbone of a culture's cognitive environment" uitmaak (Katan 2004:11, 13).

Binne elke kultuur is daar egter 'afwykings', aangesien al die lede van 'n kultuurgroep hulle nie met al die onderliggende waardes en kultuuraspekte vereenselwig nie. Elke lid sal met sommige waardes identifiseer, maar nie noodwendig met almal nie (Katan 2004:58,61-62). Vertalers moet dus daarteen waak om nie DTL's in 'n stereotiepe vorm te giet nie.

Dit blyk dus dat vertalers slegs aanvaarbare en geslaagde DTT'e sal skep as hulle 'n deeglike kennis van die DTL's het en as hulle die BK en veral die DK, verstaan (Katan 2004:8).

3.2.2.4.3 Naslaanvaardighede

Vertalers, veral tydskrifvertalers, werk oor die algemeen onder geweldige druk. Dit is dus van kardinale belang dat hulle vertaalekwivalente en ander inligting vinnig in die hande kan kry. Volgens Katan behoort vertalers te weet hoe en waar om inligting effektief te vind, byvoorbeeld in woordeboeke, ensiklopedieë, glosse, tesourusse, op die internet en by individue (2004:8).

3.2.2.4.4 Die ideologie van vertalers

Vertalers werk nie in 'n vakuum nie, aangesien hulle self produkte van 'n spesifieke kultuur op 'n spesifieke tydstop is. Hulle werk word dus beïnvloed deur aspekte soos hulle ras, geslag, ouderdom, sosiale stand en geboorteplek. Vertalers moet deeglik bewus wees van hulle eie kulturele identiteit en hulle moet verstaan dat dit hulle ideologieë en persepsies beïnvloed (Katan 2004:21).

Volgens Katan sal alle vertalings in 'n mate die vertalers se ideologieë en persepsies weerspieël, ten spyte van hulle pogings om objektief te wees (Katan 2004:21). Dit is vanselfsprekend dat vertalers wat dieselfde BTT vertaal, verskillende DTT'e sal skep (Toury 1995:30). Vertalers benodig dus 'n 'etiese kode' waarvolgens hulle te werk moet gaan.

3.2.2.4.5 Etiese aspekte

Chesterman onderskei tussen makro-etiese faktore en mikro-etiese faktore wat 'n rol speel in die vertaalproses.

Makro-etiese faktore dui op die verhouding tussen die vertaler en die 'wêreld'. Dit sluit aspekte in soos die rol en regte van vertalers in die samelewing, vertalers se werksomstandighede, die finansiële vergoeding van vertalers, die kliënte se winsmotiewe, die algemene oogmerke van vertaling as

interkulturele handeling, die verhouding tussen vertaling en politiek, en die magsverhoudinge tussen vertalers en kliënte (Chesterman 1997:170).

Mikro-etiese faktore, hierteenoor, dui op die verhouding tussen 'n vertaler en die woorde op die bladsy. Dit gaan dus hier om vertalers se handelinge tydens die vertaalproses, met ander woorde die hantering van tekstuele kwessies, die keuse van vertaalstrategieë, ensovoorts (Chesterman 1997:170).

Beide die makro- en mikro-etiese faktore hou verband met Nord se konsep *lojaliteit* (sien 2.5.4). Dit gaan daaroor dat vertalers 'n verantwoordelikheid het teenoor die ander rolspelers in die vertaalproses en dat vertalers verantwoordelikheid moet aanvaar vir hulle keuses en produkte. Chesterman se verantwoordelikheidsnorm (sien 2.4.4.2.1) kom hier ter sprake. Frank stel voor dat elke vertaler 'n 'etiese kode' moet hê waarvolgens hy/sy te werk moet gaan (2007:12).

'Ideale' vertalers sal dus poog om lojaal te bly aan al die rolspelers in die vertaalproses. Gevolglik behoort hulle 'n 'etiese kode' hê waarvolgens hulle produkte sal skep.

3.2.2.4.6 Samevatting van die 'ideale' tydskrifvertaler

Dit is duidelik dat 'ideale' tydskrifvertalers 'n grondige kennis van die BT én die DT moet hê sodat hulle tekste van hoogstaande gehalte sal skep. Hulle moet ook vertrouwd wees met die BK én die DK, veral met die DTL's, sodat hulle tekste sal skep wat laasgenoemde sal aanvaar. Vertalers moet ook goeie naslaanvaardighede hê om vinnig en effektief inligting en geskikte vertaalekwivalente te vind. Verder is dit van kardinale belang dat vertalers sal besef dat hulle eie kultuur en ideologie die wyse waarop hulle vertaal, beïnvloed. Elke vertaler moet dus 'n eie 'etiese kode' hê waarvolgens hy/sy tekste vertaal. Ozbot (2001:142) beskryf die rol van ('ideale') vertalers soos volg:

[T]heir purpose is to make the processing of textual material less demanding [...] or to reduce the distance between the textual world and its receivers, and thus enable the coherence of the text to be established *under new, culturally-specific conditions* (my kursivering).

Die afleiding kan dus gemaak word dat dit belangrik is dat vertalers, in dié geval tydskrifvertalers, teoreties opgelei moet word. Sodoende sal hulle 'n breër begrip van die vertaalproses hê, met grondige kennis van die vertaalstrategieë en –metodes tot hulle beskikking. Teoretiese opleiding behoort vertalers in staat te stel om werk van hoogstaande gehalte te lewer.

Afgesien van die inisieerders en die vertalers speel tydskriflesers 'n ewe belangrike rol in die produksie daarvan. Vervolgens word die rol van die lesers van *Huisgenoot*, *You*, en *Drum*, *Tuis* en *Home*, asook *Weg* en *Go!* beskou.

3.3 Lesers

Vir die doel van hierdie bespreking verwys die term 'lesers' na almal wat *Huisgenoot*, *You*, *Drum*, *Tuis*, *Home*, *Weg* en *Go!* lees en nie net na die persone wat dié tydskrifte fisies koop nie. 'n Lesersprofiel word vir elke tydskrif saamgestel. Die klem val hoofsaaklik op die sogenaamde sosiale faktore waarna daar by 2.2 verwys word.

3.3.1 *Huisgenoot*, *You* en *Drum*

Volgens Mostert (2008a) doen die Suid-Afrikaanse Advertensie-navorsingstigting (SAARF) elke ses maande opnames oor die lesers van *Huisgenoot*, *You* en *Drum*. Die inligting wat hulle bekend maak, word die Alle Media en Produkte-studie (AMPS) genoem. In die bespreking wat volg, word die AMPS gebruik wat op die Media24-webblad beskikbaar is.

In hierdie afdeling val die klem op nege aspekte rakende die lesers van *Huisgenoot*, *You* en *Drum*, naamlik hulle geslag, ouderdom, ras, taal, opvoedingspeil, huishoudingsinkomste, lewenstandaardmaatstaf, werkstatus en woongebied. Elke aspek word afsonderlik bespreek aan die hand van 'n tabel. Die hoogste persentasie in elke kolom word telkens vetgedruk.

Soos in die inleiding vermeld, word daar in hierdie studie gefokus op die Engelse *Drum* en nie op die Zoeloe weergawe nie.

3.3.1.1 Geslag

Die geslag van die lesers is soos volg:

Geslag	<i>Huisgenoot</i> (% lesers)	<i>You</i> (% lesers)	<i>Drum</i> (% lesers)
Mans	42,2	38,2	43,1
Vroue	57,8	61,8	56,9

Figuur 3 (Media24-webblad 2007)

Uit figuur drie blyk dit duidelik dat meer vroue as mans *Huisgenoot*, *You* en *Drum* lees. Die geslag van die lesers speel 'n belangrike rol in die keuse van artikels, advertensies, rubrieke, ensovoorts wat in dié tydskrifte geplaas word.

3.3.1.2 Ouderdom

Die lesers word in vier ouderdomsgroepe verdeel:

Ouderdom	<i>Huisgenoot</i> (% lesers)	<i>You</i> (% lesers)	<i>Drum</i> (% lesers)
16-24 jaar	21,8	26,0	40,8
25-34 jaar	23,0	23,6	30,7
35-49 jaar	30,1	28,7	20,1
50 jaar en ouer	25,1	21,7	8,4

Figuur 4 (Media24-webblad 2007)

Die persentasie *Huisgenoot*- en *You*-lesers in elke groep is redelik naby aan mekaar. Die grootste groep lesers is dié tussen 35 en 49 jaar. *Drum*, hierteenoor, se grootste groep lesers is tussen 16 en 24 jaar. Die aantal *Drum*-lesers neem af soos die lesers ouer word. Slegs 8,4% van dié lesers is ouer as 50 jaar, teenoor *Huisgenoot* en *You* waarvan onderskeidelik 25,1% en 21,7% van die leser ouer as 50 jaar is. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat die ouer swart mense (50 jaar en ouer) nie so goed Engels kan lees nie, omdat hulle nie soveel opvoedingsgeleenthede gehad het nie. Vandag se swart jeug het heelwat meer geleenthede om in Engels skool te gaan en te studeer.

3.3.1.3 Ras

Die lesers van die onderskeie tydskrifte word in vier rassegroepe verdeel:

Ras	<i>Huisgenoot</i> (% lesers)	<i>You</i> (% lesers)	<i>Drum</i> (% lesers)
Wit	58,4	36,3	2,0
Bruin	32,7	20,7	5,9
Indiër	0,3	9,5	0,7
Swart	8,6	33,5	91,4

Figuur 5 (Media24-webblad 2007)

Byna 60% van *Huisgenoot* se lesers is wit en 32,7% is bruin. Die meeste van *You* se lesers is ook wit (36,3%), met 33,5% swart lesers. *You* het heelwat minder bruin lesers as *Huisgenoot* (20,7% teenoor 32,7%). Die oorgrote meerderheid van *Drum* se lesers is swart (91,4%).

Die ras van die lesers speel 'n geweldige belangrike rol in die keuse van artikels, advertensies, rubrieke, ensovoorts wat in hierdie tydskrifte gaan verskyn, aangesien verskillende kultuurgroepe nie noodwendig dieselfde belangstellings het nie. Aanpassings word dus dikwels gemaak om te verseker dat die inhoud van die betrokke tydskrifte geskik sal wees vir die lesers.

3.3.1.4 Moedertaal

Die lesers word in vyf groepe verdeel op grond van hulle moedertaal:

Moedertaal	<i>Huisgenoot</i> (% lesers)	<i>You</i> (% lesers)	<i>Drum</i> (% lesers)
Engels	8,5	51,6	6,7
Afrikaans	83,7	17,2	6,1
Zulu / Xhosa / Swazi / Ndebele	3,1	17,8	48,8
Sotho / Tswana / Tsonga / Venda	4,2	11,9	37,7
Ander tale	0,5	1,6	0,8

Figuur 6 (Media24-webblad 2007)

Die oorgrote meerderheid *Huisgenoot*-lesers is Afrikaanssprekend (83,7%), meer as die helfte van *You* se lesers is Engelssprekend (51,6%) en 86,5% van die *Drum*-lesers het 'n swart taal as moedertaal. Die moedertaal van die lesers tesame met hulle ras, is 'n goeie aanduiding van die kultuurgroepe waartoe hulle behoort.

3.3.1.5 Opvoedingspeil

Die lesers van die onderskeie tydskrifte word volgens hulle opvoedingspeil in ag groepe verdeel:

Opvoedingspeil	<i>Huisgenoot</i> (% lesers)	<i>You</i> (% lesers)	<i>Drum</i> (% lesers)
Geen skoolopvoeding	0,3	0	0
Gedeeltelike primêre opvoeding	3,4	0,8	0,7
Primêre opvoeding voltooi	4,0	1,1	1,9
Gedeeltelike sekondêre opvoeding	35,8	32,4	43,3
Matriek	35,1	44,2	40,5
Technikonkwalifikasie	9,0	12,3	7,3
Universiteitskwalifikasie	4,3	4,2	3,4
Ander tersiêre kwalifikasie	8,1	5,1	2,9

Figuur 7 (Media24-webblad 2007)

Die grootste groep *Huisgenoot*- (35,8%) en *Drum*-lesers (43,3%) het hoërskoolopvoeding ontvang, maar het nie matriek nie. Die grootste groep *You*-lesers (44,2%), hierteenoor, het matriek as kwalifikasie. 21,4% van *Huisgenoot* se lesers, 21,6% van *You* en 13,6% van *Drum* het 'n tersiêre kwalifikasie, waarvan 13,3% (*Huisgenoot*), 16,5% (*You*) en 10,7% 'n technikon- of universiteitkwalifikasie is.

Hierdie inligting sal die redaksies help om vas te stel op watter vlak tekste geskryf moet word. Aangesien 43,5% van *Huisgenoot* se lesers, 34,2% van *You* en 45,9% van *Drum* nie matriek het nie, moet tekste só geskryf word dat almal dit kan verstaan. Hierdie aspek is opvallend in *Drum* waar tekste wat

ook in *You* verskyn, vereenvoudig en aangepas word, sodat die *Drum*-lesers dit makliker kan lees.

3.3.1.6 Maandelikse huishoudingsinkomste

Die lesers van *Huisgenoot*, *You* en *Drum* word volgens hulle maandelikse huishoudingsinkomste in ag groepe verdeel:

Maandelikse huishoudingsinkomste	<i>Huisgenoot</i> (% lesers)	<i>You</i> (% lesers)	<i>Drum</i> (% lesers)
Tot R599	1,5	1,7	3,8
R600 – R999	4,6	3,6	8,3
R1 000 – R1 599	6,3	5,4	11,5
R1 600 – R2 999	10,1	11,4	17,1
R3 000 – R4 999	11,1	12,1	16,9
R5 000 – R7 999	16,6	19,0	20,8
R8 000 – R13 999	25,6	22,6	15,0
R14 000+	24,3	24,3	6,7

Figuur 8 (Media24-webblad 2007)

49,9% van *Huisgenoot* se lesers en 46,9% van *You* het 'n maandelikse huishoudingsinkomste van meer as R8 000. Slegs 21,7% van die *Drum*-lesers het 'n maandelikse huishoudingsinkomste van meer as R8 000. Dit is dus duidelik dat die *Huisgenoot*- en *You*-lesers oor die algemeen 'n hoër maandelikse huishoudingsinkomste het as dié van *Drum*.

3.3.1.7 Lewenstandaardmaatstaf

'n Aspek wat hand aan hand gaan met die maandelikse huishoudingsinkomste, is die Lewenstandaardmaatstaf ("Living Standards Measure" of LSM). Die LSM is 'n bemarkingsnavorsing-instrument waardeur

die bevolking van 'n land in tien LSM-groepe verdeel word, met tien as die 'hoogste' en een as die 'laagste' groep. Hierdie groepe word ingedeel op grond van die besittings en geriewe van 'n huishouding. Die lys aspekte waarna daar gekyk word, sluit die volgende in: Water in die huis of op die erf, warm water in die huis, 'n spoeltoilet in die huis of op die erf, 'n ingeboude wasbak in die kombuis, 'n yskas, vrieskas, mikrogolfoond, stofsuijer of vloerpoleerder, wasmasjien, tuimeldroër, elektriese stoof, skottelgoedwasser, naaldwerkmasjien, radio, hoëtroustel, TV('s), videomasjien, DVD-speler, rekenaar, Telkom-telefoon, een selfoon vir die huishouding, 'n alarmstelsel, M-Net en of DStv, die aantal voertuie, 'n huishulp, die tipe huis, en of die huis in 'n stad of op die platteland geleë is (Saarf-webblad 2008).

Die *Huisgenoot*-, *You* en *Drum*-lesers behoort tot die volgende LSM-groepe:

LSM	<i>Huisgenoot</i> (% lesers)	<i>You</i> (% lesers)	<i>Drum</i> (% lesers)
LSM 1	0,2	0	0
LSM 2	0,5	0	4,8
LSM 3	1,9	1,9	8,1
LSM 4	3,9	5,5	14,0
LSM 5	6,1	9,0	15,7
LSM 6	14,4	16,1	26,6
LSM 7	13,7	14,3	16,8
LSM 8	13,5	14,7	6,6
LSM 9	22,1	18,6	5,1
LSM 10	23,7	19,6	2,5

Figuur 9 (Media24-webblad 2007)

Die grootste groep *Huisgenoot*- en *You*-lesers behoort tot LSM-groep 10. Die grootste groep van *Drum* se lesers, hierteenoor, behoort tot LSM-groep 6 (26,6%). 45,8% van *Huisgenoot* se lesers en 38,2% van *You* s'n val onder LSM-groep 9 en 10. Slegs 7,6% van die *Drum*-lesers val onder LSM-groep 9

en 10. Dit is dus duidelik dat die lesers van *Huisgenoot* en *You* oor die algemeen tot hoër LSM-groepe behoort as die lesers van *Drum*.

3.3.1.8 Werkstatus

In figuur 10 word die lesers in vier hoofgroepe verdeel op grond van hulle werkstatus, naamlik voltydse werk, deelydse werk, niewerkend en in eie diens. Die niewerkende groep word in vier groepe onderverdeel, naamlik huisvroue, studente, afgetredenes en werkloses.

Werkstatus	<i>Huisgenoot</i> (% lesers)	<i>You</i> (% lesers)	<i>Drum</i> (% lesers)
Voltyds	36,3	32,9	27,6
Deelyds	9,7	7,2	11,4
Niewerkend	45,0	51,4	53,2
Huisvroue	15,6	13,2	2,8
Skoliere en studente	8,0	12,9	22,3
Afgetredenes	11,6	8,3	2,4
Werkloses	9,8	16,9	25,8
In eie diens	9,0	8,5	7,8

Figuur 10 (Media24-webblad 2007)

Die grootste groep lesers van al drie tydskrifte is niewerkend. Onder hierdie groep is die meeste *Huisgenoot*-lesers huisvroue (15,6%) en afgetredenes (11,6%), die meeste *You*-lesers is huisvroue (13,2%) en werkloses (16,9%), en die meeste *Drum*-lesers is skoliere en studente (22,3%) en werkloses (25,8%).

3.3.1.9 Woongebied

Die lesers word in vier groepe verdeel op grond van waar hulle woon:

Woongebied	<i>Huisgenoot</i> (% lesers)	<i>You</i> (% lesers)	<i>Drum</i> (% lesers)
Hoofstede	44,2	65,7	45,1
Stad / groot dorp	21,8	13,7	14,5
Klein dorpie	22,3	9,9	13,4
Platteland	11,7	10,7	27,0

Figuur 11 (Media24-webblad 2007)

Dit is duidelik dat die meeste *Huisgenoot*-, *You*- én *Drum*-lesers in een van die land se hoofstede woon. 66% van *Huisgenoot* se lesers, 79,4% van *You* en 59,6% van *Drum* woon in hoofstede of in ander groot stede of dorpe. Daar is egter meer *Drum*-lesers wat op die platteland woon (27%) as *Huisgenoot*- en *You*-lesers saam (22,4%).

3.3.1.10 Opsomming van die *Huisgenoot*-, *You*- en *Drum*-lesers

Die lesers van *Huisgenoot*, *You* en *Drum* kan soos volg opgesom word:

	Huisgenoot	% lesers	You	% lesers	Drum	% lesers
Geslag	Vroue	57,8	Vroue	61,8	Vroue	56,9
Ouderdom	35-49	30,1	35-49	28,7	16-24	40,8
Ras	Wit	58,4	Wit	36,6	Swart	91,4
			Swart	33,5		
Moedertaal	Afrikaans	83,7	Engels	51,6	Swart taal	86,5
Opvoeding	Matriek	35,1	Matriek	44,2	Matriek	40,5
	Tersiêre kwalifikasie	21,4	Tersiêre kwalifikasie	21,6	Tersiêre kwalifikasie	13,6
Maandelikse huishoudings-inkomste	R8 000 +	49,9	R8 000 +	46,9	R8 000 +	21,7
LSM	Groep 9-10	45,8%	Groep 9-10	38,2	Groep 9-10	7,6
Werkstatus	Nie-werkend	45,0	Nie-werkend	51,4	Nie-werkend	53,2
Woongebied	Hoofstede	44,2	Hoofstede	65,7	Hoofstede	45,1

Figuur 12

3.3.2 *Tuis en Home*

Volgens Blaise word baie navorsing gedoen om die lesersprofiel van *Tuis en Home* te bepaal. Fokusgroepe word by die navorsing betrek en daar word soms vraelyste in die tydskrifte geplaas (2008a).

Vir hierdie bespreking word die AMPS gebruik wat deur Jaco-Louis Groenewald verskaf is (Groenewald 2007). Op grond hiervan word sewe aspekte van die *Tuis-* en *Home*-lesers ondersoek, naamlik geslag, ouderdom, ras, die LSM-groep waartoe hulle behoort, opvoedingspeil, huwelikstatus, en hulle woongebied. Soos in die geval van *Huisgenoot* en *You* word elke aspek

afsonderlik bespreek aan die hand van 'n tabel. Die hoogste persentasie in elke kolom word telkens vetgedruk.

3.3.2.1 Geslag

Die geslag van die lesers is soos volg:

Geslag	<i>Tuis</i> (% lesers)	<i>Home</i> (% lesers)
Mans	32,1	37,4
Vroue	68,5	62,6

Figuur 13 (Groenewald 2007)

Ongeveer twee derdes van die *Tuis*- én *Home*-lesers is vroue. Hierdie aspek is van kardinale belang vir die redaksies, aangesien die geslag van die lesers grotendeels verantwoordelik is vir die tekste wat geplaas word.

3.3.2.2 Ouderdom

Die lesers word in vier ouderdomsgroepe verdeel:

Ouderdom	<i>Tuis</i> (% lesers)	<i>Home</i> (% lesers)
16-24 jaar	16,4	12,3
25-34 jaar	20,0	28,8
35-49 jaar	35,2	36,1
50 jaar en ouer	28,5	22,4

Figuur 14 (Groenewald 2007)

Die meeste lesers van *Tuis* (35,2%) én *Home* (36,1%) is tussen 35 en 49 jaar oud. Die tweede grootste groep *Tuis*-lesers is 50 jaar en ouer. *Home* se

tweede grootste groep lesers is egter tussen 25 en 34 jaar. Daar kan dus gesê word *Home* se lesers oor die algemeen jonger is as dié van *Tuis*.

3.3.2.3 Ras

Daar het baie interessantheide aan die lig gekom ten opsigte van die ras van die lesers:

Ras	<i>Tuis</i> (% lesers)	<i>Home</i> (% lesers)
Wit	74,6	32,4
Bruin	17,6	20,1
Indiër	0	3,2
Swart	8,5	44,3

Figuur 15 (Groenewald 2007)

Byna driekwart van die *Tuis*-lesers is wit (74,6%). Die meeste *Home*-lesers, hierteenoor, is swart (44,3%). 82 727 mense koop maandeliks *Home*, maar 219 000 mense lees dié tydskrif. Daar word gespekuleer dat 'n groep swart lesers saam een *Home* koop en dit dan onder mekaar versprei (Groenewald 2007). Dit is egter opvallend dat die inhoud van *Home* nie aangepas word vir die swart lesers nie, aangesien die artikels, rubrieke en advertensies in *Tuis* en *Home* grotendeels ooreenstem. Die Engels in *Home* word ook nie vereenvoudig, sodat die swart lesers dit makliker kan lees nie (sien 3.4.2). Aangesien daar min swart persone is wat *Home* fisies koop, word die inhoud van dié tydskrif nie vir dié rasgroep aangepas nie. *Home* word eerder geskep met die oog op die aantal wit en bruin lesers wat wel dié tydskrif koop en gesamentlik die grootste kopermark uitmaak.

3.3.2.4 Opvoedingspeil

Volgens *Tuis* en *Home* se AMPS het 34,6% van *Tuis*-lesers en 30,1% van *Home*-lesers 'n technikon- of universiteitkwalifikasie (Groenewald 2007). Hierdie persentasies is baie hoër as dié van *Huisgenoot*, *You* en *Drum* wat onderskeidelik 13,3%, 16,5% en 10,7% is. Die afleiding kan dus gemaak word dat die lesers van *Tuis* en *Home* oor die algemeen 'n baie hoër opvoedingspeil het as die lesers van *Huisgenoot*, *You* en *Drum*.

Tuis en *Home* se redaksies sal dus poog om keurige taal te gebruik. Tekste moet egter nie styf en formeel wees nie. Soos Blaise (2008a) dit stel: “Wat tog vir ons belangrik is, is dat ons alles doen sonder om neus-in-die-lug te wees. As jy vanuit die hart praat, steek dit alle grense oor.”

3.3.2.5 LSM

Die LSM van die *Tuis*- en *Home*-lesers is soos volg:

LSM	<i>Tuis</i> (% lesers)	<i>Home</i> (% lesers)
LSM 1	0	1,4
LSM 2	0	0
LSM 3	1,2	0,9
LSM 4	5,5	4,1
LSM 5	4,2	10,1
LSM 6	6,0	16,0
LSM 7	5,5	11,0
LSM 8	11,5	14,2
LSM 9	26,7	19,6
LSM 10	40,6	22,4

Figuur 16 (Groenewald 2007)

Die meeste *Tuis*- en *Home*-lesers behoort tot LSM-groep 10. Daar is egter heelwat meer *Tuis*-lesers (40,6%) as *Home*-lesers (22,4%) wat onder hierdie groep val. 67,3% van *Tuis*-lesers behoort tot LSM-groep 9 en 10, terwyl slegs 42% van *Home*-lesers tot dié twee groepe behoort. Hierdie verskynsel kan daaraan toegeskryf word dat daar so baie swart persone is wat *Home* lees (Groenewald 2007).

3.3.2.6 Huwelikstatus

Die huwelikstatus van *Tuis*- en *Home*-lesers is soos volg:

Huwelikstatus	<i>Tuis</i> (% lesers)	<i>Home</i> (% lesers)
Enkellopend	17,0	26,5
Getroud of woon saam	73,3	64,8
Weduwee / wewenaar	6,1	4,6
Geskei / uitmekaar	3,0	4,1

Figuur 17 (Groenewald 2007)

Die oorgrote meerderheid van *Tuis*- en *Home*-lesers is getroud of woon saam met iemand.

3.3.2.7 Woongebied

Die lesers van *Tuis* en *Home* word in groepe verdeel volgens die provinsie waarin hulle bly:

Provinsie	<i>Tuis</i> (% lesers)	<i>Home</i> (% lesers)
Wes-Kaap	36,4	29,2
Noord-Kaap	6,7	1,4
Oos-Kaap	4,2	7,8

Vrystaat	9,1	1,8
Kwazulu-Natal	3,6	8,2
Mpumalanga	6,7	5,0
Limpopo	2,4	1,8
Gauteng	26,1	38,4
Noordwes	5,5	5,5

Figuur 18 (Groenewald 2007)

Dit is duidelik dat die meeste *Tuis*-lesers in die Wes-Kaap (36,4%) woon en die tweede meeste in Gauteng (26,1%). Die meeste *Home*-lesers, hierteenoor, woon in Gauteng (38,4%) en die tweede meeste woon in die Wes-Kaap (29,2%). 62,5 % van *Tuis* se lesers en 67,6% van *Home* woon dus in die Wes-Kaap en Gauteng.

3.3.2.8 Opsomming van die *Tuis*- en *Home*-lesers

Die lesers van *Tuis* en *Home* kan soos volg opgesom word:

	<i>Tuis</i>	% lesers	<i>Home</i>	% lesers
Geslag	Vroue	68,5	Vroue	62,6
Ouderdom	35-49	35,2	35-49	36,1
Ras	Wit	74,6	Swart	44,3
			Wit	32,4
Opvoedingspeil	Technikon- of universiteit- kwalifikasie	34,6	Technikon- of universiteit- kwalifikasie	30,1
LSM	Groep 9-10	67,3	Groep 9-10	42,0
Huwelikstatus	Getroud of woon saam	73,3	Getroud of woon saam	64,8
Woongebied	Wes-Kaap	36,4	Gauteng	38,4

	Gauteng	26,1	Wes-Kaap	29,2
--	---------	------	----------	------

Figuur 19

3.3.3 *Weg en Go!*

Volgens Van Wyk doen SAARF gereeld navorsing oor die lesers van *Weg en Go!* (2008). In hierdie afdeling word die AMPS wat op die Media24-webblad verskyn, vir die ondersoek gebruik. Daar word veral gefokus op nege aspekte van die lesers, naamlik hulle geslag, ouderdom, ras, opvoedingspeil, werkstatus, maandelikse huishoudingsinkomste, die LSM-groep waartoe hulle behoort en hulle woongebied. Weer eens word elke aspek afsonderlik bespreek aan die hand van 'n tabel. Die hoogste persentasie in elke kolom word vetgedruk.

3.3.3.1 Geslag

Die geslag van die lesers is soos volg:

Geslag	Weg (% lesers)	Go! (% lesers)
Mans	52,0	48,9
Vroue	48,0	51,1

Figuur 20 (Media24-webblad 2007)

Daar is byna ewe veel mans en vroue wat *Weg en Go!* lees. Daar is slegs 4% meer mans as vroue wat *Weg* lees. Hierteenoor is daar 2,2% meer vroue as mans wat *Go!* lees.

3.3.3.2 Ouderdom

Die lesers word in vier ouderdomsgroepe verdeel:

Ouderdom	<i>Weg</i> (% lesers)	<i>Go!</i> (% lesers)
16-24 jaar	14,5	17,2
25-34 jaar	20,3	34,3
35-49 jaar	34,4	29,1
50 jaar en ouer	30,9	19,4

Figuur 21 (Media24-webblad 2007)

Die meeste *Weg*-lesers is tussen 35 en 49 (34,4%). Die meeste *Go!*-lesers, hierteenoor, is tussen 25 en 34 (34,3%). 65,3% van *Weg* se lesers is ouer as 35, terwyl slegs 48,5% van *Go!* se lesers ouer as 35 is. *Go!* se lesers is dus oor die algemeen jonger as dié van *Weg*.

3.3.3.3 Ras

Die ras van die lesers is soos volg:

Ras	<i>Weg</i> (% lesers)	<i>Go!</i> (% lesers)
Wit	93,4	45,1
Bruin	5,4	18,8
Indiër	0	1,5
Swart	1,2	34,6

Figuur 22 (Media24-webblad 2007)

Die oorgrote meerderheid van *Weg* se lesers is wit (93,4%). Die meeste van *Go!* se lesers is ook wit (45,1%), maar daar is 'n groot persentasie swart lesers (34,6%). Soos in die geval van *Tuis* en *Home* kan die groot aantal swart lesers toegeskryf word daaraan dat 'n groep swart persone saam een

Go! koop en dit dan onder mekaar versprei. Soos met *Home* word die inhoud van *Go!* nie aangepas vir die swart lesers nie en die Engels in *Go!* word nie vereenvoudig nie (sien 4.4.3). 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat daar min swart persone is wat *Go!* fisies koop. Gevolglik word die inhoud van hierdie tydskrif geskep met die oog op die groot persentasie wit en bruin lesers wat wel hierdie tydskrif koop.

3.3.3.4 Moedertaal

Die lesers word in vier groepe verdeel op grond van hulle moedertaal:

Taal	<i>Weg</i> (% lesers)	<i>Go!</i> (% lesers)
Engels	9,4	47,4
Afrikaans	89,5	19,5
Zulu / Xhosa / Swazi / Ndebele	0,4	7,5
Sotho / Tswana / Tsonga / Venda	0,8	25,6

Figuur 23 (Media24-webblad 2007)

Die oorgrote meerderheid *Weg*-lesers is Afrikaanssprekend (89,5%). Die meeste *Go!*-lesers, hierteenoor, is Engelssprekend (47,4%). Daar is egter heelwat *Go!*-lesers wat 'n swart taal as moedertaal het (33,1%). Soos genoem by 3.3.3.3 word die Engels in *Go!* nie vereenvoudig en aangepas vir die swart lesers nie. 'n Moontlik rede hiervoor is dat daar min swart persone is wat *Go!* fisies koop. Die inhoud van hierdie tydskrif word dus geskep met die oog op die groot persentasie Engelssprekendes wat *Go!* wel koop.

3.3.3.5 Opvoedingspeil

Die opvoedingspeil van die lesers is soos volg:

Opvoedingspeil	Weg (% lesers)	Go! (% lesers)
Geen skoolopvoeding	0	0
Gedeeltelike primêre opvoeding	0,8	0
Primêre opvoeding voltooi	0,4	0,8
Gedeeltelike sekondêre opvoeding	17,5	24,8
Matriek	31,1	35,3
Technikonkwalifikasie	28,0	21,8
Universiteitkwalifikasie	16,7	10,5
Ander tersiêre kwalifikasie	5,4	6,8

Figuur 24 (Media24-webblad 2007)

Die grootste groep *Weg*- en *Go!*-lesers het matriek – 31,1% en 35,3% onderskeidelik. 50,1% van die *Weg*-lesers en 39,1% van die *Go!*-lesers het 'n tersiêre kwalifikasie. Hiervan is 44,7% (*Weg*) en 32,3% (*Go!*) technikon- of universiteitkwalifikasies. Hierdie persentasies is heelwat hoër as dié van *Tuis* (34,6%) en *Home* (30,1%), en *Huisgenoot* (13,3%), *You* (16,5%) en *Drum* (10,7%).

Die redaksies van *Weg* en *Go!* sal dus poog om meer uitdagende inhoud en ingewikkelder en meer kreatiewe taalgebruik in dié tydskrifte te gebruik sodat die inhoud van hoogstaande gehalte sal wees.

3.3.3.6 Maandelikse huishoudingsinkomste

Die lesers van *Weg* en *Go!* word in ag groepe verdeel op grond van hulle maandelikse huishoudingsinkomste:

Maandelikse huishoudingsinkomste	Weg (% lesers)	Go! (% lesers)
Tot R699	0,4	0,8
R700 – R1 099	0,4	4,5
R1 100 – R1 999	1,6	2,3
R2 000 – R3 999	4,3	6,8
R4 000 – R 5 999	4,3	8,3
R6 000 – R9 999	11,4	22,7
R10 000 – R15 999	27,1	20,5
R16 000+	50,6	34,1

Figuur 25 (Media24-webblad 2007)

Die grootste persentasie lesers van albei tydskrifte het 'n maandelikse huishoudingsinkomste van R16 000 of meer. 77,7% van *Weg*-lesers en 54,6% van *Go!*-lesers het 'n maandelikse huishoudingsinkomste van meer as R10 000. Dit is dus duidelik dat die *Weg*-lesers oor die algemeen tot 'n hoër inkomstegroep behoort as die *Go!*-lesers.

3.3.3.7 LSM

Die *Weg*- en *Go!*-lesers word in 10 LSM-groepe verdeel:

LSM	Weg (% lesers)	Go! (% lesers)
LSM 1	0	0
LSM 2	0	0
LSM 3	0	0
LSM 4	0	0,8
LSM 5	0,8	12,9
LSM 6	5,1	14,4
LSM 7	5,1	11,4
LSM 8	9,3	14,4

LSM 9	25,3	25,8
LSM 10	54,5	20,5

Figuur 26 (Media24-webblad 2007)

Meer as die helfte van die *Weg*-lesers (54,5%) behoort tot LSM-groep 10. Die meeste *Go!*-lesers, hierteenoor, val onder LSM-groep 9 (25,8%). Daar kan dus gesê word dat die lesers van *Weg* oor die algemeen 'n hoër lewenstandaard het as die lesers van *Go!*. 79,8% van *Weg* se lesers en 46,3% van *Go!* s'n val onder LSM-groep 9 en 10. Hierdie persentasies is effens hoër as dié van *Tuis* (63,7%) en *Home* (42%), en heelwat hoër as dié van *Huisgenoot* (45,8%), *You* (38,2%) en *Drum* (7,6%).

3.3.3.8 Werkstatus

In figuur 27 word die werkstatus van die *Weg*- en *Go!*-lesers in vier hoofgroepe verdeel, naamlik voltyds, deelyds, niewerkend en in eie diens. Die groep 'niewerkend' word verder onderverdeel in vier groepe, naamlik huisvroue, studente, afgetredenes en werkloos.

Werkstatus	<i>Weg</i> (% lesers)	<i>Go!</i> (% lesers)
Voltyds	46,5	38,2
Deelyds	4,4	10,8
Niewerkend	29,9	35,7
Huisvroue	7,9	3,8
Skoliere en studente	8,5	10,2
Afgetredenes	11,6	6,4
Werkloos	1,9	15,3
In eie diens	19,2	15,3

Figuur 27 (Media24-webblad 2007)

Die grootste persentasie van die *Weg*- en *Go!*-lesers werk voltyds, naamlik 46,5% (*Weg*) en 38,2% (*Go!*). Die tweede grootste groep lesers is niwerkend: 29,9% (*Weg*) en 35,7% (*Go!*). Hiervan is die grootste groep *Weg*-lesers afgetredenes (11,6%) en die grootste persentasie *Go!*-lesers is werkloos (15,3%).

3.3.3.9 Woongebied

Die lesers van *Weg* en *Go!* word in vier groepe verdeel op grond van waar hulle woon:

Woongebied	<i>Weg</i> (% lesers)	<i>Go!</i> (% lesers)
Hoofstede	39,8	61,7
Stad / groot dorp	18,0	17,3
Klein dorpie	25,4	11,3
Platteland	16,8	9,8

Figuur 28 (Media24-webblad 2007)

Die meeste *Weg*- en *Go!*-lesers woon in een van die land se hoofstede. 57,8% van *Weg* se lesers en 79% van *Go!* s'n woon in 'n stad of 'n groot dorp. Verder het *Weg* twee keer meer lesers wat in klein dorpies of op die platteland woon (42,2%), as *Go!* (21,1%).

3.3.3.10 Opsomming van die *Weg*- en *Go!*-lesers

Die lesers van *Weg* en *Go!* kan soos volg opgesom word:

	Weg	% lesers	Go!	% lesers
Geslag	Mans	52,0	Vroue	51,1
Ouderdom	35-49	34,4	25-34	34,3
Ras	Wit	93,4	Wit	45,1
			Swart	34,6
Moedertaal	Afrikaans	89,5	Engels	47,4
			Swart taal	33,1
Opvoedingspeil	Tersiêre kwalifikasie	50,1	Tersiêre kwalifikasie	39,1
Maandelikse huishoudings-inkomste	R16 000+	50,6	R16 000+	34,1
LSM	Groep 9-10	79,8	Groep 9-10	46,3
Werkstatus	Werk voltyds	46,5	Werk voltyds	38,2
Woongebied	Hoofstede	39,8	Hoofstede	61,7

Figuur 29

3.3.4 Samevatting van die lesers van *Huisgenoot*, *You* en *Drum*, *Tuis* en *Home*, asook *Weg* en *Go!*

Uit die bespreking blyk dit duidelik dat daar nie baie groot verskille is tussen die lesers van *Huisgenoot* en *You* nie. Die grootste verskil is dat die *Huisgenoot*-lesers grotendeels Afrikaanssprekend is, terwyl die *You*-lesers oorwegend Engelssprekend is. Die *Drum*-lesers, hierteenoor, verskil baie van dié van *Huisgenoot* en *You*, aangesien hulle hoofsaaklik swart tale as moedertaal het en omdat hulle oor die algemeen tot laer inkomstegroepe behoort. Die lesers van *Tuis* en *Home* stem grootliks ooreen. Soortgelyk is daar weinig verskille tussen die lesers van *Weg* en *Go!*. Een noemenswaardige verskil is dat daar 'n groot persentasie swart lesers is wat *Home* en *Go!* lees. Daar word bespiegel dat 'n groep swart persone saam een tydskrif koop en dit onder mekaar versprei.

In die volgende afdeling word die rol wat die lesers speel in die keuse van die inhoud van *Huisgenoot*, *You*, *Drum*, *Tuis*, *Home*, *Weg* en *Go!* onder die vergrootglas geplaas.

3.4 Inhoudskeuses as gevolg van die lesers

Met die vergelyking van *Huisgenoot*, *You*, en *Drum*, *Tuis* en *Home*, asook *Weg* en *Go!* het dit duidelik geword dat die inhoud van dié tydskrifte grotendeels bepaal word deur die potensiele lesers. Die lesersprofiel (sien 3.3) beïnvloed dus die artikels, rubrieke, advertensies, ensovoorts wat in elke tydskrif gaan verskyn. Daar kan dus gesê word dat kultuur 'n geweldige belangrike rol speel wanneer die inhoud van hierdie tydskrifte bepaal word.

In die bespreking wat volg word elke tydskrifpaar afsonderlik ondersoek. *Huisgenoot*, *You* en *Drum* word eerste bekyk, dan *Tuis* en *Home*, en laastens *Weg* en *Go!*. Die hoofdoel van hierdie ondersoek is om ooreenkomste én verskille in die inhoud van dié pare uit te wys.

3.4.1 *Huisgenoot*, *You* en *Drum*

Aangesien *Huisgenoot*, *You* en *Drum* se lesers verskil, is dit vanselfsprekend dat die inhoud van dié tydskrifte sal verskil. In hierdie afdeling val die klem op die artikels, rubrieke, advertensies en promosie-artikels wat in elk van dié drie tydskrifte verskyn. Daar word ook gekyk na ander aspekte soos die voorblaaie, redakteursbriewe, middelblaaie, TV-gidse, kortverhale en die ras van die persone wat in die artikels, rubrieke en advertensies verskyn. Die *Huisgenoot*, *You* en *Drum* van 31 Januarie 2008 word vir hierdie ondersoek gebruik.

3.4.1.1 Artikels

3.4.1.1.1 Artikels wat in *Huisgenoot* én *You* verskyn

Huisgenoot en *You* bevat heelwat artikels wat oor dieselfde onderwerp handel. Hierdie artikels word gewoon vertaal en soms effens aangepas, maar is grotendeels dieselfde. In *Huisgenoot* en *You* van 31 Januarie 2008 verskyn artikels oor bekende casanovas, Chantelle Olivier ('n verkragtingslagoffer), hulp vir kragkrisisse, Heath Ledger ('n Hollywood-akteur wat aan 'n oordosis dwelms gesterf het), verslanking, stres, ubuntu, John Deeks ('n man wat 'n 'amper-dood-ervaring' gehad het), Tom Cruise ('n Hollywood-akteur), Barry Trigwell ('n Britse privaat speurder wat vermoor is) en Kgalema Motlanthe (adjunkpresident van die ANC).

Alhoewel die inhoud van hierdie artikels basies dieselfde is, verskil die volgorde waarin dit in die onderskeie tydskrifte verskyn. In *Huisgenoot* is die volgorde soos volg: bekende casanovas (bladsy 10-11), Chantelle Olivier (bladsy 12-13), hulp vir kragkrisisse (bladsy 14-15), Heath Ledger (bladsy 16-17), verslanking (bladsy 18-19), stres (bladsy 26-28), Barry Trigwell (bladsy 56-59), ubuntu (bladsy 98-99), Kgalema Motlanthe (bladsy 112-113), Tom Cruise (bladsy 114-115) en John Deeks (bladsy 116-117). Die volgorde in *You*, hierteenoor, is Heath Ledger (bladsy 8-9 - voorblad), Chantelle Olivier (bladsy 10-11), hulp vir kragkrisisse (bladsy 12-13), John Deeks (bladsy 14-15), Tom Cruise (bladsy 16-17), verslanking (bladsy 18-19), stres (bladsy 24-26), Barry Trigwell (bladsy 60-63), ubuntu (bladsy 92-93), Kgalema Motlanthe (bladsy 118-119) en bekende casanovas (bladsy 122-123).

Volgens Behr verskil die volgorde waarin artikels geplaas word dikwels, sodat die prominente plekke in byvoorbeeld *Huisgenoot* gevul word met artikels waarin Afrikaanssprekendes sal belangstel. Hierteenoor sal die prominente plekke in *You* en *Drum* gevul word met artikels wat die spesifieke lesers sal interesseer (2008b). Die volgorde waarin die artikels geplaas word, dui dus aan hoe belangrik die artikelonderwerpe vir die lesers is.

3.4.1.1.2 'n Artikel wat slegs in *Huisgenoot* verskyn

Daar is een artikel wat slegs in *Huisgenoot* verskyn, naamlik die artikel oor Steve Hofmeyr (bladsy 8-9 – voorblad). Hierdie artikel is waarskynlik nie na *You* oorgedra nie, omdat die Engelse lesers (waarvan baie swart is) nie sal belangstel in 'n Afrikaanse sanger se doen en late nie. Daar kan dus gesê word dat die kultuur van die lesers 'n belangrike rol gespeel het in dié weglating.

3.4.1.1.3 Artikels wat slegs in *You* verskyn

Daar is twee artikels wat slegs in *You* voorkom. Die een handel oor Dawn Matthews (bladsy 104-107) en die ander een oor Montel Vontavious Porter (bladsy 120-121). Hierdie artikels is waarskynlik nie in *Huisgenoot* geplaas nie, omdat die oorwegend wit Afrikaanssprekende lesers moontlik nie geïnteresseerd sal wees in die lewe van 'n bruin Suid-Afrikaanse aktrise en 'n swart Amerikaanse stoeier nie.

3.4.1.1.4 Artikels wat slegs in *Drum* verskyn

In *Drum* word artikels aangetref oor 'n wit boerseun wat vier swartes doodgeskiet en ses beseer het, Khanyi Dhlomo (die eienaar van Ndalo Media en redakteur van *Destiny* - voorblad), malaria, Desmond Tutu (die voormalige aartsbiskop van Kaapstad), Sibusiso Vilane (die eerste swart man wat tot by die Suidpool gestap het), Tinyiko Shilubana ('n swart vrou wat die opperhoof van die Valoyi clan wil word) en El Hadji Diouf (die kaptein van die sokkerspan Senegal). Nie een van hierdie artikels verskyn in *Huisgenoot* of *You* nie, omdat dit waarskynlik nie laasgenoemde se lesers sal interesseer nie.

3.4.1.1.5 Artikels wat in *Huisgenoot*, *You* én *Drum* verskyn

Daar is twee artikels wat in *Huisgenoot*, *You* én *Drum* verskyn. Die een handel oor OTM-bedrog en hoe dit vermy kan word. Die inhoud van die *Huisgenoot*- en *You*-artikel is grotendeels dieselfde, maar die inhoud van die *Drum*-artikel is aangepas sodat dit tot die *Drum*-lesers sal spreek (sien 4.2.3.2.9). Verder is die Engels in die *Drum*-artikel vereenvoudig en minder metafore word gebruik, omdat die opvoedingspeil van die *Drum*-lesers laer is as dié van die *You*-lesers (sien 3.3.1.5). Hierdie artikel verskyn in al drie tydskrifte omdat dit 'n kwessie aanraak wat relevant is vir al die lesers. Die ander artikel wat in *Huisgenoot*, *You* én *Drum* verskyn, handel oor Michael Jackson. Die inhoud van dié artikels is grotendeels dieselfde, met geringe verskille wat voorkom. Hierdie artikel is waarskynlik in al drie tydskrifte geplaas, omdat Michael Jackson alombekend is en die breë publiek al vir jare fassineer.

3.4.1.2 Rubrieke

Vir die doel van hierdie bespreking verwys 'rubrieke' na alle afdelings wat elke week in *Huisgenoot*, *You* en *Drum* voorkom.

3.4.1.2.1 Rubrieke wat slegs in *Huisgenoot* en *You* verskyn

Die volgende rubrieke verskyn nét in *Huisgenoot* en *You*: “Jou geldsake” en “Your money”; “In die kol” en “Spot on”; “*Huisgenoot* reisklub” en “*You* travel klub”; “Hey jy!” en “Hey you!”; “In die klaskamer” en “In the classroom”; “Bluster en Tikolo”; “Bobo”; en “Sterrekyk” en “Star gaze”. Oor die algemeen is die inhoud en grafika van hierdie rubrieke dieselfde. Dit is duidelik dat dié tekste bloot vertaal is, aangesien daar geen noemenswaardige verskille is nie. Die onderskeie redakteurs was waarskynlik van mening dat die inhoud van dié rubrieke geskik is vir lesers van *Huisgenoot* sowel as *You*. Hierdie

rubrieke verskyn nie in *Drum* nie, aangesien die inhoud heel moontlik nie tot die *Drum*-lesers sal spreek nie.

Volgens Joan van Zyl, die bylaeredakteur van *Huisgenoot* en *You*, word die reisbylae, byvoorbeeld, slegs in *Huisgenoot* en *You* geplaas, omdat die adverteerders dit so verkies (2008). Na hulle mening sal dit nie baat om in *Drum* te adverteer nie, aangesien dié lesers oor die algemeen tot 'n laer inkomstegroep behoort (sien 3.3.1.6) en 'n laer lewenstandaard het (sien 3.3.1.7) as die lesers van *Huisgenoot* en *You*.

3.4.1.2.2 Rubrieke wat in *Huisgenoot*, *You* én *Drum* verskyn

Daar is heelwat rubrieke wat in *Huisgenoot*, *You* én *Drum* voorkom: “Briewe” en “Letters”; “Local is lekker”, “Scene + heard” en “Out & about”; “Alkante”, “Sportsbuzz” en “Drum sportsbuzz”; “Gesondheid”, “Good health” en “Your health”; “Mode” en “Fashion”; “Skoonheid” en “Beauty”; “Vra dr. Adrie”, “Ask Dr Louise” en “Ask Sis Dolly”; “Kos” en “Food”; “Huis”, “Decor” en “At home”; “Sterreweek” en “Your stars”; “Vermaak” en “Reviews”; “Huisgenotjies”, “Chuckles” en “Good laughs”, “Tempo”, “Pressplay” en “Drum beat”; en “Mense en hul dinge”, “Have you heard” en “Showbuzz”. Die rubrieke in *Huisgenoot* en *You* stem grotendeels ooreen, aangesien die inhoud bloot vertaal is. Die grafika is ook dieselfde. Die rubrieke in *Drum*, hierteenoor, verskil egter heelwat van dié in *Huisgenoot* en *You* op grond van inhoud én grafika. Vervolgens word elke ‘rubriekpaar’ van naderby bekyk.

Dit is vanselfsprekend dat die briewerubriek sal verskil, aangesien *Huisgenoot*-lesers briewe skryf vir *Huisgenoot*, *You*-lesers vir *You* en *Drum*-lesers vir *Drum*.

Waar “Local is lekker” en “Scene + heard” (*You*) op plaaslike wit, bruin én swart sterre fokus, val die klem in “Out & about” (*Drum*) hoofsaaklik op plaaslike swart en bruin sterre.

Die inhoud en grafika van “Alkante” en “Sportsbuzz” (*You*) is dieselfde. In hierdie rubrieke word vrae aan wit, bruin of swart Suid-Afrikaanse sportsterre gevra. Dié rubrieke verskil egter heeltemal van “Drum sportsbuzz”. Hier val die klem op swart internasionale sportsterre.

“Gesondheid” en “Good health” (*You*) stem grotendeels ooreen. Die inhoud word bloot vertaal en die grafika is dieselfde. “Your health” in *Drum* verskil egter heeltemal van die gesondheidsrubrieke in *Huisgenoot* en *You*. Die onderwerp waaroor die *Drum*-rubriek handel (die gevare van ontgiftiging) verskil van dié van die *Huisgenoot*- en *You*-rubriek (behandeling vir stres). Dit is vanselfsprekend dat die grafika in *Drum* aangepas is.

Verder verskil die inhoud en grafika van “Mode” en “Fashion” (*You*) heeltemal van “Fashion” in *Drum*. Al drie rubrieke fokus op mansmodes, maar die klere wat geadverteer word, asook die modelle wat gebruik word, verskil geheel en al. *Huisgenoot* en *You* gebruik foto’s van oorsese sterre, terwyl *Drum* ’n plaaslike swart model gebruik.

Wat “Skoonheid” en “Beauty” (*You* én *Drum*) betref is die inhoud in al drie tydskrifte dieselfde. Al verskil is dat *Huisgenoot* en *You* ’n wit model gebruik en *Drum* ’n swart een. Volgens Suzanne Kotze (2008), die skoonheidsredakteur van *Huisgenoot* en *You*, is die skoonheidsartikels in *Huisgenoot* en *You* meestal dieselfde. *Drum* se skoonheidsartikels is soms dieselfde as dié in *Huisgenoot* en *You*, maar dit is nie altyd die geval nie. Kotze verwys byvoorbeeld na die aanpassings wat dikwels in *Drum* gemaak word wanneer skoonheids- of haarprodukte geadverteer word. Die rede hiervoor is dat die gemiddelde *Drum*-lesers tot ’n laer inkomstegroep behoort as die *Huisgenoot*- en *You*-lesers (sien 3.3.1.6) en dat hulle ’n laer lewenstandaard (sien 3.3.1.7) het. Gevolglik word duurder produkte wat in *Huisgenoot* en *You* geadverteer word, uit *Drum* weggelaat.

“Vra dr. Adri”, “Ask Dr Louise” (*You*) en “Ask Sis Dolly” (*Drum*) is gebaseer op dieselfde konsep: Lesers stuur persoonlike vrae aan dr. Adri, dr. Louise of Sis Dolly en dié persone beantwoord dan die vrae en gee raad. Dr. Adri is ’n wit

Afrikaanssprekende vrou, dr. Louise is 'n Engelssprekende vrou en sis Dolly is waarskynlik 'n swart vrou. Elk van dié persone is iemand met wie die lesers van die betrokke tydskrif kan identifiseer. Saam met “Ask Sis Dolly” verskyn “Testo-theraphy” deur bra Lucas. Dié ‘rubriek’ is uitsluitlik vir mans wat raad vir 'n man wil vra.

Die resepte in “Kos” en “Food” (*You*) verskil heeltemal van dié in *Drum*. Hierdie resepte is egter nie kultuurspesifiek nie, aangesien dié wat in *Drum* verskyn net sowel in *Huisgenoot* of *You* kon verskyn, en andersom. In *Drum* word een resep stapsgewys verduidelik met behulp van foto's. Op dié foto's is 'n swart persoon se hande sigbaar wat die betrokke aktiwiteite demonstreer. Dit blyk dus dat die resepte in *Drum* eenvoudiger aangebied word as dié in *Huisgenoot* en *You*. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat die opvoedingspeil van die *Drum*-lesers laer is as dié van die *Huisgenoot*- en *You*-lesers (sien 3.3.1.5).

Die inhoud en grafika van “Huis” en “Decor” (*You*) is grotendeels dieselfde. Die inhoud en grafika van “At home” (*Drum*) verskil egter heeltemal van dié in *Huisgenoot* en *You* – daar is geen ooreenkomste nie.

Soos in detail bespreek by 4.2.3.1 stem die ‘boodskap’ van “Sterreweek” en “Your stars” (*You* en *Drum*) grotendeels ooreen. Op mikrovlak is daar egter heelwat verskuiwings as gevolg van kultuur én die struktuur van taal.

Verder stem die inhoud en grafika van “Vermaak” en “Reviews” (*You*) grotendeels ooreen. Dieselfde films, DVD's, CD's en rekenaarspeletjies word geresenseer. Al verskil is die boeke wat geresenseer word: *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* en *Wilhelmina, kampkind op Java* in *Huisgenoot* en *Resistance* en *Around Africa on my bicycle* in *You*. “Reviews” in *Drum* verskil egter heelwat van *Huisgenoot* en *You*. Dieselfde films en DVD's word geresenseer, maar in plaas van 'n rekenaarspeletjie word 'n ekstra DVD geresenseer. 'n Moontlike rede hiervoor is dat die *Drum*-lesers oor die algemeen tot laer inkomste- en LSM-groepe behoort as die *Huisgenoot*- en *You*-lesers (sien 3.3.1.6 en 3.3.1.7). Die ‘gemiddelde’ *Drum*-leser sal dus

waarskynlik nie 'n rekenaar hê nie. Verder verskil die CD's en boeke wat geresenseer word. Die CD's is almal deur swart kunstenaars en die boeke handel oor swart mense (*Dreams from my father* deur Barack Obama en *Crazy world: A tribute to Lucky Dube* deur Guy Henderson).

Die “Huisgenotjies”, “Chuckles” (*You*) en “Good laughs” (*Drum*) is grappies wat deur die lesers van die onderskeie tydskrifte ingestuur word. Dit is dus vanselfsprekend dat die grappies gaan verskil. Grappies en humor is uiters kultuurspesifiek.

“Tempo”, “Pressplay” (*You*) en “Drumbeat” (*Drum*) is musiekrubrieke wat fokus op musiek wat die betrokke lesers sal interesseer. “Tempo” hou die *Huisgenoot*-lesers op hoogte van wat in die Afrikaanse musiekbedryf aangaan; “Pressplay” fokus op plaaslike én internasionale Engelse musiek; en “Drum beat” lê klem op plaaslike én internasionale musiek, hoofsaaklik deur swart kunstenaars. Dié drie rubrieke is dus uiters kultuurgebonde en word geskep met spesifieke lesers in gedagte.

Die inhoud en grafika van “Mense en hul dinge” en “Have you heard” (*You*) stem grotendeels ooreen. In dié twee rubrieke val die klem op internasionale sterre van alle nasionaliteite en rasse. Al verskil is dat “Have you heard” twee ekstra blaaie het. Die een blad het ‘gewone’ skindernuus, terwyl die ander een op Bollywood-nuus fokus, ter wille van die bykans 10% Indiërlesers van *You*. Die inhoud en grafika van “Starbuzz” in *Drum* verskil egter heeltemal van die *Huisgenoot*- en *You*-rubriek. Daar word hoofsaaklik gefokus op swart internasionale sterre. Die enigste ooreenkoms tussen “Have you heard” en “Starbuzz” is die storie oor Naomi Campbell.

3.4.1.2.3 'n Rubriek wat in *Huisgenoot* én *Drum* verskyn

Daar is een rubriek wat in *Huisgenoot* én *Drum* verskyn, naamlik “Vra dr. Dawie” en “Ask Dr Trevor”. In hierdie rubrieke kan lesers mediese vrae aan

dié dokters vrae. Daar kan bloot gespekuleer word oor die redes waarom *You* nie 'n soortgelyke rubriek het nie.

3.4.1.2.4 Rubrieke wat slegs in *Huisgenoot* óf *You* óf *Drum* verskyn

Daar is een rubriek wat slegs in *Huisgenoot* voorkom, naamlik “Blaaskans”. Dié rubriek bevat weekliks 'n artikel wat deur 'n *Huisgenoot*-leser geskryf is. Hierdie artikels is uiters kultuurspesifiek, aangesien dit déúr Afrikaanssprekendes vír Afrikaanssprekendes geskryf word. Dit is dus vanselfsprekend dat dié artikels nie vir *You* of *Drum* vertaal kan word nie, omdat dit waarskynlik nie tot dié tydskrifte se lesers sal spreek nie. Dit is onseker waarom *You* en *Drum* nie 'n soortgelyke rubriek het nie.

Soos in *Huisgenoot* is daar een rubriek wat slegs in *You* voorkom, naamlik “Desperately seeking you”. Hierdie rubriek help *You*-lesers om nuwe vriende of potensiële geliefdes te ontmoet. Daar kan net gespekuleer word waarom *Huisgenoot* en *Drum* nie ook so 'n rubriek het nie.

Daar is heelwat rubrieke wat slegs in *Drum* voorkom: “Shisa style”, “Advice on life”, “Soap watch”, “Careers”, “Young *Drum*”, “Kiddies’ corner” en “*Drum* Chumz”.

Die doel van “Advice on life” en “Careers” (wat op studiegeleenthede fokus) is om die *Drum*-lesers met selfopheffing te help. Volgens Van Zyl is *Drum* meer gerig op selfopheffing as *Huisgenoot* en *You* (2008).

“Soap watch” verskaf 'n opsomming van die gebeure in die SABC-sepies *Isidingo*, *Rhythm City*, *Muvhango*, *Scandal*, *Generations*, *7de Laan*, *Bold and the beautiful* en *Days of our lives*. Baie van hierdie sepies, veral *Isidingo*, *Rhythm City*, *Muvhango*, *Scandal* en *Generations*, het 'n hoë swart kykerstal, omdat die karakters dikwels swart tale praat. Gevolglik sal *Huisgenoot*- en *You*-lesers nie baie geïnteresseerd wees in inligting oor dié sepies nie.

Huisgenoot-lesers sal byvoorbeeld meer belangstel in inligting oor *Egoli*, *Binnelanders* of *Villa Rosa*.

“Young *Drum*”, “Kiddies’ corner” en “*Drum* chumz” word spesiaal geskep om jong *Drum*-lesers intellektueel te stimuleer. In die grafika van hierdie rubrieke is die getekende ‘persone’ swart, sodat die jong *Drum*-lesers hulle met dié ‘persone’ kan vereenselwig. Hierdie rubrieke toon geen ooreenkoms met die ‘jongspanrubrieke’ wat in *Huisgenoot* en *You* verskyn nie.

3.4.1.3 Advertensies

Adverteerders besluit gewoonlik in watter tydskrifte hulle wil adverteer. Hulle baseer hulle besluite hoofsaaklik op die potensiële lesers van die betrokke tydskrifte. Advertensies sal slegs in tydskrifte geplaas word as die lesers met die teikenmark van die produk(te) ooreenstem.

Aangesien die *Huisgenoot*- en *You*-lesersprofiel baie ooreenstem (sien 3.3.1), is dit te verstane dat daar heelwat advertensies is wat in albei tydskrifte verskyn: The Crazy Store, Add-a-Vit / Lose-a-Fat / Zer-o-Crave (verslankingspille), Liquid home (huislenings), Epson (fotodrukker), Turbo energy (energiemiddel), Herbaforce (natuurlike geneesmiddel), USN (verslankingspille), Lp299v (pille vir hardlywigheid), Vascamen / Vascafem (vitamiëaanvulling), NWJ (juweliers), Swim seal (oordruppels wat voorkom dat water in ore beland), Credit for Africa (huisverband), Panarotti’s (restaurantgroep) en Coopex Aerosol (vlieg- en muskietdoder – drie advertensies).

Daar is vier advertensies wat slegs in *Huisgenoot* verskyn: RyChol (middel wat cholesterol verlaag), Shake ‘n shape (verslankingsapparaat), Hawkins (verslankingsapparaat) en Finbond (lenings). Soortgelyk is daar ’n paar advertensies wat slegs in *You* verskyn: Foschini (juwele en parfuum – drie bladsye), Nuvida (hormoonpille), Slinky Slim (verslankingspille) en Club unyc (selfoonluitone). Al die advertensies wat in *Huisgenoot* geplaas is, kon net

sowel in *You* verskyn het, en andersom, aangesien dit vir albei lesersgroepe relevant is.

Al verskil die profiele van die *Huisgenoot*- en *You*-lesers baie van dié van die *Drum*-lesers, is daar wel advertensies wat in al drie tydskrifte voorkom: Citroën, Ackermans Home Comforts, Betta Way (vitamienpille), Shoe City, Mr Price, BMT College, Damelin, eTV en OUTsurance. Die adverteerders was moontlik van mening dat die lesers van al drie tydskrifte in hierdie produkte sal belangstel. Drie van hierdie advertensies is effens aangepas, sodat dit meer spesifiek gerig is op die lesers van die onderskeie tydskrifte. Die grafika van die Shoe City-advertensie is dieselfde in *Huisgenoot* en *You* – wit modelle word gebruik. In *Drum* word swart modelle egter gebruik. Die grafika van die Damelin-advertensies verskil ook. In *Huisgenoot* en *You* verskyn 'n foto van 'n wit man en in *Drum* verskyn 'n foto van 'n bruin vrou. Verder verskil die OUTsurance-advertensies. Die grafika en bewoording in *Huisgenoot* en *You* verskil, maar die uitleg is min of meer dieselfde. By *You* is daar 'n verwysing na Namibië wat nie in *Huisgenoot* of *Drum* verskyn nie. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat *You* 'n groot koopkrag in Namibië het, aangesien Engels daar die enigste amptelike taal is. Die advertensie in *Drum* verskil heeltemal van dié in *Huisgenoot* en *You*. Sien bylae 1. Daar kan bloot gespekuleer word oor die redes vir dié veranderinge.

Soos te verwagte, is daar 'n paar advertensies in *Drum* wat nie in *Huisgenoot* óf *You* verskyn nie. Voorbeelde hiervan is Dark and lovely (haarprodukte – drie advertensies), Leza Legal Wise, Sadie (aanroldeodorant), Xcite Mobile (selffoonluite) en FNB. In al hierdie advertensies word swart modelle gebruik en dit is duidelik dat hulle spesifiek op die swart mark gerig is. Die FNB-advertensie, byvoorbeeld, spoor ouers aan om hulle kinders te leer hoe om met geld te werk. Hierdie teks hou dus verband met die 'selfopheffing' waarna daar by 3.4.1.2.4 verwys is.

3.4.1.4 Promosie-artikels

Volgens Cisca Badenhorst, die promosieredakteur van *Huisgenoot*, *You én Drum*, besluit adverteerders in watter tydskrif(te) hulle promosie-artikels moet verskyn. Die promosieredakteur moet dan seker maak dat dié artikels tot die lesers van die betrokke tydskrifte sal spreek (2008).

Daar is een promosie-artikel wat in *Huisgenoot*, *You én Drum* verskyn. Dit handel oor Doom vir muskiete. Hierdie promosie-artikel is relevant vir die lesers van al drie tydskrifte, aangesien muskiete 'n algemene probleem is.

In *Huisgenoot* is daar een promosie-artikel wat nie in *You en Drum* verskyn nie, naamlik '*Huisgenoot Mobizine*'. Hiervolgens kan *Huisgenoot*-lesers deur middel van hulle selfone op hoogte bly van die weeklikse hoogtepunte in *Huisgenoot*. Muurpapier, speletjies en luitone kan ook afgelaai word. Hierdie 'produkt' is uitsluitlik vir *Huisgenoot*-lesers.

Daar is een promosie-artikel wat slegs in *Drum* verskyn. Die Nlebhe Burial Society word hierin bekend gestel. Dit is 'n groep waarby swart persone kan aansluit. Wanneer 'n lid of een van sy/haar familieledede sterf, word geld vir die begrafnis uitbetaal.

3.4.1.5 Ander verskille

Die eerste opvallende verskil tussen *Huisgenoot*, *You en Drum*, is die voorblaaie. Steve Hofmeyr en sy vrou, Natasha, verskyn op *Huisgenoot* se voorblad. Daar is ook 'n foto'tjie van Heath Ledger bo in die regterhoek. Heath Ledger pryk egter op *You* se voorblad en daar is nog 'n foto'tjie van hom onder in die linkerhoek. Bo in die regterhoek is 'n foto'tjie van Michael Jackson en een van sy kinders. Khanyi Dhlomo verskyn op *Drum* se voorblad. Bo in die regterhoek is 'n foto'tjie van Michael Jackson en een van sy kinders. Daar is ook 'n foto'tjie van Desmond Tutu en sy vrou, Leah. Volgens Behr (2008b) verskil die voorblaaie sodat dit die verskillende lesers sal lok.

Die redakteursbriewe is nog 'n aspek wat baie verskil. *Huisgenoot* en *You* se brief word deur Esmaré Weideman geskryf. Onderaan dié briewe verskyn 'n foto van haar, asook haar handtekening. Die opskrif van hierdie briewe is "Van my kant" en "From the editor". Hier is dus sprake van 'n individualistiese inslag wat tipies is van die Westerse kultuur. *Drum* se redakteursbrief, hierteenoor, word deur "The *Drum* team" geskryf en daar is geen foto of handtekening nie. Aangesien Esmaré Weideman ook die redakteur van *Drum* is, skryf sy in der waarheid die redakteursbrief. Die opskrif van hierdie brief is "From our side". Dit blyk dus duidelik dat die *Drum*-brief 'n meer kollektiewe inslag het as die *Huisgenoot*- en *You*-brief (Feinauer 2008). Dit is vanselfsprekend dat die inhoud van al drie briewe sal verskil, aangesien die hoogtepunte in elk van dié tydskrif uitlig word.

Dit is opvallend dat *Huisgenoot* en *You* hoofsaaklik wit persone in hulle advertensies, rubrieke en artikels gebruik, terwyl *Drum* meestal swart persone gebruik. Ongeveer 81% van die persone in *Huisgenoot* en 75% van die persone in *You* is wit. Hierteenoor is ongeveer 79% van die persone in *Drum* swart. Wanneer dieselfde artikels, rubrieke of advertensies in *Huisgenoot*, *You* én *Drum* verskyn, gebeur dit dikwels dat die wit persone in *Huisgenoot* en *You* met swart persone vervang word in *Drum*. In die fotoblokkiesraaisel in *Drum* word slegs swart of bruin bekendes gebruik, terwyl *Huisgenoot* en *You* bekendes van enige ras gebruik.

Nog 'n interessante aspek is die keuse van sterre wat in die middelblad van die onderskeie tydskrifte geplaas word. *Huisgenoot* se middelblad is 'n plakkaat van Bobby van Jaarsveld, 'n Afrikaanse sanger. Leona Lewis, 'n Britse sangeres, pryk op die middelblad van *You*. *Drum* se middelblad verskaf die datums en tye van die 2008 Africa Cup of Nations se sokkerwedstryde. Dit is duidelik dat die keuse van middelblaaie op kultuur gebaseer is.

'n Verdere interessante verskynsel word aangetref by die weeklikse TV-gids. *Huisgenoot* verskaf daagliks kykNET se program, terwyl *You* die hoogtepunte op DStv uitlig. *Drum*, hierteenoor, verskaf bykomende inligting oor 'n sportprogram wat op SABC 1, SABC 2, SABC 3, eTV of M-Net uitgesaai word.

Ná die TV-gids in *Huisgenoot* en *You* verskyn twee bladsye wat 'n kort opsomming gee oor elke film wat die week uitgesaai word. Dit verskyn nie in *Drum* nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat die *Drum*-lesers minder films kyk as die lesers van *Huisgenoot* en *You*.

Elk van hierdie tydskrifte bevat 'n kortverhaal wat deur 'n leser geskryf is. Dit is opvallend dat dié verhale die kultuur van die betrokke tydskrif se lesers weerspieël. Die name van die karakters, asook die illustrasie by die verhaal, is baie kultuurgebonde. Die *Huisgenoot*-verhaal is geskryf deur Ina Wessels. Alice, die hoofkarakter, is volgens die illustrasie 'n wit vrou. Die ander karakters is Faan Basson, Kenna Brink en Millie. Die verhaal in *You* is deur Paul Warnes geskryf. Volgens die illustrasie is die hoofkarakter 'n wit vrou genaamd Ann Turner. Die ander karakters het eg Engelse name: Malcolm, Mrs Richards, Paul Jenkins, Mary Chambers en John Turner. Die *Drum*-verhaal is deur Dudu Sibanya geskryf. Uit die illustrasie is dit duidelik dat die hoofkarakter, Sophie Dlamini, 'n swart vrou is. Die ander karakters heet Mbali, Yena, Hester Xotongo, Mr Padayachee (Sophie se werkgewer), Daljeet (Mr Padayachee se seun), Auntie Miriam en Auntie Flo.

3.4.2 Tuis en Home

Volgens Rhoda Davids, die assistentredakteur van *Tuis en Home*, bepaal die Audit Bureau of Circulation dat die inhoud van *Tuis en Home* nie meer as 25% mag verskil nie (2008a). Daar kan dus verwag word dat daar baie min afwykings tussen hierdie twee tydskrifte sal wees. Aangesien die *Tuis*- en *Home*-lesersprofiel nie veel verskil nie (sien 3.3.2), behoort dit nie probleme te veroorsaak as die inhoud grootliks ooreenstem nie. Die enigste groot verskil in die lesersprofiel is ten opsigte van die ras van die lesers. Daar is 'n groot persentasie swart persone wat *Home* lees. Al hierdie persone koop egter nie fisies 'n *Home* nie. 'n Groep swart persone koop saam een *Home* en versprei dit dan onder mekaar. Gevolglik word die inhoud en taalgebruik van *Home* nie aangepas vir die swart lesers nie. Die inhoud word eerder geskep vir die groot aantal wit en bruin lesers wat wel hierdie tydskrif koop.

Die vergelyking van *Tuis* en *Home* van Oktober 2007, het nie veel verskille aan die lig gebring nie. Die grafika van die artikels en advertensies stem ooreen. Verder is die 'boodskap' van die artikels en advertensies grotendeels dieselfde, aangesien die inhoud vertaal word. Daar is egter verskille wat op mikrovlak waarneembaar. Dit is interessant dat die ooreenstemmende artikels en advertensies ook op ooreenstemmende bladsye verskyn.

Anders as in *Huisgenoot*, *You* en *Drum*, en *Weg* en *Go!* stem die redakteursbriewe in *Tuis* en *Home* grootliks ooreen. Die Afrikaanse brief (die BTT) word bloot in Engels vertaal vir *Home* (sien 4.2.3.3).

Daar is slegs twee aspekte wat verskil. Ten eerste verskyn die name van dié twee tydskrifte in verskillende kleure. "*Tuis*" is donkerpienk en "*Home*" is liggroen. Ten tweede verskil die blokkiesraaisels in dié tydskrifte. Die foto's in die blokkiesraaisels is dieselfde, maar dit is vanselfsprekend dat die 'leidrade' sal verskil.

3.4.3 *Weg* en *Go!*

Soos in die geval van *Tuis* en *Home* mag die inhoud van *Weg* en *Go!* nie meer as 25% verskil nie (Van Wyk 2008). Daar word dus nie veel ruimte gelaat vir afwykings nie. Aangesien daar heelwat ooreenkomste is tussen die lesers van *Weg* en *Go!*, kan daar verwag word dat daar nie veel verskille tussen dié tydskrifte sal wees nie. In teenstelling met *Weg* is daar egter 'n groot persentasie swart persone wat *Go!* lees. 'n Groep swart persone koop saam 'n *Go!* en versprei dit dan onder mekaar. Die inhoud en taalgebruik van dié tydskrif word egter nie aangepas vir die swart lesers nie, omdat hulle nie elkeen 'n *Go!* koop nie. Die inhoud word eerder geskep met die oog op die groot aantal wit en bruin lesers wat wel dié tydskrif koop.

Met die vergelyking van *Weg* en *Go!* van Januarie 2008, het 'n paar verskille aan die lig gekom. Bun Booyens, die redakteur van *Weg* én *Go!* skryf die redakteursbrief wat in *Weg* verskyn. Andrea Weiss, die adjunkredakteur van

Go! skryf die redakteursbrief wat in *Go!* verskyn. Die lesers kan egter verwag dat Booyens die redakteursbrief in *Go!* sal skryf. Die inhoud van hierdie briewe verskil heeltemal, aangesien Booyens en Weiss op verskillende hoogtepunte in dié twee tydskrifte fokus. Verder verskil die inhoud van “Sê jou sê” en “Have your say”. Dit is briewe wat deur lesers ingestuur is. Die medewerkers van dié tydskrifte verskil ook.

Daar is vier artikels of rubrieke wat effens verskil. By “Die mense se lense” en “Take your pic” word foto’s geplaas wat deur lesers ingestuur is. Vier van die foto’s is dieselfde en drie verskil.

Die boeke-rubriek (“Lees en luister” en “Books”) verskil heeltemal. Wat die nuwe boeke betref, fokus *Weg* op Afrikaanse boeke of boeke wat Afrikaanssprekendes sal interesseer. Soortgelyk fokus *Go!* op Engelse boeke wat Engelssprekendes sal interesseer. Onder “Lees en luister” het *Weg* ’n afdeling “Klassieke Afrikaans” waar ou Afrikaanse boeke geresenseer word. In *Go!* word hierdie deel vervang deur “African”, waar boeke oor Afrika geresenseer word.

Verder word Dana Snyman se rubriek “Dana aan die woord” in *Weg* in *Go!* vervang deur “Write on, Helen” deur Helen Fraser. Dana se ‘storie’ speel af in die Lutzville-hotel se kroeg en is sterk gerig op die Afrikaanse lesers. Die skets by dié artikel illustreer ’n stereotiepe Afrikaner kroeg. Fraser se artikel, hierteenoor, is meer neutraal en handel oor ’n staptoer in die wildernis. Dié artikel sou moontlik vir *Weg* vertaal kon word, maar Snyman s’n sou glad nie in *Go!* slaag nie.

’n Laaste verskil word aangetref in die artikel “Afrika op sy beste” en “Africa at its best”. Albei artikels handel oor ‘naamborde’ wat aan die voorkant van huise aangebring word. Die grafika én die teks van die *Weg*- en *Go!*-artikel verskil heeltemal, aangesien dié artikels deur twee verskillende persone geskryf is.

Die volgorde waarin die ooreenstemmende artikels, rubrieke, advertensies, ensovoorts in *Weg* en *Go!* verskyn, is presies dieselfde, met ander woorde die bladsynommers stem ooreen.

3.4.4 Gevolgtrekkings

Uit die bespreking blyk dit duidelik dat die inhoud van *Huisgenoot* en *You* plek-plek verskil. Dit kan toegeskryf word aan die minimale verskille en verskillende belangstellings tussen die lesers van dié twee tydskrifte. Die inhoud van *Drum* verskil egter heelwat van dié van *Huisgenoot* en *You*. 'n Moontlike verklaring hiervoor is die kultuurverskille tussen *Drum* se lesers en dié van *Huisgenoot* en *You*. Die inhoudsverskille kan ook toegeskryf word daaraan dat die *Drum*-lesers 'n laer opvoedingspeil het as die *Huisgenoot*- en *You*-lesers of dat hulle tot 'n laer inkomste- of LSM-groep behoort.

Wat *Tuis* en *Home* en *Weg* en *Go!* betref is daar geringe verskille ten opsigte van die inhoud. Dit kan daaraan toegeskryf word dat die lesers van dié tydskrifte baie ooreenstem. Daar hoef dus geen veranderings gemaak te word as gevolg van kultuurverskille nie. Die opvoedingspeil van die *Tuis*- en *Home*-lesers stem grootliks ooreen. Dit is ook die geval met *Weg* en *Go!* se lesers. Die inhoud en taalgebruik van hierdie tydskrifte hoef dus ook nie soseer aangepas en vereenvoudig te word nie.

3.5 Samevatting

Dit is duidelik dat die rolspelers in die vertaalproses (die inisieerders, vertalers en DTL's) 'n geweldige groot invloed het op die skep van vertaalde tydskrifte.

Die inisieerders, wat die tekste kies wat geplaas en vertaal moet word, moet vertaalopdragte aan die vertalers verskaf sodat laasgenoemde kan weet hoe die DTT moet lyk. In die geval van *Huisgenoot*, *You*, en *Drum*, *Tuis* en *Home*, asook *Weg* en *Go!* is dit egter duidelik dat daar nie behoorlike vertaalopdragte aan vertalers gegee word nie. Al vereiste is dat die tekste idiomaties moet lees, asof dit oorspronklike tekste is.

Wat vertalers betref, het *Huisgenoot* net een permanente vertaler. Sommige van *Huisgenoot* en *You* se subredakteurs doen ook vertaalwerk. Alle vertaalde tekste word deur 'n herskrywer onder hande geneem wat die inhoud aanpas en rondskuif sodat dit meer geskik is vir die betrokke DTL's. *Tuis* en *Home* gebruik vryskutvertalers om tekste in Engels te vertaal. Engelse tekste word deur lede van *Tuis* en *Home* se redaksies in Afrikaans vertaal. *Weg* en *Go!* het 'n paar 'permanente' vryskutvertalers en hulle gee soms 'nuwe' vryskutvertalers 'n kans. Tekste word dan deur lede van *Weg* en *Go!* se redaksies geredigeer.

Die 'ideale' tydskrifvertalers moet 'n deeglike taal- en kultuurkennis hê, asook goeie naslaanvaardighede. Hulle moet ook 'n 'etiese kode' hê waarvolgens hulle te werk gaan, sodat hulle lojaal sal bly aan al die rolspelers in die vertaalproses.

Verder is dit duidelik dat die lesers van *Huisgenoot* en *You* grotendeels ooreenstem. Dit is dus vanselfsprekend dat die inhoud van dié twee tydskrifte nie veel sal verskil nie. *Drum* se lesers verskil egter heelwat van dié van *Huisgenoot* en *You*. Die inhoud van *Drum* verskil dus baie van dié van haar susters. Die lesers van *Tuis* en *Home*, asook die lesers van *Weg* en *Go!* stem baie ooreen. Daar is dus slegs geringe verskille tussen dié tydskrifpare waarneembaar.

Die lesers van *Huisgenoot*, *You*, en *Drum*, *Tuis* en *Home*, asook *Weg* en *Go!* speel nie net 'n rol in die inhoudskeuses van dié tydskrifte nie. Hulle speel ook 'n onmisbare rol in die keuses wat vertalers op mikrovlak maak. In die hoofstuk wat volg, word 'n aantal tekspare vergelyk ten einde mikrovlak-ooreenkomste en verskille te identifiseer. Dit word gedoen aan die hand van Toury en Chesterman se norme.

HOOFSTUK 4

TOURY EN CHESTERMAN SE NORME IN DIE PRAKTYK

4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk val die klem op Toury en Chesterman se norme soos dit in *Huisgenoot*, *You*, en *Drum*, *Tuis* en *Home*, asook *Weg* en *Go!* waargeneem word. Die rol wat norme speel in die skep van dié tydskrifte, word van naderby bekyk. Toury se operatiewe norme geniet die meeste aandag. In dié verband word twee tekspare uit *Huisgenoot*, *You* en *Drum* met mekaar vergelyk, asook een tekspaar uit *Tuis* en *Home* en een uit *Weg* en *Go!*. Die verskille wat waargeneem word tussen die BTT'e en DTT'e word beskryf en daar word gespekuleer oor die moontlike redes daarvoor. Gevolgtrekkings word dan gemaak oor die verskille wat tussen die BTT'e en DTT'e voorkom.

4.2 Toury se norme

Soos reeds genoem in hoofstuk 2, identifiseer Toury drie soorte norme, naamlik voorbereidingsnorme (sien 2.4.3.1), die aanvangsnorm (sien 2.4.3.2) en operatiewe norme (sien 2.4.3.3). In die bespreking wat volg word die rol wat hierdie norme in die praktyk speel, ondersoek.

4.2.1 Voorbereidingsnorme

Die voorbereidingsnorme word in twee subkategorieë verdeel, naamlik die vertaalbeleid en of daar van die BTT af vertaal word, al dan nie.

4.2.1.1 Vertaalbeleid

Dit gaan hier om die keuse van tekste wat vertaal moet word. Hierdie keuses word gemaak deur beskermers (sien 2.4.5.1.1) of inisieerders (sien 2.5.3.1) wat die vertaalproses beheer. Vervolgens word daar gekyk na hoe *Huisgenoot*, *You*, en *Drum*, *Tuis* en *Home*, asook *Weg* en *Go!* besluit watter tekste vertaal moet word.

4.2.1.1.1 *Huisgenoot*, *You* en *Drum*

Huisgenoot, *You* en *Drum* het nie net een beskermer of inisieerder wat bepaal watter tekste vertaal moet word nie. Daar is verskeie persone wat 'n rol speel in dié proses.

Huisgenoot en *You* se redaksiespan bestaan uit verskeie redakteurs, byvoorbeeld 'n nuus-, bylae-, skoonheids-, mode-, tiener-, glansblad-, leefstyl-, dekor-, kos-, kuns-, promosie-, TV- en kreatiewe redakteur. Hierdie redakteurs speel 'n belangrike rol in die keuse van artikels wat geplaas én vertaal gaan word. Ter verduideliking word die funksie van slegs 'n paar van dié redakteurs bespreek. Die klem val op die nuus-, bylae-, skoonheids-, mode-, tiener- en glansbladredakteur.

Die nuusredakteur ontvang voorstelle vir nuusartikels van die publiek. Sy vergader dan met *Huisgenoot* en *You* se joernaliste om nog idees vir stories te kry. Daarna word 'n hoofredaksievergadering gehou waar twee 'nuuslyste' met goedgekeurde onderwerpe opgestel word – een vir *Huisgenoot* en een vir *You*. Die nuusredakteur kies uit dié lyse die artikels wat vir elke tydskrif geskryf moet word. Sy besluit dus ook watter artikels vertaal moet word. Die nuusartikels in *Huisgenoot* en *You* stem grotendeels ooreen, maar daar is gewoonlik een tot drie artikels wat verskil. *Drum* het 'n eie redaksie wat self besluit watter nuusartikels in *Drum* gaan verskyn. Dit gebeur soms dat 'n artikel wat in *Huisgenoot* en of *You* verskyn na *Drum* oorgedra word, en andersom. Kultuur speel 'n belangrike rol in die keuse van nuusartikels vir die

onderskeie tydskrifte (Sadovski 2008 – nuusredakteur van *Huisgenoot* en *You*). In die uitgawe van 31 Januarie 2008 verskyn daar byvoorbeeld 'n nuusartikel oor Steve Hofmeyr in *Huisgenoot* (sien 3.4.1.1.2). Dié artikel word nie na *You* of *Drum* oorgedra nie, omdat Engelssprekende of swart lesers nie in 'n Afrikaanse sanger se doen en late belangstel nie. Soortgelyk verskyn daar 'n nuusartikel in *Drum* oor Tinyiko Shilubana ('n swart vrou wat die opperhoof van die Valoyi clan wil word) (sien 3.4.1.1.4). Hierdie artikel word nie in *Huisgenoot* of *You* geplaas nie, aangesien wit of bruin lesers nie daarin geïnteresseerd sal wees nie.

Die bylaeredakteur vergader gereeld met die redakteur, bemarkingspan en advertensiedepartement om dinkskrums te hou oor moontlik onderwerpe waarvoor daar geskryf kan word. Hierdie groep besluit watter bylaes in *Huisgenoot*, *You* en *Drum* gaan verskyn. Bylaes word in Afrikaans of in Engels geskryf en word dan vertaal indien nodig. Die reisbylae, byvoorbeeld, verskyn slegs in *Huisgenoot* (“*Huisgenoot* reisklub”) en *You* (“*You* travel klub”), omdat die adverteerders dit so verkies (sien 3.4.1.2.1). Die loopbaanbylae (“Careers”), hierteenoor, verskyn slegs in *Drum*, aangesien dié tydskrif sterk op selfopheffing gerig is (sien 3.4.1.2.4). Daar is wel bylaes wat in *Huisgenoot*, *You* én *Drum* verskyn, byvoorbeeld die mode- en skoonheidsbylaes. Die advertensies in hierdie bylaes word egter aangepas na gelang van die lesers van die betrokke tydskrif (Van Zyl 2008).

Wat skoonheid betref, besluit die skoonheidsredakteur oor die artikels wat in *Huisgenoot*, *You* en *Drum* geplaas gaan word. Die temas waarop sy besluit, moet egter deur die leefstylredakteur en die redakteur goedgekeur word. *Huisgenoot* en *You* se artikels is meestal dieselfde, maar dié van *Drum* word dikwels aangepas weens kultuurverskille. *Drum* het verskillende subredakteurs wat die taal in die skoonheidsartikels effens ‘skaaf’, sodat dit meer geskik is vir die DTL’s. Die artikels word in Engels geskryf vir *You* en *Drum* en dan in Afrikaans vertaal vir *Huisgenoot* (Kotze 2008). Die rede hiervoor is dat die skrywer van hierdie artikels meer gemaklik is om in Engels te skryf as in Afrikaans.

Huisgenoot en *You* het een moderedakteur. Sy besluit saam met die leefstylredakteur watter mode-artikels in dié twee tydskrifte geplaas gaan word. Hierdie artikels se DT is altyd Engels en word dan in Afrikaans vertaal vir *Huisgenoot*. *Drum* het 'n eie moderedakteur, 'n swart vrou, wat op die mode-artikels vir *Drum* besluit (Malherbe 2008 – moderedakteur van *Huisgenoot* en *You*).

Volgens Edna Isaacs, een van *Huisgenoot* en *You* se skrywers, vergader die tienerredakteur en die tienerskrywer elke maand om te besluit wat die inhoud van die tienerafdeling gaan wees. Die inhoud van *Huisgenoot* en *You* se tienerafdelings stem grotendeels ooreen. Omtrent al die artikels word in Engels geskryf vir *You* en in Afrikaans vertaal vir *Huisgenoot*. *Drum* het glad nie 'n tienerafdeling nie (Isaacs 2008a). Dit is vreemd dat *Drum* nie 'n tienerafdeling het nie, aangesien 'n groot persentasie van die *Drum*-lesers jongmense is (sien 3.3.1.2). Daar kan bloot gespekuleer word oor die moontlike redes vir die weglating van 'n tienerafdeling uit *Drum*.

Die glansbladredakteur en die skrywer van die glansblaaie besluit saam oor die stories wat geplaas en vertaal gaan word. “Have you heard” en “Star gaze” in *You* se glansblaaie word vir *Huisgenoot* in Afrikaans vertaal as “Mense en hul dinge” en “Sterrekyk”. Al die stories in *You* word egter nie na *Huisgenoot* oorgedra nie, omdat die teikenlesers bietjie verskil (sien 3.3.1). Daar word immers gepoog om “stories relevant te hou tot die lesers”. *Huisgenoot* en *You* se glansblaaie verskil ook in dié sin dat *You* 'n bladsy met Bollywood-nuus het. *Drum* se glansblaaie verskil heeltemal van *Huisgenoot* en *You* s'n en daar word selde 'n storie van *Huisgenoot* of *You* na *Drum* oorgedra, en andersom (Langeveldt 2008 – glansbladredakteur van *Huisgenoot*, *You* én *Drum*).

Dit blyk dus dat daar heelwat persone betrokke is by die keuse van tekste wat geplaas en vertaal moet word. Hierdie keuses word gemaak op grond van die teikenlesers van *Huisgenoot*, *You* en *Drum*. Sien 3.3 vir meer inligting oor die lesersprofile.

4.2.1.1.2 *Tuis en Home*

Volgens Davids vergader die redakteurs van die onderskeie afdelings om met idees vir artikels vorendag te kom. Hierdie groep werk dus as 'n span saam om 'n raamwerk op te stel van artikels wat geskryf moet word. Die redakteur gaan elke artikel na en sy moet dit goedkeur (2008a). Soos reeds genoem, mag die inhoud van *Tuis en Home* nie meer as 25% verskil nie (sien 3.4.2). Dit is dus vanselfsprekend dat die meeste tekste, hetsy Afrikaans of Engels, vertaal moet word sodat dit in albei tydskrifte kan verskyn.

4.2.1.1.3 *Weg en Go!*

Volgens Van Wyk bepaal die redakteur van *Weg en Go!* asook die assistentredakteur van *Weg* die inhoud van dié tydskrif. Die assistentredakteur van *Go!* kan die inhoud van *Weg* effens aanpas vir *Go!*, maar dit stem grotendeels ooreen (2008). Soos met *Tuis en Home* bepaal die Audit Bureau of Circulation dat die inhoud van *Weg en Go!* nie meer as 25% mag verskil nie (sien 3.4.3). Die meeste van die tekste, hetsy Afrikaans of Engels, moet dus vertaal word sodat dit in albei tydskrifte kan verskyn. Volgens Van Wyk is *Weg* hoofsaaklik die BTT, aangesien ongeveer 60% van die artikels in Afrikaans en 40% in Engels geskryf word (2008).

4.2.1.2 Vertaling vanaf die BTT of nie

Dit gaan hier daaroor of tekste wat vertaal gaan word, 'n abbavertaling of dubbelvertaling is, met ander woorde of die BTT reeds 'n vertaling is. Vervolgens word daar gekyk wat die geval is in *Huisgenoot*, *You*, en *Drum*, *Tuis en Home*, asook *Weg en Go!*.

4.2.1.2.1 *Huisgenoot, You en Drum*

Volgens Pienaar is al die tekste wat vir *Huisgenoot, You en Drum* aangekoop word, tekste wat oorspronklik in Engels geskryf is. Hierdie tekste word dus nie dubbelvertaal nie (2008).

4.2.1.2.2 *Tuis en Home*

Tuis en Home koop selde artikels van oorsese tydskrifte aan. Indien wel, word die artikels aangepas vir die Suid-Afrikaanse konteks (Davids 2008a). Al die artikels wat aangekoop word, is oorspronklik in Engels geskryf (Davids 2008b).

4.2.1.2.3 *Weg en Go!*

Volgens Van Noord koop *Weg en Go!* nie artikels van oorsese tydskrifte aan nie. Die redes hiervoor is dat *Weg en Go!* meestal Suid-Afrikaanse bestemmings bespreek en dat die artikels 'n besondere *Weg-* of *Go!*-styl moet hê. Die enigste Engelse artikels wat vir *Weg* vertaal word, is dié wat deur *Go!* gegenereer word. Alle tekste wat vertaal word, is dus oorspronklike BTT'e (2008b).

4.2.2 Die aanvangsnorm

Die kern van hierdie norm is dat vertalers moet besluit of hulle hulle gaan onderwerp aan die norme van die BTT of aan dié van die DT en DK. Vervolgens word daar gefokus op die benaderings wat die vertalers van *Huisgenoot, You, en Drum, Tuis en Home, asook Weg en Go!* volg.

4.2.2.1 *Huisgenoot, You en Drum*

Volgens Pienaar streef die vertalers van *Huisgenoot, You en Drum* die norme van die DT en DK na. Daar word dus gepoog om die DTT natuurlik en idiomaties te laat lees (2008). Behr stel dit soos volg: “Dit is [...] altyd belangrik om te vertaal sodat die stuk nie ‘vertaal’ voorkom nie, maar lyk of dit oorspronklik deur ’n Afrikaanssprekende geskryf is.” DTL’s moet dus nie daarvan bewus wees dat hulle ’n vertaling lees nie (2008b).

4.2.2.2 *Tuis en Home*

Dit is duidelik dat die vertalers van *Tuis en Home* die norme van die DT en DK nastreef, eerder as dié van die BTT. Volgens Blaise (2008a) is *Tuis* in die meeste gevalle die BTT, met ander woorde *Tuis*-tekste word in Engels vertaal vir *Home*. Blaise maak dit egter duidelik dat *Home* nie bloot ’n direkte vertaling van *Tuis* is nie: “*Home* praat eerder met ’n eie stemtoon, en het sy eie unieke taalstempel.”

4.2.2.3 *Weg en Go!*

Weg en Go! roem daarop dat dié tydskrifte se styl gemoedelik, vriendelik en humoristies is (Van Noord 2008b). Die tekste het dus ’n geselstrant en dit lees ‘lekker’. Om dit te bereik, is dit vanselfsprekend dat die vertalers eerder die norme van die DT en DK sal nastreef.

4.2.3 Operatiewe norme

Hierdie norme word verdeel in twee subkategorieë, naamlik matriksnorme en tekslinguistiese norme. Matriksnorme beïnvloed die manipulasie van BTT-segmente deur byvoorbeeld die weglating en byvoeging van teksdele. Tekslinguistiese norme beïnvloed die mikrostruktuur van die DTT, soos die

sinskonstruksies, woordkeuses, die gebruik van kursief of hoofletters vir beklemtoning, ensovoorts. Die operatiewe norme bepaal dus die 'opbou' van DTT'e.

In die bespreking wat volg word die waarnemings wat gemaak is tydens die vergelyking van tekste uit die onderskeie tydskrifte, van naderby bekyk. Uit *Huisgenoot*, *You* en *Drum* word die rubriek "Sterreweek" (*Huisgenoot*) en "Your stars" (*You* en *Drum*) van 23 Augustus 2007 vergelyk, asook 'n artikel "Veilig by die OTM" (*Huisgenoot*), "Be safe at the ATM" (*You*) en "ATM scams" (*Drum*) wat op 31 Januarie 2008 verskyn het. Uit *Tuis* en *Home* word die redakteursbrief van Oktober 2007 vergelyk. Verder word die artikel "Ek tree aan vir 'n potjie verspoeg" (*Weg*) en "A mouthful of dung" (*Go!*) van Oktober 2007 vergelyk.

Die name van die onderskeie tydskrifte gaan gebruik word om te verwys na die teks wat daarin verskyn. As daar byvoorbeeld na 'Weg' verwys word, dui dit op die artikel "Ek tree aan vir 'n potjie verspoeg" wat in *Weg* verskyn.

4.2.3.1 "Sterreweek" (*Huisgenoot*) en "Your stars" (*You* en *Drum*) – 23 Augustus 2007

Hierdie rubriek het 'n informele geselstrant met baie idiomatiese taal en figuurlike uitings. Volgens Wendy Stelzmann, die senior assistentredakteur van *You*, is "Your stars" in *You* die BTT wat in Afrikaans vertaal word as "Sterreweek" in *Huisgenoot* (2008). Die 'boodskap' van "Sterreweek" bly redelik naby dié van die BTT, maar daar word veranderings aangebring om die DTT soos 'n oorspronklike teks te laat lees. Die 'boodskap' van "Your stars" in *Drum* is grotendeels dieselfde as dié in *You*, maar plek-plek word dele weggelaat, bygevoeg of aangepas. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat die profiel van die *Drum*-lesers heelwat verskil van dié van *Huisgenoot* en *You* (sien 3.3.1). Nog 'n rede is dat Engels die meeste *Drum*-lesers se derde of selfs vierde taal is (Van Zyl 2008) en dat hulle 'n laer opvoedingspeil het as die *Huisgenoot*- en *You*-lesers. Gevolglik moet die inhoud soms eenvoudiger

aangebied word. By die *Huisgenoot*- en *You*-rubriek word Petra du Preez as skrywer aangetoon. Die skrywer van die *Drum*-rubriek, hierteenoor, word aangetoon as Thandi Nkanyezi. Die *Drum*-lesers word dus mislei, want Thandi is in der waarheid die herskrywer (sien 4.3.1).

In die bespreking wat volg word die dele wat aangehaal word, in die betrokke bylae verhelder.

4.2.3.1.1 Figuurlike én niefiguurlike uitings in *You* wat in *Huisgenoot* as figuurlike uitings vertaal word [bylae 2]

Vertalers poog dikwels om figuurlike of niefiguurlike uitings figuurlik te vertaal sodat 'n idiomatiese DTT geskep kan word waarmee DTL's hulle kan vereenselwig. 'n Idiomatiese DTT skep die illusie dat dit 'n oorspronklike teks is wat spesiaal vir die DTL's geskryf is.

Daar is heelwat voorbeelde van figuurlike én niefiguurlike uitings in *You* wat in *Huisgenoot* as figuurlike uitings vertaal word en wat min of meer dieselfde boodskap oordra. Dit sluit in “You may have **a sense of unease**” (Libra) en “Jy voel dalk **kriewelrig**” (Weegskaal); “If **something is brewing** under the surface it may still take a few weeks **to bubble to the top**” (Libra) en “As **onheil êrens broei**, kan dit nog weke duur voor dit **kop uitsteek**” (Weegskaal); “In the meantime ensure **the wool isn't pulled over your eyes**” (Libra) en “Sorg intussen dat niemand jou **'n rat voor die oë draai nie**” (Weegskaal); “spot on” (Libra) en “in die kol” (Weegskaal); “Friends appear to be fighting over the same thing this week” (Scorpio) en “Twee of meer honde baklei oor dieselfde been” (Skerpioen); “Rather **blow of steam** with a friend” (Scorpio) en “**Blaas** maar liewer teenoor 'n vriend **stoom af**” (Skerpioen); “It might not be that easy” (Capricorn) en “broekskeur gaan” (Steenbok); “stand your ground” (Capricorn) en “jou man te staan” (Steenbok); en “honing” (Capricorn) en “jou slag te wys” (Steenbok). Sien bylae 3 vir nog voorbeelde.

Soms word figuurlike uitings egter met figuurlike uitings ‘vervang’ wat nie ekwivalent is nie. ’n Voorbeeld hiervan is “Add fuel to the fire” (Sagittarius) wat as “kan die vet in die vuur wees” (Boogskutter) vertaal word. Volgens Prinsloo, in *Spreekwoorde en waar hulle vandaan kom*, behoort “add fuel to the fire” vertaal te word as “olie op die vuur”. Albei beteken dat ’n toestand vererger word (2004:247). “Die vet is in die vuur”, hierteenoor, beteken dat die moeilikheid begin het (ibid:412). Daar kan bloot gespekuleer word waarom die vertaler “add fuel to the fire” as “kan die vet in die vuur wees” vertaal het en nie as “olie op die vuur” nie. Nog ’n voorbeeld is “be in seventh heaven” (Aries) wat in *Huisgenoot* verskyn as “gaan dinge gelukkig voor die wind” (Ram). Die ‘direkte’ vertaling van “be in seventh heaven” is “in die sewende hemel wees”, wat beteken dat iemand baie gelukkig is (ibid:121). “Voor die wind”, hierteenoor, beteken dat dit voorspoedig gaan. Daar kan bloot bespiegel word oor die redes waarom die vertaler nie “be in seventh heaven” as “in die sewende hemel wees” vertaal het nie.

4.2.3.1.2 Figuurlike uitings in *You* wat in *Huisgenoot* as niefiguurlike uitings vertaal word [bylae 2]

Daar is twee gevalle waar ’n figuurlike uiting in *You* as ’n niefiguurlike uiting vertaal word in *Huisgenoot*: “You’re no stranger to conflict” (Aries) en “Jy is gewoond daaraan om jou sê te sê” (Ram); en “The bottom line is” (Taurus) en “Die belangrikste is” (Bul). ’n Moontlike verklaring hiervoor is dat die vertaler eenvoudig nie figuurlike Afrikaanse ekwivalente vir die figuurlike Engelse uitings kon vind nie.

4.2.3.1.3 Dele wat uit *You* weggelaat word in *Huisgenoot* [bylae 2]

Daar is twee dele in *You* wat nie in *Huisgenoot* verskyn nie. Die eerste voorbeeld is: “You’re determined to **find a gap that will enable you to reduce your debt and free up some money.**” (Aquarius). Die deel in vetdruk word uit *Huisgenoot* weggelaat: "Jy is moeg vir skuld en is vasbeslote om jou

skuldias ligter te maak sodat jy 'n geldjie in die hand kan hê" (Waterdraer). Hierdie weglating is waarskynlik gedoen om ruimte te laat vir die "Jy is moeg vir skuld" wat bygevoeg is, en vir "'n geldjie in die hand kan hê", wat langer is as "free up some money". Verder verskyn "long may it last" in "Love-wise you appear to be in seventh heaven – long may it last" (Aries) nie in *Huisgenoot* nie. Dit word bloot vertaal as "Op die liefdesfront gaan dinge gelukkig voor die wind" (Ram). Hierdie weglating kan moontlik toegeskryf word aan ruimtebeperkings.

4.2.3.1.4 Dele wat by die *You*-teks gevoeg word in *Huisgenoot* [bylae 2]

In die volgende voorbeelde is die dele in vetdruk by *Huisgenoot* gevoeg, met ander woorde dit verskyn nie in *You* nie: "Wees verdraagsaam teenoor moeilike mense **by die werk en tuis**" (Steenbok); "Jy **is moeg vir skuld en** is vasbeslote om jou skuldias ligter te maak" (Waterdraer); "**Gesels met jou maat daaroor**" (Waterdraer); "Probeer kophou, veral as jy jou mening **by die werk of huis** moet gee" (Maagd); en "Hy **streef na volmaaktheid en** voel dit is sy plig om jou jouself te help ophef" (Maagd-man).

Hier is sprake van invoeging (sien 2.4.5.3.2). Die vertaler het waarskynlik die bogenoemde dele bygevoeg om die DTT-boodskap duideliker te maak, om kleur aan die DTT te verskaf, of omdat daar ruimte was vir bykomende inligting. Aangesien hierdie bespreking nie op individuele vertalers fokus nie, kan daar bloot gespekeleer word oor die redes vir dié byvoegings.

4.2.3.1.5 Aanpassings of omskrywings in *Huisgenoot* [bylae 2]

In *You* verskyn die volgende: "That won't bring you anything but discontent, which is not very desirable." (Sagittarius). Dit word vertaal as "Dit sal net ongelukkigheid veroorsaak – en wie wil dit nou hê?" (Boogskutter). Die stelling "which is not very desirable" word dus as 'n retoriese vraag vertaal ("en wie wil dit nou hê?"). Hierdie vraag maak die Afrikaanse teks lewendiger,

aangesien dit die lesers direk betrek. 'n Soortgelyke voorbeeld is “Cherish this feeling” (Leo) wat as “en is dit nie wonderlik nie!” (Leeu) vertaal word. Die vertaler het dus besluit om 'n tipe retoriese vraag te stel om die lesers direk te betrek.

Onder Capricorn verskyn die volgende: “Instead of getting embroiled in a fight find a way around that is inoffensive.” Hierdie deel word vertaal as “Pleks van inspring en saam baklei, probeer vrede maak” (Steenbok). “Inspring en saam baklei” is baie eenvoudiger gestel as “embroiled in a fight”. Dit is ook die geval by “probeer vrede maak” en “find a way around that is inoffensive”. Die vertaler het waarskynlik gepoog om die Afrikaanse teks makliker te laat lees, aangesien die *Huisgenoot*-lesers 'n laer opvoedingspeil as die *You*-lesers het (sien 3.3.1.5).

Nog 'n voorbeeld is “and secretly loves taking vitamins” (Virgo man) wat vertaal word as “Al kla hy steen en been daaroor, hou hy heimlik van al die vitamieene wat jy hom ingee” (Maagd-man). Dit is duidelik dat dié vertaling heelwat langer is as die oorspronklike sin, aangesien die vertaler “kla steen en been” bygevoeg het. Dit kan daaraan toegeskryf word dat die vertaler die teks 'n meer idiomatiese inslag wou gee. Die betekenis van die teks word ook verander sodat dit blyk dat die vrou vir die man die vitamieene gee om te drink. In *You* is dit duidelik dat die man self (in die geheim) vitamieene drink. Daar kan bloot gespekuleer word oor die redes vir dié verandering.

Die volgende word in *You* (Aquarius) aangetref: “Apply your mind as you’re an innovative thinker at the best of times.” Hierdie deel word vertaal as “Gelukkig kry jy maklik nuwe, briljante ingewings” (Waterdraer). Die vertaler het waarskynlik die deel in *Huisgenoot* verkort om ruimte te bespaar. Dit is ook moontlik dat dié vertaling, volgens die vertaler, die beste opsie op die gegewe tydstip was. Verder word “cutting with you words” (Gemini) vertaal as “bitsig” (Tweeling). Hierdie vertaling kan toegeskryf word aan die vertaler se taalkennis en woordeskat, aangesien hy/sy raakgesien het dat “cutting with you words” 'n omskrywing van “bitsig” is.

4.2.3.1.6 Die vereenvoudiging van die *Drum*-teks [bylae 4]

Dit gebeur dikwels dat *Drum*-tekste vereenvoudig word. Hierdie verskynsel kan daaraan toegeskryf word dat die meeste *Drum*-lesers 'n swart taal as moedertaal het (sien 3.3.1.4) en omdat hulle oor die algemeen 'n laer opvoedingspeil as die *You*-lesers het (sien 3.3.1.5). Tekste word dus vereenvoudig sodat die lesers die Engels makliker kan lees en verstaan.

In hierdie teks word sommige woorde in *You* deur eenvoudiger woorde in *Drum* vervang. Voorbeelde hiervan is “irking” met “annoying” (Scorpio), “Frayed” met “Worn” (Saggitarius), en “tell” met “say” (Saggitarius). Verder word ‘moeilike’ woorde soms omskryf om te verseker dat die teks nie die *Drum*-lesers sal vervreem nie. Voorbeelde hiervan is: “honing” met “polishing and sharpening” (Capricorn); “your actions” met “what you should do” (Taurus); “laidback” met “relaxed about the situation” (Gemini); “**beloved** object” met “object **you love very much**” (Cancer); “resurrect” met “bring something [...] back to life” (Cancer); “too particular” met “disapproving and difficult to please” (Virgo man); en “critical” met “pointing out things that he sees as bad or wrong” (Virgo man).

Verder word sommige sinsdele en sinne wat in *You* verskyn, eenvoudiger geskryf of verander vir *Drum*. Voorbeelde hiervan is “You’re no stranger to conflict” met “Conflict is not something foreign to you” (Aries); “hold back on your words” met “hold back what you really want to say” (Aries); en “Love-wise” met “When it comes to your love-life” (Aries).

Soms word dele in *Drum* effens verkort en meer ‘direk’ geskryf sodat dit nie verwarrend is nie. 'n Voorbeeld hiervan is “Efficiency is his middle name and practical is his last name. This man is a real hands-on person and has a gift for fixing things. He prefers living in an ordered environment [...]” (*You*) wat in *Drum* verskyn as “The Virgo man is efficient and practical, which makes him very hands-on. He has the ability to fix things and prefers living in an ordered environment” (Virgo man). Dit is duidelik dat die deel in *Drum* minder metafories is, met ander woorde die teks is eenvoudiger.

Soortgelyk word figuurlike uitings in *Drum* minder metafories gestel. 'n Voorbeeld hiervan is “ensure the wool isn't pulled over your eyes” (*You*) wat in *Drum* verskyn as “ensure you're not deceived” (*Libra*). Nida en Reyburn meen tereg dat 'n “descriptive equivalent” 'n geskikte manier is om idioome te vertaal (1981:58). Verder word “He doesn't have a lazy bone in his body” verander na “He doesn't have a lazy hair on his head” (*Virgo man*). Die herskrywer was waarskynlik van mening dat “lazy hair” meer tot die *Drum*-lesers sal spreek as “lazy bone”. Daar kan bloot gespekuleer word oor die redes vir hierdie verandering.

Al die bogenoemde veranderings word aangebring sodat 'n funksionele teks geskep kan word waarmee die lesers hulle kan vereenselwig. Chesterman se kommunikasienorm (sien 2.4.4.2.2) is dus hier ter sprake.

4.2.3.1.7 Dele wat uit *You* weggelaat word in *Drum* [bylae 4]

Die volgende dele wat in *You* verskyn, word uit *Drum* weggelaat (dit handel oor die “*Virgo man*”): “and is more than happy to clean up after himself”; “a slave to his job”; en “from his polished shoes to his clean underwear. He's not beyond doing his own washing and ironing but here you have to put a stop to his neatness. After all you don't want to put your local dry-cleaner out of business!” Die verklaring vir hierdie weglatings is waarskynlik kultuurverwant. Swart kulture is oor die algemeen sterk patriargaal (Feinauer 2008). Daar word dus 'n duidelike onderskeid getref tussen werk wat geskik is vir mans en werk wat geskik is vroue. Die vrou se domein is in die huis en mans is nie veronderstel om met huishoudelike take te help nie. Dit is dus duidelik dat die bogenoemde dele uit *Drum* weggelaat is, omdat dit die swart lesers dwars in die krop sal steek.

Die weglaat van BTT-dele uit die DTT is een van die vertaalstrategieë wat kenmerkend is van die konsepte *herskrywing* en *manipulasie* (sien 2.4.5.3.3).

4.2.3.1.8 Dele wat by die *You*-teks gevoeg word in *Drum* [bylae 4]

Daar is heelwat dele wat by die *Drum*-teks gevoeg word. In die volgende voorbeelde is die bygevoegde dele vetgedruk: “Worn tempers make this an uneasy week **to contend with** at work” (Sagittarius); “There is a hundred and one reasons **you could give** to justify your **choice of** actions” (Aries); “Greed can be a terrible thing **that can cause great disagreement among people**” (Taurus); “You could have an avalanche of a reaction **bearing down on you** which would be **very** counterproductive” (Gemini); “You might be **very** tempted to write a letter” (Cancer); “You are perhaps too eager to get going with that project or **alternatively** too keen to sign on the dotted line” (Leo); “You and the love in your life are feeling **very** close to each other **right now**” (Leo); “Try to keep your wits about you, especially if you get asked for an opinion **at work or at home**” (Virgo); “You could inadvertently be stepping into the lion’s den **with your opinion**” (Virgo); “could get quite rebellious **in the process**” (Virgo); “He can **also** be **very** fussy” (Virgo man); “**Although he may balk at it**, he secretly loves taking **all those** vitamins **that you feed him**” (Virgo man); en “He **drives himself to be perfect and** feels it is his duty to help you with you self-improvement” (Virgo man).

Hier is dus sprake van invoeging (sien 2.4.5.3.2) wat die boodskap in *Drum* duideliker maak sodat daar geen verwarring of onsekerheid is nie. Aangesien die meeste *Drum*-lesers nie Engels as moedertaal het nie (sien 3.3.1.4) en hulle opvoedingspeil laer is as dié van die *You*-lesers (sien 3.3.1.5), word teksdele ingevoeg om die *Drum*-teks makliker te laat lees. Die byvoeging van woorde soos “very” en “also” is waarskynlik om kleur aan die teks te verskaf deur middel van groter nadruk.

4.2.3.1.9 Leestekens in *Drum* wat verskil van dié in *You* [bylae 4]

In *Drum* is daar 13 kommas wat nie in *You* voorkom nie. In die volgende voorbeelde word die woord wat voor én na die komma verskyn, aangehaal: “words, take” (Libra); “you, it” (Sagittarius); “fight, find” (Capricorn); “objective,

your” (Pices); “suffer, but” (Pices); “life, be” (Aries); “action, but” (Aries); “love-life, you” (Aries); “situation, but” (Gemini); “you, which” (Gemini); “memories, but” (Cancer); “e-mail, but” (Cancer); en “you, especially” (Virgo). Die herskrywer of redigeerder het waarskynlik dié kommas bygevoeg om te verseker dat die teks meer leesbaar is en dat die boodskap ondubbelsinnig oorgedra word. Hierdie kommas behoort die *Drum*-teks meer leesbaar te maak.

Verder word twee aandagstrepe in *You* met kommas vervang in *Drum*. Die eerste voorbeeld is “This by no means implies that you’re a pushover – on the contrary [...]” en “This by no means implies that you’re a pushover, you’re merely [...]” (Capricorn). Die tweede voorbeeld is “He’s fairly critical by nature – you need to learn not to take this personally” en “He is by nature given to pointing out things that he sees bad or wrong, but you need to learn not to take this personally” (Virgo man). In albei gevalle word die bewoording verander sodat die aandagstrepe met kommas vervang kan word. Daar is ook ’n geval waar ’n sin met ’n aandagstreep (*You*) verander word sodat dié leesteken wegval in *Drum*. Dit verskyn onder “Scorpio”: “Rather blow off steam with a friend – you’ll be getting rid of the frustration with the least damage all round” en “Rather blow off steam with a friend **to** get rid of the frustration with the least damage all round”. Aangesien ’n aandagstreep nie ’n baie algemene leesteken is nie, sal dit moontlik *Drum*-lesers (met Engels as tweede, derde of vierde taal) vervreem. Dit is waarskynlik om hierdie rede dat die herskrywer of redigeerder besluit het om die aandagstrepe te vervang.

Eenvoudiger leestekens word dus om twee redes in *Drum* gebruik: Die oorgrote meerderheid *Drum*-lesers het nie Engels as moedertaal nie (sien 3.3.1.4) en hulle het ’n laer opvoedingspeil as die *You*-lesers (sien 3.3.1.5).

4.2.3.1.10 Ander verskille tussen *You* en *Drum* [bylae 4]

In *You* word die sametrekking van woorde op ’n konsekwente wyse gedoen, met die uitsondering van “He is” (Virgo man) wat volgens die patroon as ‘He’s’

geskryf moes word. In *Drum* is daar egter geen patroon wat sametrekking betref nie. Woorde word soms saamgetrek en ander kere los geskryf. Voorbeelde van woorde wat in *You* saamgetrek word, maar nie in *Drum* nie is “doesn’t” en “does not” (Sagittarius); “you’re” en “you are” (Aquarius); “shouldn’t” en “should not” (Taurus); “You’re” en “You are” (Leo); “He’s” en “He is” (Virgo man); en “it’s” en “it is” (Virgo man). Al die ander sametrekkinge in *You* verskyn ook in *Drum*. Die inkonsekwente gebruik van sametrekkinge in *Drum* kan toegeskryf word aan swak redigering. Daar kan ook ander redes wees waarom daar bloot gespekuleer kan word.

Die volgende verskyn in *You*: “his/her” (Aquaries) en “him/her” (Gemini). Dit word in *Drum* verander na onderskeidelik “their” en “them”. Aangesien swart kulture oor die algemeen sterk patriargaal is, is swart persone moontlik minder genderbewus (Feinauer 2008). Om hierdie rede het die herskrywer of redigeerder waarskynlik besluit om “his/her” en “him/her” te verander sodat die *Drum*-lesers nie vervreem word nie.

Verdere veranderinge is “**who** opposes you” en “**that** opposes you” (Sagittarius); “which **is**” en “which **would be**” (Gemini); “accept that **this** belongs firmly in the past” en “accept that **they** belong firmly in the past” (Cancer); en “You **could** be tempted” en “You **might** be very tempted” (Cancer). Dit is feitlik onmoontlik om klinkklare redes vir dié veranderinge te vind, aangesien daar geen patroon is nie. Daar kan dus bloot gespekuleer word hieroor.

4.2.3.2 “Veilig by die OTM” (*Huisgenoot*), “Be safe at the ATM” (*You*) en “ATM scams” (*Drum*) – 31 Januarie 2008

Volgens Isaacs is die artikel in *Huisgenoot*, die BTT (2008b). Die *You*-artikel is dus die DTT. Die inhoud van laasgenoemde bly redelik naby die BTT met geringe veranderinge wat aangebring is. Die *Drum*-artikel, hierteenoor, verskil heelwat van die een in *Huisgenoot* en *You*.

4.2.3.2.1 Dele wat by die *Huisgenoot*-teks gevoeg word in *You* [bylae 5]

Daar is 'n paar dele in *You* wat nie in *Huisgenoot* verskyn nie. In albei artikels is daar 'n verwysing na Stellenbosch: “Hy het 'n kitsbank op Stellenbosch gebruik [...]” (paragraaf 2) en “He was using an ATM in Stellenbosch **in the Western Cape**, [...]” (paragraaf 2). “[I]n the Western Cape” word by *You* gevoeg, moontlik omdat die vertaler meen dat die Engelssprekende DTL's nie almal sal weet waar Stellenbosch is nie. Hier is dus sprake van eksplisering (sien 2.4.5.3.2) – 'n tipiese norm wat in DTT'e gebruik word. Nog 'n voorbeeld is die byvoeging van “before he forgot it” in “[...] typed it into his cellphone **before he forgot it**” (paragraaf 5). Die vertaler het waarskynlik gepoog om kleur aan die situasie te gee. 'n Laaste voorbeeld verskyn onder “Your cash”: “If you've lost your card, **the ATM has** swallowed it, it's stuck **in the slot** or you have any other problems [...]” Die dele in vetdruk verskyn nie in *Huisgenoot* nie: “As jou kaart weg is, vassit of ingesluk word of jy enige ander probleme ondervind [...]” Die vertaler het moontlik hierdie dele bygevoeg om die situasie duideliker te maak sodat daar geen dubbelsinnigheid of verwarring is nie. Hier is dus sprake van eksplisering.

4.2.3.2.2 Dele wat uit *Huisgenoot* weggelaat word in *You* [bylae 5]

Daar is vier voorbeelde van dele in *Huisgenoot* wat nie na *You* oorgedra word nie. In *Huisgenoot* verskyn die volgende: “Pascal Châtelain (28), 'n Switserse toeris, was onlangs 'n slagoffer **van so 'n slenter**.” (paragraaf 2). Hierdie sin verskyn in *You* as “Pascal Châtelain (28), a Swiss tourist, recently became a victim” (paragraaf 2). 'n Soortgelyke geval is: “Daarmee kon hy **dan rustig wegstap en** 'n kopie van die kaart maak, en **met die PIN** geld trek” (paragraaf 7) wat in *You* vertaal word as “This would have enabled him to make a card and use it to withdraw money” (paragraaf 8). Verder word “vanselfsprekende of raaibare” in “Moenie 'n **vanselfsprekende of raaibare PIN** [...] gebruik nie” (“Jou PIN”) bloot vertaal as “Don't use **obvious** PIN numbers” (“Your PIN”). 'n Laaste voorbeeld is “**Stel ook vas wat** jou bank se noodnommer vir gesteelde kaarte is en sleutel dit op jou selfoon in” (“Jou

kontant”). Dié sin verskyn in *You* as “Ideally store your bank’s number for stolen cards on you cellphone” (“Your cash”).

Die vertaler het waarskynlik gepoog om die DTT effens te verkort, aangesien dit dalk op ander plekke langer was as gevolg van byvoegings. Hy/sy het ook dele weggelaat wat volgens hom/haar onnodig of voor die hand liggend was, omdat die *You*-lesers ’n hoër opvoedingspeil as die *Huisgenoot*-lesers het (sien 3.3.1.5).

4.2.3.2.3 Niefiguurlike uitings in *Huisgenoot* wat in *You* as figuurlike uitings vertaal word [bylae 5]

Voorbeelde van niefiguurlike uitings wat as figuurlike uitings vertaal word, is “van hul geld beroof” (paragraaf 1) en “ripping them off” (paragraaf 1), asook “vreemdelinge” (“Jou PIN”) en “prying eyes” (“Your PIN”). Hierdie veranderinge kan toegeskryf word aan die vertaler se taalkennis en woordeskat, aangesien hy/sy raakgesien het dat dié Afrikaanse uitings as figuurlike uitings vertaal kan word.

4.2.3.2.4 ’n Figuurlike uiting in *Huisgenoot* wat in *You* as ’n niefiguurlike uiting vertaal word [bylae 5]

Daar is een voorbeeld van ’n figuurlike uiting wat as ’n niefiguurlike uiting vertaal word. In paragraaf 8 verskyn die volgende: “Beskerming van jou PIN **is al genade**”. Dit word in *You* vertaal as “Making sure no one gets hold of you PIN number **is the only protection**” (paragraaf 10). ’n Moontlike verklaring vir hierdie verskille is dat daar nie altyd figuurlike en idiomatiese uitings in Engels is om Afrikaanse uitings mee te vertaal nie.

4.2.3.2.5 Die aantal paragrawe in *Huisgenoot* en *You* [bylae 5]

Die *Huisgenoot*-teks het ag paragrawe en dié van *You* het 10. Die afleiding kan dus gemaak word dat die artikel in *You* korter paragrawe het as die een in *Huisgenoot*. Die vertaler het waarskynlik besluit om die paragrawe van die DTT korter te maak sodat dit makliker sal lees. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat die *Huisgenoot*-lesers 'n laer opvoedingspeil as die *You*-lesers het (sien 3.3.1.5).

4.2.3.2.6 Dele wat by die *You*-teks gevoeg word in *Drum* [bylae 6]

Daar is heelwat dele wat by die *Drum*-teks gevoeg word om die teks verstaanbaarder te maak. In die voorbeelde wat volg, verskyn die dele wat bygevoeg word in vetdruk. Ten eerste word dele by die subparagraafopskrifte gevoeg: “Yourself” (*You*) en “**Protect** yourself” (*Drum*); “Your card” (*You*) en “**Be careful with** your card” (*Drum*); en “Your PIN” (*You*) en “PIN **do’s and don’ts**” (*Drum*). Nog 'n voorbeeld is “make sure the one in your hand is yours” (“Your card”), wat in *Drum* verskyn as “make sure the one **you have** in you hand is yours **when you leave an ATM**” (“Be careful with your card”). Die laaste sin onder “Your card” lui: “Mark your card so you can identify it easily.” In *Drum* word die volgende bygevoeg: “- a tiny spot of nail polish in one corner on the front of the card is a good idea.” (“Be careful with your card”). Onder “Your cash” staan daar “and report anything suspicious immediately”. Dié deel verskyn in *Drum* as “and report anything suspicious **to your bank** immediately” (“Be money-wise”). Die laaste sin onder “Your cash” is: “Ideally store your bank’s number for stolen cards on your cellphone.” In *Drum* word verskeie dele bygevoeg: “**Also find out what** your bank’s number for stolen cards is and enter it in your cellphone **so you can call the bank immediately.**” (“Be money-wise”).

Hier is sprake van invoeging (sien 2.4.5.3.2) – een van die vertaalstrategieë kenmerkend van die konsepte *herschrywing* en *manipulasie*. Al die bogenoemde invoegings word gedoen om te verseker dat die teks

ondubbelsinnig is en dat al die instruksies helder en verstaanbaar is. Eksplisering (sien 2.4.5.3.2) is dus ook hier van toepassing.

4.2.3.2.7 Herskrywings en omskrywings in *Drum* [bylae 6]

Engels is die meeste *Drum*-lesers se tweede, derde of selfs vierde taal (sien 3.3.1.4) en hulle het 'n laer opvoedingspeil as die *You*-lesers (sien 3.3.1.5). Gevolglik word dele van *Drum* dikwels herskryf of omskryf om die teks eenvoudiger of verstaanbaarder te maak.

Die lokparagraaf van *Drum* is breedvoeriger as die een in *You*: “The scams get fancier – but don’t be a victim” (*You*) teenoor “ATM fraud is on the increase – but you needn’t be a victim if you follow these tips” (*Drum*). Verder word die opskrif van die ‘wenke’ heeltemal verander: “ABSA and the police give tips to protect yourself and your money” (*You*) teenoor “Here are some handy tips that will stop you falling victim to scams” (*Drum*). Nog 'n voorbeeld is die subparagraafopskrif “Your cash” (*You*) wat in *Drum* verskyn as “Be money wise”. Onder “Your card” verskyn die volgende: “Immediately sign the back of a new card”. In *Drum* word die woord “immediately” omskryf: “Sign the back of a new card **as soon as you receive it**” (“Be careful with your card”). Verder verskyn “confirmation of the cancellation” (“Your cash”) in *Drum* as “confirmation it has been cancelled” (“Be money-wise). Hier is dus sprake van nominalisering in *You* wat in *Drum* ge verbaliseer word. Dit is 'n tipiese strategie om verhewe taalgebruik te vereenvoudig.

Al die bogenoemde veranderings word gemaak sodat die DTT optimaal in die DK kan funksioneer. Dit blyk dus dat Chesterman se kommunikasienorm (sien 2.4.4.2.2) hier van toepassing is.

4.2.3.2.8 Eenvoudiger leestekens in *Drum* [bylae 6]

Dit is duidelik dat eenvoudiger leestekens soms in *Drum* gebruik word. Dit kan daaraan toegeskryf word dat die oorgrote meerderheid *Drum*-lesers nie Engels as moedertaal het nie (sien 3.3.1.4) en omdat die *Drum*-lesers 'n laer opvoedingspeil as die *You*-lesers het (sien 3.3.1.5). Voorbeelde van die gebruik van eenvoudiger leestekens is “Never force the card into the slot if it won't go in; someone may have tampered with the ATM” (“Your card”) wat in *Drum* verskyn as “Never force the card into the slot. If you're struggling it may be because someone has tampered with the machine” (“Be careful with your card”). Hier word 'n punt in *Drum* gebruik in plaas van 'n kommapunt soos in *You*. Die sinne word sodoende verkort sodat dit makliker sal lees.

Verder word 'n aandagstreep in *You* met 'n komma vervang in *Drum*: “Don't write it down or give it to anyone – not even a bank official” (“Your PIN”) en “Don't ever write it down or give it to someone, not even a bank official” (PIN do's and don'ts”).

4.2.3.2.9 Ander verskille tussen *Huisgenoot*, *You* en *Drum*

Dit is opmerklik dat die grafika van die betrokke artikels verskil. In *Huisgenoot* en *You* verskyn dieselfde foto: 'n Wit hand wat 'n bankkaart vashou by 'n OTM. Die foto in *Drum*, hierteenoor, is van 'n swart hand wat 'n bankkaart in 'n OTM-gleuf druk. 'n Moontlike verklaring vir dié verskil is dat *Drum* hoofsaaklik swart persone in hulle advertensies, rubrieke en artikels gebruik sodat hulle lesers beter met die artikelinhoud kan identifiseer (sien 3.4.1.5).

Verder word 'n groot deel van die inhoud aangepas. *Huisgenoot* en *You* gebruik die voorbeeld van 'n Switserse toeris, Pascal Châtelain, wat die slagoffer was van 'n OTM-slenter. *Drum*, hierteenoor, gebruik die voorbeeld van Shipo, 'n *Drum*-leser van Alexandra, wat deur OTM-bedrog geraak is. Hierdie aanpassing kan toegeskryf word aan die behoeftes en verwagtings van die betrokke DTL's. Die herskrywer was waarskynlik van mening dat

Drum-lesers meer aanklank sal vind by 'n verhaal oor hoe misdaad 'een van hulle mense' geraak het. Die verhaal van 'n Switserse toeris, sou moontlik nie so direk tot hulle spreek nie. Die aanpassing van tekste (sien 2.4.5.3.1) is een van die vertaalstrategieë wat kenmerkend is van die konsepte *herskrywing* en *manipulasie*.

4.2.3.3 Redakteursbrief van *Tuis* en *Home* – Oktober 2007 [bylae 7]

Anneke Blaise se redakteursbriewe weerspieël die styl van *Tuis* en *Home*. Dit is 'n 'gemaklike' styl met idiomatiese taalgebruik wat tot die lesers sal spreek. Aangesien die *Tuis*- en *Home*-lesersprofiel nie baie verskil nie (sien 3.3.2), word die inhoud van die tekste nie veel aangepas of verander nie. Volgens Blaise is die hoofokus om tekste te vertaal "in 'n taal wat gemaklik [is] vir al ons lesers" (2008a).

Die redakteursbrief in *Tuis* is die BTT. Die een in *Home* is dus 'n vertaling daarvan (Blaise 2008b). Die vergelyking van die redakteursbrief wat in *Tuis* en *Home* van Oktober 2007 verskyn het, het baie interessantheite aan die lig gebring.

4.2.3.3.1 Dele van *Tuis* wat 'vry' vertaal word in *Home*

Dit is duidelik dat die vertaler gepoog het om die Engelse redakteursbrief soos 'n oorspronklike teks te laat lees, aangesien hy/sy nie té direk vertaal het nie. "Stortbuie" (paragraaf 1), byvoorbeeld, word as "nasty storms" (paragraaf 1) vertaal. 'n Meer direkte vertaling sou "pelting showers" of "downpours" wees (Du Plessis 2005). Soortgelyk word "meer as ooit dankbaar" (paragraaf 1) vertaal as "thrilled" (paragraaf 1), "buite" (paragraaf 2) as "in my garden" (paragraaf 2) en "om in groepies te kuier" (paragraaf 3) as "to relax in" (paragraaf 3). Nog 'n voorbeeld is "afsaalplek" (paragraaf 4) wat as "chill area" (paragraaf 4) vertaal word. Laasgenoemde is baie meer informeel as "afsaalplek". Die teenoorgestelde is waar vir die vertaling van "mooi"

(paragraaf 5) as “breathhtaking” (paragraaf 6). Hier word ’n neutrale Afrikaanse woord met ’n formeler Engelse woord vervang. Hierdie veranderings kan toegeskryf word aan die vertaler se idiolek en sy/haar taalkennis. Daar is moontlik ander redes vir dié veranderings waaroor daar slegs gespekuleer kan word. ’n Laaste voorbeeld is die vertaling van “ou plaasstoep” (paragraaf 5) as “a spacious veranda” (paragraaf 5). Hierdie verandering is waarskynlik gemaak as gevolg van die subtiele kultuurverskille tussen die lesers van *Tuis* en *Home* (sien 3.3.2).

4.2.3.3.2 Figuurlike uitings in *Tuis* wat in *Home* as figuurlike uitings vertaal word

Daar is twee gevalle waar figuurlike uitings in *Tuis* as Engelse figuurlike uitings vertaal word in *Home*, naamlik “my [...] met ’n liederlike griep **platgetrek** het” (paragraaf 1) en “had me **flat on my back** with flu” (paragraaf 1), en “’n **kortkop** voor” (paragraaf 8) en “taking the lead by **a very narrow margin**” (paragraaf 10). Hierdie figuurlike vertalings kan toegeskryf word aan die vertaler se kennis van Afrikaans én Engels, aangesien hy/sy raakgesien het dat daar figuurlike ekwivalente vir die figuurlike BTT-uitings bestaan.

4.2.3.3.3 Figuurlike uitings in *Tuis* wat in *Home* as niefiguurlike uitings vertaal word

In die tweede paragraaf verskyn die figuurlike uiting “juig my hart”. Dit word gewoon vertaal as “I am delighted” (paragraaf 2). ’n Moontlik verklaring hiervoor is dat die vertaler nie ’n idiomatiese Engelse ekwivalent kon vind nie.

4.2.3.3.4 'n Niefiguurlike uiting in *Tuis* wat in *Home* as 'n figuurlike uiting vertaal word

Daar is een niefiguurlike uiting in *Tuis* wat in *Home* as 'n figuurlike uiting vertaal word. In die Afrikaanse redakteursbrief sê Blaise “ek [is] vanjaar meer as ooit dankbaar vir die somer wat uiteindelik ook hier in die Wes-Kaap aangebreek het” (paragraaf 1). Dit word vertaal as: “I am thrilled to **open up my arms and my home to summer**, which is already **making itself felt** here, in the Western Cape.” (paragraaf 1). Dit is duidelik dat die vertaler raakgesien het dat dié ‘gewone’ uiting figuurliker vertaal kan word. Die DTT sal gevolglik meer idiomaties lees en sal deur die DTL’s as 'n oorspronklike teks beskou word.

4.2.3.3.5 Dele wat uit *Tuis* weggelaat word in *Home*

Twee dele van die Afrikaanse redakteursbrief word uit die Engelse een weggelaat. Dit word aangetref in die eerste sin van die tweede paragraaf: “As die heuningblommetjies **en gesiggies ongevraag oral tussen die plaveisel opkom** en my geliefde rose **oortrek staan met die nuwe loof en skaam roosknoppies**, juig my hart.” Die dele in vetdruk verskyn nie in *Home* nie: “When the honeysuckle and my beloved roses start to bloom I am delighted”. Die vertaler het moontlik hierdie dele weggelaat omdat dit volgens hom/haar nie so idiomaties in Engels vertaal kan word nie. Hierdie weglatings kan ook toegeskryf word aan beperkte ruimte.

4.2.3.3.6 Die aantal paragrawe in *Tuis* en *Home*

Die Afrikaanse redakteursbrief het ag paragrawe teenoor die Engelse brief se elf. Hierdie verskynsel stem ooreen met “Veilig by die OTM” (*Huisgenoot*) en “Be safe at the ATM” (*You*) waar die BTT (*Huisgenoot*) ag paragrawe het en die DTT (*You*) tien (sien 4.2.3.2.5). Dit wil dus voorkom of DTT'e oor die

algemeen meer paragrawe het. Aangesien dié paragrawe korter is as dié van die BTT'e, behoort die DTT'e leesbaarder te wees.

4.2.3.4 “A mouthful of dung” (Go!) en “Ek tree aan vir ’n potjie verspoeg” (Weg) – Oktober 2007 [bylae 8]

Weg en *Go!* poog, soos *Tuis* en *Home*, om ’n ‘lekker lees’-styl te handhaaf. Volgens Van Noord is die hoofvereiste “dat dit vloeiend – en amper geselsersig – moet lees” (2008a). Die tekste het dus ’n idiomatiese inslag waarby die lesers sal aanklank vind. Die gekose artikels, “A mouthful of dung” en “Ek tree aan vir ’n potjie verspoeg”, is tong-in-die-kies en humoristies. Die Engelse artikel is die BTT en die Afrikaanse een, die DTT. Toast Coetzer, die skrywer, skryf gewoonlik in Afrikaans, maar in hierdie geval het hy die Engelse teks vir *Go!* geskep.

4.2.3.4.1 Grafika

Dit is opvallend dat die grafika van dié twee artikels verskil. Die skets in *Go!* is meer ‘neutraal’ en minder komies as die een in *Weg*. Laasgenoemde neem die karakter van ’n spotprent aan met baie detail wat fyn spot met die Afrikaners. Daar word veral klem gelê op Afrikaner stereotipes. Die lesers van *Weg* sal hierdie stereotiepe karakters herken en sal in hulle mou lag daarvoor. Die lesers van *Go!*, hierteenoor, sal moontlik nie aanklank vind by so ’n voorstelling van Afrikaners nie, vandaar die meer ‘neutrale’ skets.

4.2.3.4.2 Die aantal paragrawe in *Weg* en *Go!*

Die *Go!*-teks het 36 paragrawe en die *Weg*-teks het 54. Dit is dus vanselfsprekend dat die Afrikaanse teks baie korter paragrawe het. Sommige van dié paragrawe bestaan slegs uit een sin, byvoorbeeld paragraaf 8, 23, 25, 29, 39, 41, 43, 44 en 51. Soos reeds genoem by 4.2.3.2.5 en 4.2.3.3.6 het die

vertaler waarskynlik op korter paragrawe besluit, aangesien dit die teks lewendiger én leesbaarder maak.

4.2.3.4.3 Meer direkte rede in *Weg*

In *Weg* gebruik die vertaler meer direkte rede as in *Go!*. Die indirekte woorde in paragraaf 6 en 9 van *Go!* word in paragraaf 6 en 10 van *Weg* as direkte woorde aangebied. Hierdie aspek maak die Afrikaanse teks lewendiger.

4.2.3.4.4 Die gebruik van Afrikaans in *Go!* en Engels in *Weg*

Dit is baie interessant dat Engelse uitings in *Weg* en Afrikaanse uitings in *Go!* gebruik word. In *Go!* kom die volgende Afrikaanse uitings voor: “koedoedrol” (lokparagraaf), “koedoedrolspoegkompetisie” (paragraaf 5), “Ollie die Nar” (paragraaf 5), “**koedoedrol**spitter” (paragraaf 12), “Voetsek, ek het genoeg vriende!” (paragraaf 12 en 27), “koedoedrolspoeg” (paragraaf 20), “**drol**spitting” (paragraaf 21) en “Ja” (paragraaf 26). In *Weg* word twee Engelse uitings aangetref: “Looks like this guy was born to do this!” (paragraaf 34) en “Come on, Shaunie!” (paragraaf 49).

Dit is duidelik dat die skrywer én die vertaler van mening was dat die *Weg*- en *Go!*-lesers Afrikaans én Engels magtig is. Hierdie verskynsel kan daaraan toegeskryf word dat Suid-Afrika ’n multikulturele land is waar die lesers van *Weg* en *Go!* voortdurend in noue kontak met mekaar is. Die invoeging van teksdele uit ander tale maak albei tekste lewendiger en informeler.

4.2.3.4.5 Niefiguurlike uitings in *Go!* wat in *Weg* as figuurlike uitings vertaal word

Daar is ’n paar gevalle waar niefiguurlike uitings in *Go!* as figuurlike uitings in *Weg* vertaal word. Voorbeelde hiervan is “Suddenly things begin to happen”

(paragraaf 11) en “Dinge begin roer” (paragraaf 14); “before I know what I am doing” (paragraaf 12) en “Voor ek my oë kan uitvee” (paragraaf 18); “when I need them most” (paragraaf 29) en “in my groot uur” (paragraaf 42); en “wander off” (paragraaf 35) en “koers kies na” (paragraaf 53). Die vertaler het raakgesien dat dié niefiguurlike uitings as figuurlike uitings vertaal kan word. Hierdeur word kleur aan die Afrikaanse teks verskaf sodat dit al hoe meer soos ’n oorspronklike teks sal lees.

4.2.3.4.6 Dele wat uit *Go!* weggelaat word in *Weg*

Daar is heelwat dele in *Go!* wat uit *Weg* weggelaat word. Voorbeelde hiervan is “(Concussion stories [...] shouldn’t remember much.)” (paragraaf 2); “corrugated, I mean” en “choreographed” (paragraaf 3); “and fans unfurling banners saying things such as ‘3:16’” (paragraaf 7); paragraaf 19; “discus” (paragraaf 20); “(AstroTurf [...] tennis)” (paragraaf 21); “Unlike my brother” (paragraaf 23); “Spitting is an art [...] much like blowing bubble gum” (paragraaf 23); “Think of them as jelly babies and all will be well” (paragraaf 24); “a couple are looking [...] in their minds” (paragraaf 24); “Ja, he’s got the stomach for it [...] through the crowd” (paragraaf 26); “is feeling the heat” (paragraaf 31); “Shaun has turned [...] his eyes” (paragraaf 33); “doing a light stretch of his hamstrings” (paragraaf 33); “the one that could win him the grand prize” (paragraaf 33); en “nochalantly. Cool. Lance Klusener: one ball remaining, six runs to win” (paragraaf 34).

’n Moontlike verklaring vir dié weglatings is dat die vertaler gevoel het dat dié dele nie so idiomaties in Afrikaans vertaal kan word nie. Nog ’n rede is dat die vertaler deur ruimte beperk is.

4.2.3.4.7 Dele wat by die *Go!*-teks gevoeg word in *Weg*

Daar word twee dele by die *Weg*-teks gevoeg om die artikel persoonliker te maak. In paragraaf 5 verskyn die volgende: “I am at the Kirkwood Wildlife

Festival for three things: the *koedoedrolkompetisie*, a karate demo and Ollie die Nar.” Die Afrikaanse weergawe (ook paragraaf 5) sien as volg daar uit: “Ek is by die Kirkwood-wildsfees om drie dinge te sien. **Toe ek dié drie items in ’n ry op die program sien, toe weet ek ek moet eenvoudig kom:** Koedoedrolspoeg, karatedemonstrasie en Ollie, die nar.” Verdere voorbeelde is “Probeer alles een keer, reken ek. Hoekom nie ...” (paragraaf 18); “My moed sak in my skoene” (paragraaf 31); “Ek’s in die eerste groep” (paragraaf 32); en “Ek spoeg weer” (paragraaf 43).

Dele word ook bygevoeg om die humor te versterk. Voorbeelde hiervan is “Een vir een, **skamerig, asof hulle aanmeld vir ’n sterkmankompetisie**, tree die deelnemers na vore” (paragraaf 15); “Ek het my boereklere aan vandag [...] almal kan sien ek is nie ’n regte boer nie.” (paragraaf 36); “soos ’n pap kettierek” (paragraaf 40); “terwyl ek kantlyn toe hink” (paragraaf 46); en “in die af seisoen” (paragraaf 54).

Verder word byvoegings gedoen om kleur aan die Afrikaanse teks te verskaf. Voorbeelde hiervan is “die Wimbledon-skare” (paragraaf 35), “kry net klaar” (paragraaf 41) en “en ek gaan soek iets om te eet” (paragraaf 53).

Twee dele word bygevoeg om aan die *Weg*-teks ’n eiesoortige Afrikaanse karakter te gee: “want dan is Ta te sag” (paragraaf 24) en “ou maat” (paragraaf 41).

Dele word ook bygevoeg ter wille van duidelikheid. ’n Voorbeeld hiervan is “Ek wys na die fles” (paragraaf 21). Dié deel maak dit duidelik waarna die vraag “Waar kom dit vandaan?” (paragraaf 21) verwys.

4.2.3.4.8 Aanpassings en herskrywings in *Weg*

Afgesien van die titels en die lokparagrafe wat verskil, is daar heelwat dele van *Go!* wat in *Weg* aangepas of herskryf word.

“Wet toilet paper” (paragraaf 7) word as “natgekoude bierbottleetikette” (paragraaf 8) vertaal, moontlik om die Afrikaanse teks ’n ‘Afrikaner-karakter’ te gee. Waarskynlik om dieselfde rede word “in search of a beer” (paragraaf 8) vertaal as “in die rigting van die **bier tent**” (paragraaf 9), omdat bier tente oor die algemeen baie gewild is by Afrikaanse feeste.

’n Paar pogings word aangewend om die Afrikaanse teks meer kleur te gee. In paragraaf 9 verskyn die volgende: “[T]he MC interrupts the music and announces that [...]”. Dit word vertaal as “kom **die stem fluitigerig** oor die luidsprekers” (paragraaf 10). Nog ’n voorbeeld is “the hundreds of people crowding around” (paragraaf 11) wat vertaal word as “wat nou tot ’n paar honderd **aangegroei** het” (paragraaf 15). Verder word paragraaf 15, “At least kudus are vegetarian”, tong-in-die-kies vertaal as “Organies, dus” (paragraaf 23). ’n Laaste voorbeeld verskyn in paragraaf 16: “Too old won’t do either, because then they disintegrate too easily.” Dié sin word vertaal as “Te oud **of te sag** beteken hulle gaan **in die lug uitmekaar val**, en disintegrasie **is die kampioenspoeger se grootste vyand**” (paragraaf 25).

Sommige dele word effens verander omdat daar nie ’n geskikte vertaalekwivalent beskikbaar is nie. ’n Voorbeeld hiervan verskyn in paragraaf 13: “[S]ome competitors are already picking out their **projectiles**.” Dit word vertaal as “Party deelnemers begin reeds daarin rondkrap op soek na **dié een wat die beste sal trek**” (paragraaf 19).

In paragraaf 37 word die inligting in die *Weg*-teks ietwat herskryf met tyddeiktiese implikasies: “Voetsek, ek het genoeg vriende! **het pas gespoeg** en **nou’s** dit my beurt.” In die Engelse teks lui dié deel: “Voetsek, *ek het genoeg vriende!* **is next** and **then** it’s my turn.” (paragraaf 27).

4.2.3.5 Gevolgtrekkings oor die operatiewe norme

Aan die hand van die praktiese ondersoek is dit duidelik dat daar, om verskeie redes, heelwat verskille tussen die BTT’e en DTT’e is. Die vertaalstrategieë wat by die herskrywing en manipulasie van tekste betrokke is, met ander

woorde aanpassings, byvoegings en weglatings, het veral sterk na vore gekom. Daar is baie gevalle waar idioome as 'gewone' uitings vertaal word en andersom, en waar figuurlike uitings niefiguurlik vertaal word en andersom. Verder verskil die grafika soms, asook die aantal paragrawe. By die herskrywing van tekste vir *Drum* het dit duidelik geword dat die tekste vereenvoudig word deur die woordkeuses en die situasies soms aan te pas en deur eenvoudiger leestekens te gebruik.

4.2.4 Samevatting

Uit die bespreking blyk dit duidelik dat Toury se norme toegepas kan word in die skep van *Huisgenoot*, *You*, en *Drum*, *Tuis* en *Home*, asook *Weg* en *Go!*. Daar is vasgestel dat daar heelwat beskermers en inisieerders betrokke is by die keuse van tekste wat geplaas en vertaal word. Al die tekste wat vertaal word, is oorspronklike tekste, met ander woorde dit is nie eers uit 'n ander taal vertaal nie. Die vertalers van die vyf tydskrifte onder bespreking streef die norme van die DT en DK na en nie die norme van die BTT en BK nie. Verder is dit duidelik dat die 'boodskappe' van die BTT'e na die DTT'e oorgedra word, maar dat daar baie verskille op mikrovlak is. Dié verskille kom voor omdat die vertalers en herskrywers poog om die tekste soos oorspronklikes te laat lees.

Afgesien van Toury se norme kan Chesterman se norme ook in verband gebring word met die skep van 'vertaalde' tydskrifte. Vervolgens word die rol ondersoek wat Chesterman se norme in *Huisgenoot*, *You*, en *Drum*, *Tuis* en *Home*, asook *Weg* en *Go!* speel.

4.3 Chesterman se norme

Soos in hoofstuk 2 genoem, lê Chesterman klem op twee soorte norme, naamlik verwagtingsnorme (sien 2.4.4.1) en professionele norme (sien 2.4.4.2). Hierdie norme word vervolgens op 'n praktiese vlak ondersoek.

4.3.1 Verwagtingsnorme

Verwagtingsnorme het te make met die verwagtings wat DTL's oor DTT'e het, met ander woorde verwagtings oor hoe vertalings behoort te lyk. DTL's sal eerstens verwag dat vertalings aan die konvensies en norme van die DT en DK sal voldoen. Ten tweede sal hulle verwag dat die onderwerpe waaroor die DTT'e handel gepas sal wees ten opsigte van hulle waardes, kultuur en ideologieë. In die derde plek sal hulle verwag dat die DTT'e duidelik, ondubbelsinnig en verstaanbaar sal wees. Ten vierde sal DTL's verwag dat die vertalers hulle (die DTL's) nie doelbewus sal mislei nie. In "Your stars" in *Drum* word die lesers egter mislei. "Your stars" in *You*, wat deur Petra du Preez geskryf word, word bloot aangepas vir *Drum*, maar Thandi Nkanyezi word aangetoon as die skrywer van die *Drum*-rubriek. Sy is in der waarheid die herskrywer.

Dit is belangrik om daarop te let dat DTL's se verwagtings deur verskeie aspekte beïnvloed word, naamlik deur hulle ouderdom, ras, geslag, sosiale stand, agtergrond, opvoedingspeil, ideologie, kultuurgroep (etniese groep), ensovoorts. Die profiel van die DTL's van *Huisgenoot*, *You*, en *Drum*, *Tuis* en *Home*, asook *Weg* en *Go!* word by 3.3 in detail bespreek.

Dit is duidelik dat die DTT'e wat by 4.2.3 onder die loep geneem is, naamlik "Sterreweek", "Be safe at the ATM", die redakteursbrief in *Home* en "Ek tree aan vir 'n potjie verspoeg", aan die konvensies en norme van die betrokke taal voldoen. Verder kan die onderwerpe waaroor dié tekste handel, asook die inhoud daarvan, as gepas en geskik beskou word vir die spesifieke lesers. Met die vertaling van hierdie tekste gebeur dit soms dat sekere dele nie heeltemal geskik is vir die 'nuwe' lesers nie. Sulke dele word dan bloot weggelaat. In die voorafgaande bespreking is daar heelwat voorbeelde van sulke weglatings (sien 4.2.3.1.3, 4.2.3.2.2, 4.2.3.3.5 en 4.2.3.4.6). Verder kan al die DTT'e onder bespreking as duidelik en ondubbelsinnig beskou word. Die onderskeie DTL's behoort dus daarby aanklank te vind. Verder bly die boodskap van elke DTT naby dié van die BTT. Dit is duidelik dat die DTT'e

onder bespreking aan die verwagtings van die DTL's behoort te voldoen. Die hoë sirkulasiesyfers wat volgehou word, bevestig dit.

4.3.2 Professionele norme

Hierdie norme word onderverdeel in drie subkategorieë, naamlik die verantwoordelikheds-, kommunikasie- en verhoudingsnorm.

4.3.2.1 Die verantwoordelikhedsnorm

Dit is 'n etiese norm waarvolgens vertalers verantwoordelikheid moet aanvaar vir hulle produkte. Vertalers moet al hulle besluite kan verklaar en dit kan regverdig. Verder moet hulle poog om lojaal te wees aan die rolspelers in die vertaalproses (sien 2.5.4). Aangesien hierdie studie nie op individuele vertalers fokus nie, is dit onmoontlik om te sê of die vertalers van die tekste wat by 4.2.3 ondersoek is, lojaal was teenoor al die rolspelers en of hulle hulle produkte kan regverdig.

4.3.2.2 Die kommunikasienorm

Volgens hierdie norm moet tekste op so 'n manier vertaal word, dat dit optimaal funksioneer in die DK. DTT'e moet dus deur die DTL's aanvaar word en hulle moet hulle daarmee kan vereenselwig.

Soos reeds genoem by die verwagtingsnorme (4.3.1), kan die DTT'e onder bespreking as geslaagde en funksionele tekste beskou word. Al vier tekste lees soos oorspronklike tekste en daar is geen aanduidings dat dit vertaal is nie. Al drie tydskrifpare streef immers daarna om tekste te skep wat 'lekker' en idiomaties lees (sien die aanvangsnorm by 4.2.2).

Die kommunikasienorm is ook waarneembaar by die herskrywing van *You*-tekste vir *Drum*. In “Your stars” (*Drum*) en “ATM scams” (*Drum*) blyk dit duidelik dat die herskrywers gepoog het om dié tekste op só ’n manier aan te pas, herskryf en vereenvoudig dat dit funksioneel sal wees.

4.3.2.3 Die verhoudingsnorm

Hierdie norm bepaal dat daar altyd ’n verhouding tussen ’n BTT en ’n DTT moet wees. So ’n verhouding kan verskillende grade van ekwivalensie hê.

Met die vergelyking van die tekste onder bespreking (sien 4.2.3) het dit duidelik geword dat die vertalers gepoog het om naby die BTT’e te bly. Die ‘boodskappe’ van die BTT’e stem op makrovlak ooreen met dié van die DTT’e, maar daar is heelwat verskille op mikrovlak.

4.4 Samevatting

Uit die bespreking blyk dit duidelik dat sowel Toury as Chesterman se norme toegepas en geïdentifiseer kan word in tydskrifvertaling in Suid-Afrika.

Volgens Toury se **voorbereidingsnorme** is daar verskillende beskermers en inisieerders wat ’n rol speel in die keuse van tekste wat geplaas en vertaal gaan word. Hierdie keuses berus hoofsaaklik op die behoeftes, verwagtinge en die profiel van die teikenlesers. Dit het ook aan die lig gekom dat die tekste wat van oorsese tydskrifte aangekoop word, oorspronklik in Engels geskryf is en nie eers uit ’n ander taal in Engels vertaal is nie. Wat die **aanvangsnorm** betref, is dit duidelik dat al drie tydskrifpare die norme en konvensies van die DT en DK nastreef ten einde tekste te skep wat soos oorspronklikes lees. Vertalers poog dus om aanvaarbare tekste te skep eerder as adekwate tekste. Die praktiese toepassing van die **operatiewe norme** het interessante verskille geopenbaar. Voorbeelde hiervan is niefiguurlike uitings wat as figuurlike

uitings vertaal word en andersom, idiome wat nie as idiome vertaal word nie en andersom, byvoegings, weglatings, herskrywings, ensovoorts.

Volgens Chesterman se **verwagtingsnorme** is dit duidelik dat die DTL's verwagtings het oor hoe vertaalde tekste moet lyk. Uit die bespreking blyk dit dat die DTT'e onder bespreking (sien 4.2.3) aan die verwagtings van die DTL's behoort te voldoen. Wat die **verantwoordelikeidnorm** betref is dit moeilik om vas te stel of die vertalers lojal was aan al die rolspelers in die vertaalproses, aangesien hierdie bespreking nie op individuele vertalers fokus nie. Die **kommunikasienorm** is met sukses nagestreef, aangesien die DTT'e duidelik en leesbaar is. Met die **verhoudingsnorm** is daar vasgestel dat die 'boodskappe' van die BTT'e en DTT'e ooreenstem, maar dat daar heelwat verskille op mikrovlak is.

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKING

5.1 Samevatting

Uit hierdie bespreking blyk dit duidelik dat kultuur wel 'n belangrike rol speel in die saamstel van vertaalde tydskrifte soos *Huisgenoot*, *You* en *Drum*, *Tuis* en *Home*, asook *Weg* en *Go!*. Op makrovlak word die keuse van artikels, rubrieke, advertensies, ensovoorts wat in tydskrifte verskyn, gemaak op grond van die lesers se kulturele agtergrond en hulle verwagtings. Die lesers moet hulle met die inhoud van die onderskeie tydskrifte kan vereenselwig, anders sal hulle nie dié tydskrifte koop nie. Wanneer tekste vir sustertydskrifte vertaal word, speel die betrokke lesers 'n rol in die mikrovlakverskuiwings wat tussen die onderskeie BTT'e en DTT'e aangetref word. Vertalers moet besluit watter BTT-segmente na die DTT'e oorgedra moet word, asook watter vertaalstrategieë en –metodes gebruik moet word ten einde funksionele DTT'e te skep wat tot die lesers spreek. Die lesers beïnvloed ook die keuses wat herskrywers maak. Hierdie studie het aangetoon dat *You*-tekste dikwels herskryf word vir *Drum*. In sodanige gevalle word die *You*-tekste aansienlik vereenvoudig sodat die *Drum*-lesers dit makliker kan lees en verstaan.

Ten opsigte van die lesers is daar veral nege sosiokulturele aspekte wat in ag geneem moet word wanneer tydskrifte geskep word, naamlik hulle geslag, ouderdom, ras, moedertaal, opvoedingspeil, lewenstandaardmaatstaf, maandelikse huishoudingsinkomste, werkstatus, asook hulle woongebied. Hierdie aspekte moet in gedagte gehou word wanneer daar op die inhoud van tydskrifte besluit word, sowel as wanneer mikrovlakkeuses gemaak word.

Afgesien van die lesers, speel die redaksies van die betrokke tydskrifte 'n rol in die skep van vertaalde tydskrifte. Die redaksielede is verantwoordelik vir die keuse van artikels, rubrieke, advertensies, ensovoorts wat in die onderskeie

tydskrifte verskyn. Hulle besluit ook watter tekste vertaal moet word en in watter gevalle nuwe tekste geskep moet word. Met betrekking tot tekste wat vertaal moet word, is die betrokke redaksieledere veronderstel om uitgebreide vertaalopdragte aan die vertalers te verskaf. Sodanige vertaalopdragte moet soveel moontlik inligting bevat oor die DTL's, asook oor die funksie wat die BTT'e in die DK'e moet verrig. In hierdie studie het dit aan die lig gekom dat daar selde vertaalopdragte aan die vertalers verskaf word. Indien vertaalopdragte wél voorsien word, is dit onvolledig en bevat slegs enkele riglyne. Uitgebreide vertaalopdragte sal vertalers in staat stel om meer geslaagde, funksionele tekste te skep.

Soos die lesers en redaksies speel die vertalers ook 'n belangrike rol in die skep van vertaalde tydskrifte. Tydskrifvertalers moet beseft dat hulle ideologieë en kultuur 'n invloed het op die keuses wat hulle maak en die manier waarop hulle tekste vertaal. Gevolglik moet alle vertalers 'n 'etiese kode' hê waarvolgens hulle te werk moet gaan, sodat hulle lojiaal sal wees aan die ander rolspelers in die vertaalproses.

In hierdie studie is daar bewys dat die vertalers van *Huisgenoot*, *You en Drum*, *Tuis en Home*, asook van *Weg en Go!* hulle goed van hulle taak gekwyt het, aangesien die DTT'e onder bespreking soos oorspronklike tekste lees. Die redaksiespanne van hierdie tydskrifte roem daarop dat elke tydskrif 'n eie 'stem' het en dat dié tydskrifpare nie bloot vertalings van mekaar is nie. Daar word baie moeite gedoen om vertaalde tekste soos oorspronklike tekste te laat lees. Gevolglik kan die vertaalde tydskrifte wat in hierdie studie ondersoek word, gewis in dieselfde klas geplaas word as ander Suid-Afrikaanse tydskrifte wat slegs in een taal verskyn. Vertaalde tydskrifte behoort dus nie 'n laer status te hê nie.

5.2 Verdere navorsingsmoontlikhede

Aangesien hierdie studie hoofsaaklik op die rol van kultuur in tydskrifvertaling fokus, is daar ruimte vir verdere navorsing op die gebied van tydskrifvertaling. Empiriese toetsing kan byvoorbeeld onder lesers gedoen word om vas te stel of die tydskrifinhoud wel aan hulle verwagtings voldoen. Verder kan kwalitatiewe evaluerende studies onderneem word na die gehalte van die vertalings. Daar kan ook navorsing gedoen word oor die vertaling van ander tipes media in Suid-Afrika. Enkele voorbeelde is internetkoerante, asook die vertaling van nuusbuletins en -berigte wat op televisie of radio uitgesaai word.

Bronnelys

- Agar, M. 1994. The intercultural frame. *International Journal of Intercultural Relations*, 2(18):221-237.
- Aksoy, B. 2001. Translation as rewriting: The concept and its implications on the emergence of a national literature. *Translation Journal*, 5(3).
Besikbaar: <http://accurapid.com/journal/17turkey.htm>. (datum afgelaai: 4 Junie 2008).
